DIE VRYE AFRIKAAN
Um-Afrika oKhululekileyo | Vir Afrika se gemeenskappe | For Africa's communities | Pour les communautés de l'Afrique
www.vryeafrikaan.co.za 18 November 2005

Hoe Suid-Afrika kan help om die energiekrisis op te los

OFSKOON OLIEPRYSE ALREEDS DIE UITERSTE ONTBERING VIR DIE ARMES IN TALLE AFRIKA-LANDE MEEBRING, GAAN DIT NA ALLE WAARSKYNLIKHEID NOG VERDER STYG. SUID-AFRIKA KAN EGTER SY AANSIEN EN INVLOED GEBRUIK OM MET SY BUURLANDE SAAM TE WERK OM TE VERHOED DAT LEWENSTAN-DAARDE NOG HAGLIKER WORD.

Deur Richard Douthwaite*

Die wêreldvraag na olie styg teenswoordig met net oor die 2% elke jaar. As ons hierdie verhoging in aanvraag vertolk in terme van sy bydrae tot die groeiende gaping wat deur die afname in voorraad geskep word, moet die wêreld elke enkele jaar nuwe energiebronne gelykstaande aan 4-5% van die wêreld se huidige olieproduksie ontwikkel, tot die ekwivalent van sowat 1,800 miljoen vate olie per jaar. Wanneer die wêreld se gaslewering dan in 2015 ophou om jaarliks genoegsaam toe te neem om in die groeiende vraag na daardie brandstof te voorsien, sou die nuwe energiebronne die jaarlikse groeitempo met 'n verdere 900 miljoen vate moet verhoog. Hierdie hoeveelhede is so groot dat die meeste waarnemers reken dit oorskry die perke van uitvoerbaarheid, wat waarskynlik die geval sal wees wanneer afwaartse (hiërargiese) tegnologieë aangewend word. Daar is byvoorbeeld bereken dat 6,700 kernkragstasies tussen 2015 en 2040 gebou sal moet word om die ekonomiese groei te kan volhou en om vir die daling in die olie- en gasvoorraad te vergoed. Dit kom neer op vyf kragstasies elke week. Om die geskikte terreine vir hierdie stasies en voldoende fossielenergie te vind om hulle te bou, sou feitlik onmoontlik wees, en selfs indien hierdie prestasie behaal sou word, sal daar steeds nie genoeg uraan wees om hulle in werking te kan stel nie. Teen die huidige betreklik geringe vlak van verbruik – daar is ongeveer 400 kernkragstasies ter wêreld – is daar slegs genoeg uraan vir 240 jaar. 'n Moontlike oplossing sou wees om kweekreaktors te bou wat meer kloofbare materiaal produseer as wat hulle gebruik, maar die meeste lande wat al probeer het om dit kommersieel te ontwikkel – insluitende die VSA, Brittanje, Duitsland en Rusland – het dit laat vaar. Selfs al sou hulle bevredigend gebou kon word, sou dit selfs meer fossielenergie kos om hulle te bou as die konvensionele stasies, en sou die kloofbare materiaal wat hulle sou produseer, hoofsaaklik plutonium wees, die dodelikste stof wat nog ooit deur die mens gemaak is. Omdat plutonium so toksies is en vir die vervaardiging van kernwapens gebruik kan word, bied plutoniumgedrewe reaktors 'n hoogs aantreklike terroristeteiken en is dit 'n uitermate gevaarlike manier om elektrisiteit op te wek. Die enigste werklik volhoubare energiebronne is die soort wat op die energievloei vanaf die son (son-, hidro-, wind-, golf-, biomassa-) en die swaarteaantrekking van die maan (die getye) gebaseer is. Hierdie energievloeie is baie groot vergeleke met die mensdom se energiegebruik. 'n Orkaan ontwikkel in sy lewensduur meer energie as wat al die mense oor die hele wêreld in 'n jaar gebruik. Hernubare bronne kan dus in die hele wêreld se energiebehoeftes voorsien, sowel nou as in die toekoms. Selfs met bestaande tegnologieë kan die hoeveelheid energie wat deur hernubare bronne gelewer word, 120 maal die huidige vlak wees (1). Die probleem is om hierdie bronne vinnig genoeg te ontwikkel om die gaping te vul namate dit vergroot.

---

* *Energie- en gemeenskapsekonoom, stigterslid van die Stigting vir die Ekonomie van Volhoubaarheid (FEASTA, www.feasta.org) en skrywer van* Short Circuit: Strengthening Local Economics for Security in an Unstable World *(Green Books, 1998)*

** *Hierde artikel is 'n verkorte weergawe van 'n lesing wat Douthwaite onlangs by 'n Suid-Afrikaanse kongres oor klimaatsverandering gehou het.* Die Vrye Afrikaan *bedank hom vir sy toestemming om dit in Afrikaans te publiseer. Die volledige Engelse weergawe is beskikbaar by www.feasta.org/documents/energy/October2005.htm*

Die vrees bestaan by baie dat dit ’n onmoontlike taak sal wees, omdat die sektor tans so klein is.

Watter uitwerking sal die afname in die wêreld se olie- en gaslewering op die wêreldekonomie hê?

Energieverbruik is grondliggend aan alles wat ons doen, en die teenswoordige vlak van wêreldlewering is slegs moontlik omdat fossielbrandstof beskikbaar is om ons produksie- en verspreidingstelsels te dryf. Die groeitempo in die wêreld se lewering hang ten nouste saam met die toenemende gebruik van olie. As gevolg hiervan sal ’n daling in die voorraad olie en gas wêreldekonomiese groei onmoontlik maak – trouens, dit is byna gewaarborg om die wêreldekonomie te laat krimp. Die rede hiervoor is dat die voorraad energie uit nuwe bronne, in samehang met die voordele van verbeterde energiebesparende tegnologieë, na alle waarskynlikheid nie genoeg sal wees om vir die afname in olie- en gasvoorrade te vergoed nadat die aanvanklike, maklike energiebesparings agter die rug is nie. Hoër energiepryse neig dus om besteding vanaf verbruik na die produksie van goedere vir uitvoer te verskuif (om vir die hoër koste van energie-invoere te betaal), en om kapitaalbelegging in energiebesparende en energieproduserende tegnologieë te kan bekostig.

Wat sal die einde van ekonomiese groei beteken?

Die ineenstorting van die wêreldekonomie. En dit is omdat die wêreld se geldstelsels almal hulle geldeenhede in sirkulasie het in die vorm van debiete. Wanneer hierdie debiete terugbetaal, of rente daarop betaal word, hou die geld wat aan die banke betaal is, op om te bestaan en moet nuwe debiete aangegaan word om dit te vervang ten einde handel op dieselfde vlak te kan hou. Dit is nie genoeg dat verlede jaar se terugbetalings deur nuwe lenings van vanjaar vervang word nie. Meer skuldinstrumente moet geskep word om die rente te vervang wat op die vorige jaar se lenings betaal is. Die probleem hiermee is dat as mense, firmas en/of regerings nie bereid is om vanjaar meer te leen as wat hulle verlede jaar geleen het nie, miskien omdat hulle reken hulle het alreeds genoeg geleen in verhouding tot hul inkomste, daar te min geld in sirkulasie gaan wees om handel maklik te maak, en die betrokke nasionale ekonomie sal in ’n resessie gaan. Groei, deurdat dit inkomstes verhoog, laat mense gemakliker daaroor voel om al hoe meer te leen, en gee hulle die ekstra kontantvloeie om bykomende betalings te bekostig. Dit is dus grondliggend aan die wyse waarop ons geldstelsels gestruktureer is. As ekonomieë nie groei nie, begin produksiekapasiteitsoorskotte as gevolg van vorige jare se beleggings voorkom. Maatskappye besnoei dus op verdere beleggings. Hulle leen minder, met die gevolg dat die geldvoorraad, wat op lenings gebaseer is, begin krimp. Minder geld in sirkulasie sny winste en bemoeilik handel, sodat daar nog meer besnoei word op beleggings. Hierbenewens verloor die mense wat aan die maatskappye se gekanselleerde projekte sou gewerk het, hulle werk en bestee en leen hulle ook minder, wat insgelyks die geldvoorraad en die vlak van ekonomiese aktiwiteit inkort. Meer werkverliese kom voor, en die ekonomie is op die randjie van ’n spiraal van agteruitgang. Die oplossing hiervoor is om ’n geldvoorraad wat begin krimp sodra nuwe lenings terugbetalings oorskry, te vervang deur geld wat deur die staat in aanskyn bestee word en wat in sirkulasie bly totdat dit uit sirkulasie geneem word deur in die vorm van belasting aan die regering terugbetaal te word. ’n Ekonomie met hierdie soort geldeenheid sou baie stabiel en beheerbaar wees, en goed in staat om die veranderings te absorbeer wat verlaagde fossielbrandstof sal meebring. Die agteruitgang van olie- en gaslewering beteken gevolglik dat die hele wêreld se geldstelsels verander sal moet word. Totdat dit gebeur, sal die noodwendigheid om te bly groei om ’n ekonomiese ineenstorting te voorkom, óf energiepryse laat eskaleer, óf regerings verplig om buite die mark te beweeg en militêre geweld te gebruik om hulle voorrade te bekom.

Watter uitwerking sal nóg hoër oliepryse op die armes hê?

In Augustus 2005 het David Mageria van Reuters ’n berig geskryf (2) met die hoofopskrif “Poor Africans hit hard by rising world oil prices” waarin hy skryf dat die koste van brandstof baie mense noop om lang afstande werk toe of skool toe te loop, honger te ly na gelang voedselpryse die hoogte inskiet, en om van kerse eerder as lampolie gebruik te maak om hul huise te verlig. Dit plaas ook druk op woude. “Because of the increase in the price of cooking gas, I have reverted to using firewood and charcoal,” het Melanie Ndoh, ’n staatsamptenaar en huisvrou in Kameroen Mageria meegedeel.

As fossielbrandstofpryse oor die komende jare verder styg, sal die wêreld se armes, veral die grondloses onder hulle, ernstig geknou word. Voedsel sal al hoe skaarser en duurder word vanweë die groot hoeveelheid energie wat deur geïndustrialiseerde landbou vereis word, en ook omdat groot gebiede grond waarskynlik uit voedselproduksie onttrek sal moet word om energiegewasse te produseer. Dit is feitlik seker dat ’n situasie sal ontstaan waarin die rykes – in watter land hulle ook al woon – hul motors op die paaie sal hou met brandstof wat geproduseer is deur die armes te laat verhonger. Alles wat die armes koop, sal duurder word, en daar is geen waarborg dat hulle inkomstes ooreenstemmend sal verhoog om tred te kan hou met die pryse wat hulle gevra sal word om te betaal nie. Boonop sal markpryse die armes die energie ontsê wat hulle nodig het om hulleself meer produktief in hul plaaslike ekonomieë te maak. Die markekonomie is eenmaal deur die Australiese skrywer, Ted Trainer, beskryf as “an ingenious device for ensuring that when things become scarce only the rich can get them”. Dit sal die geval wees met fossielbrandstof na gelang dit skaars word, tensy iets

gedoen word om dit te verhoed. Die rykes sal genoeg energie hê en dit op die een of ander manier gebruik om hulle rykdom en politieke mag te handhaaf. Daar was 'n versie oor die Maxim-geweer wat dit vir die Engelse moontlik gemaak het om Lobengula se impi's in 1893 by die veldslag van Shangani-rivier te verslaan sodat hulle Matabeleland kon oorneem: "Whatever happens we have got the Maxim gun and they have not". Dieselfde sal met energie gebeur, en mense sal sterf by gebrek daaraan. "Whatever happens we have got the energy and they have not." In 'n tyd van oorlog laat selfs regerings met onkreukbare regse geloofsbriewe nie die verspreiding van skaars, lewensbelangrike kommoditeite aan die vrye mark oor nie. In plaas daarvan stel hulle rantsoenering in. As ons die armes wil beskerm, is 'n wêreldwye stelsel van energierantsoenering nou nodig, voordat houdings onbuigsamer word namate die skaarste verskerp.

Hoe moet energierantsoenering aangevoor word?

Klaarblyklik sal internasionale optrede vereis word. Feasta stel voor dat Suid-Afrika die leiding neem en ander nasies moet nooi om by hom aan te sluit in die stigting van 'n fossielkopersorganisasie – kom ons noem dit die Koolstofklub – wat met die olie- en aardgasproduserende lande om voorrade kan onderhandel. Die klub en die produsente sou dan op 'n vaste prys besluit vir watter hoeveelhede olie en gas ook al elke jaar geproduseer kan word, en die kopersklub sal 'n stelsel ontwerp om die hoeveelheid van die twee energiebronne wat aangekoop word, onder die deelnemende lande te verdeel. Soortgelyke onderhandelings sou met die steenkoolproduserende nasies aanknoop word, want hoewel steenkool volop is, is die prys daarvan geneig om in navolging van dié van olie te styg. Afgesien hiervan sou dit rampspoedig vir die wêreld se klimaat wees as die wêreldekonomie steenkool sou gebruik om sy krimpende voorraad olie en gas te vervang. Die kweekhuisgasvrylating per eenheid gelewerde energie uit steenkool is veel groter as dié van die ander twee brandstowwe.

Hoe sou die Koolstofklub die olie, steenkool en aardgas versprei wat dit onderneem het om van die produsente te koop?

Die billikste benadering sou vir die klub wees om dieselfde toedelingsmetode te volg as wat voorgestaan is deur *Contraction and Convergence*, die toonaangewende voorstel vir 'n internasionale raamwerk om klimaatsverandering te beperk. C&C, 'n verstommend buigsame plan wat oor die afgelope twaalf jaar deur die Global Commons Institute in London ontwikkel is, gaan uit van die vertrekpunt dat almal 'n gelyke reg het om die atmosfeer as stortingsgebied vir sy of haar kweekhuisgasemissies te gebruik. Gevolglik, indien die klub C&C gebruik, sou dit die totale hoeveelheid kweekhuisgasse bereken wat in die atmosfeer vrygelaat kan word sonder om katastrofiese klimaatsverandering teweeg te bring. Hierdie hoeveelheid sou 'n omvattende perk plaas op die totale koolstofinhoud van die fossielbrandstowwe wat verbrand kan word voordat die wêreld sy vrylating daarvan tot die perk verlaag het waar dit nie meer in die atmosfeer versamel nie, en die mensdom gevolglik opgehou het om die planeet te laat verwarm. Die jaarlikse persentasiekoers waarmee globale fossielbrandstofverbruik van sy huidige vlak verlaag moet word, sal dan bereken word. Dit sal teikens stel vir die maksimum vlak koolstofemissie uit fossielbrandstofverbruik vir elke jaar.

As daar gelykheid in die wêreld was, sou die jaarlikse hoeveelheid vir enige jaar gelykop per capita onder die menslike bevolking verdeel word. Elke kwart van elke jaar sou elke mens in die wêreld 'n individuele rantsoenkoepon ontvang wat hom of haar daarop geregtig maak om watter hoeveelheid ook al aan fossielbrandstof wat sy of haar deel van die toelaatbare gewig aan kweekhuisgas wat vir daardie jaar toegeken is, te verbrand. Hulle sal natuurlik nie op die brandstof self geregtig wees nie, maar hulle rantsoenkoepons kan verhandelbaar wees, en diegene wat dit ontvang, sou dit verkoop soos hieronder verduidelik word. Hierdie stelsel van toedeling, hoewel gelyk, sal egter nie baie billik wees nie, omdat mense wat in sekere wêrelddele woon, struikelblokke het om te oorkom voordat hulle ewe gerieflik op hulle vryslatingsrantsoen kan leef as ander mense elders. Daarom wyk Feasta af van die standaard C&C-hantering met sy voorstel dat almal vir die eerste sowat twintig jaar vandat C&C van stapel gestuur is, dieselfde toekenning elke jaar moet ontvang, maar teen die koers wat vir jaar 20 toepaslik sou wees. Oorblywende permitte gaan na 'n "konvergensiefonds" wat deur die klub volgens 'n internasionaal ooreengekome, deursigtige stel kriteria aan nasionale regerings toegeken word. Die nasionale regerings sou dan hul permitte verkoop om fondse in te samel vir projekte wat hulle lande in staat sal stel om die oorgang na laer fossielenergieverbruik oor te skakel. Permitte kan byvoorbeeld aan lande toegeken word omdat hulle die energiedoeltreffendheid van hul geboue en vervoerstelsels moet verbeter, of om voorsorg te tref teen die toenemende storms, droogte of stygende seevlakke wat deur klimaatsverandering meegebring word. Of anders sou hulle daarvoor kon kwalifiseer omdat hulle 'n groter behoefte as ander lande het om hulle nywerhede in staat te stel om na nuwe, lae-energie-tegnologieë oor te skakel. Vanselfsprekend sal die grootte van die konvergensiefonds elke jaar daal totdat dit in jaar 20 heeltemal wegval. Daarna daal elke individu se emissietoedeling jaarliks, sodat die totale getal permitte wat wêreldwyd uitgereik word 'n afwaartse lyn sal volg tot waar die beoogde konsentrasieteiken behaal word.

Kan so 'n stelsel ooit ingestel word? Die politieke realiteit is dat so 'n stelsel slegs ingebring kan word en na sy ingebruikstelling kan werk indien dit in sowel die kort- as langtermynbelang van al die deelnemers is. Die belange van sowel energieverbruikers as energieprodusente kom daarop neer dat die prys van fossielenergie nie so onbeheersd moet skommel dat dit

die wêreldekonomie in duie laat stort nie, maar eerder stabiel moet bly of teen 'n voorspelbare en matige tempo moet styg. Dit sou deur 'n ander deel van die C&C-pakket bewerkstelllig word wat ons nog nie bespreek het nie – die instelling van 'n wêreldgeldeenheid, die ebcu (emission-backed currency unit / emissiegerugsteunde geldeenheid) wat gebruik kan word om die vlak van wêreldwye ekonomiese aktiwiteit te verstel sodat energiepryse stabiel is in terme van die internasionale geldeenheid, maar in terme van nasionale geldeenhede kan verskil. Die nuwe geldeenheid sou deur die klub uitgereik en aan lidregerings toegeken word volgens die grootte van hul bevolkings, wat sodoende dié met 'n swaar skuldlas in staat sal stel om al hulle internasionale lenings terug te betaal. Die ebcu sou die dollar, die pond, die euro en die ander reserwegeldeenhede vervang vir die doeleindes van alle internasionale handelstransaksies tussen klublede, met inbegrip van die handel in die emissiepermitte wat deur die klub uitgereik word. Die gebruik hiervan sal een van die groot distorsies in die teenswoordige wêreldekonomie uitskakel – die vermoë van die VSA en, in mindere mate, Brittanje om vir hulle invoere te betaal in geld wat albei lande self geskep het, en daardie geld dan met rente op die lening in nogmaals selfgeskepte geld terug te leen. Hierdie vermoë het die VSA in staat gestel om 'n tekort teen sy lopende betalingsbalansrekening op te loop oor 'n tydperk van meer as twintig jaar. Dit is die rede waarom dit 'n supermoondheid is. Die VSA voer tans goedere ter waarde van $800 miljard elke jaar in, 'n derde van sy invoere, sonder om enigiets daarvoor te betaal wat hom werklike hulpbronne gekos het om te skep. Die skuld wat dit oor die 20 jaar opgeloop het, $2,484 miljard teen die einde van 2004, en die ekwivalent van die helfte van die wêreld se spaargeld – word dalk nooit terugbetaal nie. Die vervanging van die dollar deur die ebcu sou hierdie massiewe voordeel van die VSA uitskakel – wat die eurosone baie hard probeer regkry. Voor die ebcu uitgereik word, sou die klub dan aankondig dat hy, indien die prys van emissiepermitte bo 'n sekere vlak styg, meer permitte te koop sal aanbied, maar die ebcu's waarmee dit gekoop word, permanent uit sirkulasie sal verwyder. Namate die wêreldhandelsvolume wat dit kan absorbeer, bepaal word deur die hoeveelheid van die internasionale geldeenheid wat beskikbaar is om dit te finansier, sal die verlies van hierdie ebcu internasionale handel aan bande lê. Op sy beurt sal dit wêreldenergieverbruik verlaag, en daarmee saam die prys wat vir emissiepermitte betaal word. Aan die ander kant, as die prys van emissiepermitte neig om te daal, kan die klub óf minder permitte die volgende jaar uitreik, óf permitte op die mark self koop en sodoende meer ebcu's in sirkulasie stel en die wêreld se energievraag verhoog. Dit sou dus 'n heel eenvoudige saak wees om die ebcu-prys van emissiepermitte op 'n konstante vlak te hou. Dit sou stabiliteit verleen aan die ganse wêreldekonomie. Trouens, as die ebcu-prys wat fossielenergieprodusente ontvang ook vasgestel word, sal almal altyd weet presies hoeveel ebcu's hulle vir hul energie sal moet opdok.

Wat hulle nie gaan weet nie, is wat die prys van die ebcu in terme van hul nasionale geldeenheid gaan wees. Daar sal tussen laasgenoemde en die ebcu 'n swewende wisselkoers wees, een wat deur vraag en aanbod bepaal word. Lande wat gou na hernubare energiebronne oorskakel en gevolglik nie so baie emissiepermitte hoef te koop nie of hulleself ekstra gee om te verkoop, sal goed vaar. Hulle geldeenhede sal sterk wees en hulle sal vind dat invoer goedkoop is. Ander lande sal weer agterkom dat dit hulle al hoe meer in terme van hulle nasionale geldeenheid kos om hul ingevoerde energie te koop, wat vir hulle 'n sterk aansporing sal wees om ook na hernubare energiebronne oor te skakel. Sonder monetêre hervorming op beide nasionale en globale vlakke sal die druk om voort te gaan met die gebruik van al meer fossielenergie elke jaar – wat omrede die olie- en gaspryspieke slegs steenkool kan beteken – om te verseker dat die nasionale ekonomie nie ineenstort nie, enorm en waarskynlik onweerstaanbaar wees. As gevolg hiervan sou dit feitlik onmoontlik wees om 'n doeltreffende wêreld-fossielbrandstofrantsoenerings- en klimaats-emissiebeheerooreenkoms in werking te stel, en as dit wel gedoen word, sou dit waarskynlik in duie stort. Dus, terug na die vraag: sou regerings instem tot die instelling van 'n energierantsoeneringstelsel volgens die patroon wat beskryf is? Moontlik sal hulle, want die alternatief is om niks omtrent klimaatsverandering te doen nie, en om die risiko te loop dat die wêreldekonomie in 'n ernstige depressie kan verval wat baie jare mag voortduur.

Waarom sou die steenkool-produsente bereid wees om saam te werk?

Steenkoolmynmaatskappye sal slegs by die skema aansluit as hulle deur hul regerings verplig word om dit te doen, ondanks die feit dat hulle 'n gewaarborgde, billike prys vir 'n vaste hoeveelheid steenkool sal ontvang. Die wêreldsteenkoolproduksie is slegs in 'n paar lande gekonsentreer en Sjina en die VSA maak meer as die helfte hiervan uit. Die gesindheid van albei regerings sou dus deurslaggewend wees. Daar kan verwag word dat Sjina by die Koolstofklub sal aansluit omdat sy mense, veral op die platteland, geweldig by die verkoop van hul toedeling van emissiepermitte sal baat, terwyl hulle voorspoed florerende markte vir sy vervaardigers sal skep. Dieselfde geld vir Suid-Afrika, Indië en Indonesië. Maar wat van die VSA en ander ryk lande? Ja, hulle fossielenergievoorrade sal hulle meer kos, maar dit is in elk geval onvermydelik as gevolg van die energieskaarste, en die klubreëling sal minstens verseker dat hulle 'n stabiele besigheidsomgewing en goeie uitvoermarkte vir hulle gevorderde produsente het. Ewe belangrik is dat hulle werkloosheidsyfers laag gehou sal kan word.

Wat is die vooruitsig as hierdie idees nie aanvaar word nie?

Die grootste onmiddellike gevaar wat energierant-soenering uit die weg sal ruim, is die gevaar wat deur die huidige onbeheerde oliemark geskep word. Dit is naamlik dat energiepryse so vinnig sal styg dat dit 'n

inflasie gaan ontketen wat die sentrale banke nie sal kan ignoreer nie, en dat die hoër rentekoerse wat die banke gaan hef, die wêreldekonomie in 'n depressie sal dompel. Wanneer die depressie investering tot stilstand gebring en die vraag gedaal het omdat al die mense wat aan investeringsprojekte gewerk het, hulle werk verloor het, sal dit uiters moeilik wees om die wêreldekonomie weer tot sy volle kapasiteit te laat werk. So 'n depressie kan dus 10-20 jaar duur. Die meeste banke sal in diep moeilikheid wees, en die wêreld- finansiële stelsel kan ineenstort. Lewenstandaarde sal oral val, en daar sal toenemende hongersnood en ellende wees. As hierdie scenario vermy word en die wêreldekonomie bly uitbrei, is die vooruitsigte ewe somber. Die prys van fossielbrandstof kan na verwagting bly styg namate die gas- en oliereserwes uitgeput raak, en honderde miljoene mense kan te ernstig verarm om die energie te bly koop waarop hulle vir koskook, verligting en verwarming staatmaak. Hulle voedsel kan ook al hoe duurder word. Bowendien, as die een of ander vorm van fossielbrandstofrantsoenering nie ingestel word om die mensdom se kweekhuisgasemissie te beperk nie, sal die aarde se klimaat steeds agteruitgaan. Storms gaan al meer dikwels voorkom, seevlakke gaan bly styg, en reënvalpatrone sal verskuif en sodoende krisisse in die meeste groot stede van die wêreld veroorsaak. As klimaatveranderingsverwante skade teen sy huidige tempo bly toeneem, kan dit in die bestek van 50 jaar die ekwivalent van die wêreld se totale jaarlikse produksie elke jaar uitwis.

Wat is die slotsom? Die piek van die aarde se olie- en gasproduksie sal 'n dramatiese verandering in die wêreldekonomie teweeg bring. Die uitdaging is om daardie verandering so te vorm en te bestuur dat die uitwerking daarvan eerder positief vir almal as enorm rampspoedig vir almal behalwe die heel rykstes is. Die maatreëls wat regerings en NRO's behoort te oorweeg, moet op die skaal van daardie uitdaging wees. 'n Energierantsoenering wat die wêreldekonomie meer stabiel kan maak en voorspoed aan armer lande kan besorg, is een van hierdie maatreëls. 'n Ander een sou wees om die wyse te verander waarop geld nasionaal en internasionaal uitgereik word. Hoewel albei 'n radikale afwyking sal meebring in die stelsels wat ons ken, is daar alles te sê vir die spoedige lansering van die Koolstofklub (Carbon Club) en die aanvaarding van C&C-gebaseerde energierantsoenering, want hoe langer die wêreld hiermee talm, hoe minder hulpbronne sal dit hê om te verdeel. Daar is geen rede om te wag totdat die Koolstofklub in plek is voordat daar opgetree kan word nie. Suid-Afrika kan onmiddellik met energierantsoenering begin. Dit kan aan elke volwassene 'n rantsoeneringskoepon uitreik volgens die beginsel dat die totale rantsoen vir 2006 net minder as die verwagte CO2-emissie vir die jaar moet wees. In elke daaropvolgende jaar kan die emissierantsoen met sowat 2% besnoei word. Deelnemers kan hulle koepons aan die banke verkoop, wat dit aan besighede kan verkoop wat nodig het om fossielbrandstowwe te koop. Dit sal drie voordele meebring. Dit sal die Suid-Afrikaanse nywerheid en die publiek verplig om meer energiedoeltreffend te wees. Dit sal die land goed te pas kom namate die wêreldprys vir fossielbrandstowwe styg. Verder kan die tegnieke wat die nywerheid ontwikkel het moontlik 'n mark in die buiteland vind, soos wat die Deense regering se aansporing van sy windkragbedryf die onkoste oor en oor vergoed het in die vorm van uitvoerverkope. Die koste om die koepons te koop wat vir die aankoop van fossielenergie nodig is, kan van jaar tot jaar styg na gelang die grootte van die totale nasionale rantsoen daal. Die inkomste uit die verkoop van die koepons sal aan elke volwassene 'n Basiese Inkomstetoelaag besorg waaruit die armste mense die grootste voordeel sal trek. Namate die prys van fossielenergie sou styg as gevolg van die stygende koste om die koepons te koop om die energie te kan aankoop, sal dit finansieel aantreklik raak om hernubare energiebronne te ontwikkel. Omdat baie hiervan slegs op 'n plaaslike vlak ontwikkel kan word, sal die voordele hiervan oor die hele land verdeel word.

---

1. Thomas B. Johansson, Kes McCormick, Lena Neij, Wim Turkenburg, Januarie 2004, Bonn Internasionale Konferensie vir Hernubare Energieë. Aangehaal in *Mirage and Oasis*, New Economics Foundation, Londen, Junie 2005.
2. Die artikel het op Vrydag 26 Augustus, 2005 verskyn. Dit kan gelees word by http://za.today.reuters.com/news/NewsArticle.aspx?type=topNews&storyID=2005-0826T090109Z_01_ALL632366_RTRIDST_0_OZATP-AFRICA-OIL-20050826.XML

Daar is lewe anderkant Jordan

Enkele weke gelede het die Minister van Kuns en Kultuur, dr. Pallo Jordan, hom skuldig gemaak aan wat Breyten Breytenbach elders in hierdie uitgawe as "rassistiese haatspraak" beskryf, toe Jordan protes oor die agteruitgang van Afrikaans afgemaak het as komende van "witmense".

In 'n daaropvolgende onderhoud met hom wat *Rapport* op 30 Oktober 2005 gepubliseer het, het Jordan hierdie uitlatings herhaal. Hy het bygevoeg dat hy nooit sulke klagtes van "swart of bruin Afrikaanssprekendes" hoor nie; dat taal misbruik word om "ander rasse" uit "wit" instellings te hou; en dat eerder as om vir 'n "enkele Afrikaans-oorheerste instelling" met betrekking tot die Universiteit Stellenbosch te staan, Afrikaanstaliges hulle moet beywer vir tweetalige onderrig aan 'n verskeidenheid instellings.

Dit is nie die moeite werd om te veel aandag aan Jordan se vergesogte uitsprake te bestee nie, buiten om kortliks te vermeld dat hy die rassekaart op die vulgêrste wyse denkbaar speel; dat hy kennelik totaal uit voeling is met hoeveel Afrikaanse intellektuele van watter "kleur" ook al die afgelope jare standpunt oor die agteruitgang van Afrikaans ingeneem het; en dat hy die staat se vuil hande met taalvernietiging die afgelope dekade in onskuld was deur die staat se verantwoordelikheid vir die taal se welstand te abdikeer. Om die waarheid te sê, is sy beroep op die byeenkomste van bruin en swart Afrikaanssprekendes, wat hy glo gereeld bywoon en waar niemand oor Afrikaans kla nie, net so vergesog soos President Mbeki se onlangse bevraagtekening van werkloosheidsyfers op grond van die feit dat hy self nie die werkloses in die strate sien nie.

'n Mens kan byvoeg dat Dr. Jordan met hierdie uitsprake sy oorspanne reputasie as belangrike intellektueel in die ANC nogmaals van alle waarheid ontbloot, maar wat van groter belang is, is die duidelike boodskap wat dit aan Afrikaners in die besonder en die Afrikaanse wêreld in die algemeen stuur.

Hierdie boodskap is dat die staat geensins van plan is om op Afrikaanse (of enige ander taal-) klagtes ag te slaan nie, en dat die omvorming van die samelewing na die beeld van die Afronasionalistiese staat, anders bekend as "transformasie", onverbiddelik sal voortstorm. Verskeie Afrikaanse kommentators, waaronder Koos Malan, het al herhaalde male daarop gewys dat rasgedrewe transformasie uiteindelik tot die verengelsing van instellings lei.

'n Goeie voorbeeld hiervan is te vinde in 'n uittreksel uit 'n dokument van die Universiteit Stellenbosch wat onlangs in *Die Vrye Afrikaan* se besit gekom het. Die dokument is opgestel deur 'n taakspan van die US en dit vorm deel van die "US-sakeplan 2004-2006". Onder die opskrif "Project 3: US Sakeplan 2004-2006" staan (in Engels) geskryf: "25% of professors from the designated groups by 2006; 35% by 2012. Description of the project: Ensure that 25% of permanent US professorships (in any of the categories of Research Professor, Professor or Associate Professor) be appointed from the designated groups by 2006 and 35% by 2012. (In September 2003 18% of these appointments were from the designated groups). Based on present appointments, this means that 19 appointments of this kind will have to be made in the next three years and an additional 29 in the following six years. Over time, the emphasis should be increasingly on the appointment of black academics."

In gewone Afrikaans: die aanstelling van personeel aan 'n Afrikaanse instelling word nie op grond van taal nie, maar op grond van ras gedoen. Dit is presies die pad wat die Universiteit van Pretoria die afgelope jare gevolg het, en dit het twee regstreekse gevolge gehad: eerstens is die universiteit op 'n skynbaar onomkeerbare pad van verengelsing geplaas, met 72% van kursusse wat nou in Engels aangebied word; tweedens is rassespanning by die universiteit dramaties verhoog. Daar is geen rede waarom die US 'n uitsondering op hierdie reël sal wees nie.

In sy onderhoud met *Rapport* het Jordan dit eintlik duidelik gemaak dat hy geen erg het aan Afrikaners se besware oor taal nie, waarmee hy volledig in pas is met dergelike uitsprake deur regeringslui, ook oor sake soos regstellende aksie. Enige sodanige klagtes van Afrikaners word eenvoudig verbind met rassisme, 'n sindroom van magsverlies, neo-apartheid en watter ander gedrogte ook al.

Afrikaners kan hieroor in sak en as gaan sit, of hulle kan tot die slotsom kom dat waar dit oor dinge soos taal, erfenis en werk gaan, hulle eintlik op hulself as gemeenskap aangewese is. Die ironie van die regering se benadering is: deur hierdie soort klagtes as ras- of etniesgebaseerd af te maak, dwing hy Afrikaners eintlik juis om as etniese groep te mobiliseer, met al die gevare én moontlikhede daaraan verbonde. Dit speel ook in die hande van daardie Afrikaners wat op eng, etnosentriese wyse oor hul probleme nadink, en dit plaas die onus op postnasionale Afrikaners wat nie met 'n geslote etnisiteitsopvatting werk nie, maar wat ook nie skaam is vir wie hulle is nie, om op demokratiese wyse aan die verwesenliking van hulle wêreld aandag te gee.

Hieroor is al herhaalde male skeppend in *Die Vrye Afrikaan* geskryf, en ons is van plan om dit ook nog meer in die toekoms te doen, want soos die verwoestende gevolge van die nuwe rassemeesterplan van Suid-Afrika se Afronasionaliste al hoe duideliker word, sal Afrikaners, armes, Vigslyers, werkers en ander uitgeslotenes van hierdie projek moet saamstaan om te werk aan 'n demokratiese politiek van die toekoms.

LE MONDE diplomatique

Ekofascisme of ekodemokrasie

Op weg na negatiewe groei

OP 14 SEPTEMBER HET DIE AMERIKAANSE NASIONALE OSEANIESE EN ATMOSFERIESE SENTRUM AANGEKONDIG DAT SEPTEMBER DIE WARMSTE MAAND OP DIE PLANEET WAS SEDERT WETENSKAPLIK REKORD GEHOU WORD VAN TEMPERATURE (1880). VYF DAE LATER HET DIE INTERNASIONALE WETENSKAPSRAAD GEWAARSKU DAT DIE WÊRELD MEER DODELIKE NATUURRAMPE AS GEVOLG VAN TOENEMENDE AARDVERWARMING GAAN BELEEF. DIE EMISSIE VAN KOOLSTOFGASSE, DIE BESOEDELING VAN DIE LUG, DIE VERBRUIK VAN NIEHERNUBARE BRONNE EN VAN WATER… HOE KAN DEUGSAME SIKLUSSE VAN NEGATIEWE GROEI WAT MAATSKAPLIKE GEREGTIGHEID WAARBORG EN WAARSONDER DIE MENSDOM TOT WANORDE VERDOEM IS, BEGIN WORD?

Deur Serge Latouche*

Die bouprojek vir ’n outonome en “ekonome” samelewing geniet groot aanhang, selfs al marsjeer sy voorstanders onder verskillende baniere: negatiewe groei, teenproduktiwisme, herkwalifiseerde ontwikkeling, selfs volhoubare ontwikkeling. Die antiproduktiwistiese slagspreuk wat deur die Groenes uitgedink is, stem byvoorbeeld presies ooreen met wat die “groei-beswaardes” onder negatiewe groei verstaan (1).

’n Soortgelyke ooreenkoms is merkbaar in die stellinginname van Attac wat, in een van sy brosjures, pleit vir “ewolusie na ’n progressiewe, berekende afname in materiële groei, onder spesifieke maatskaplike voorwaardes, as eerste tree om negatiewe groei teweeg te bring in alle vorms van verwoestende plunderproduksie” (2).

Dit is duidelik nie net voorstanders van negatiewe groei wat so eensgesind is oor waardes wat tot ’n noodsaaklike “herevaluering”(3) moet bydra nie: ook sekere kampvegters vir volhoubare ontwikkeling of alternatiewe ontwikkeling maak soortgelyke uitsprake (4). Almal is dit eens dat die impak op die omgewing drasties verminder moet word, en die res sou hulle graag onbeskroomd skaar by wat John Stuart Mill in die middel van die 19de eeu geskryf het: “Alle menslike bedrywighede wat nie ’n onredelike verbruik van onvervangbare stowwe meebring, of wat nie die omgewing onomkeerbaar skaad nie, mag onbeperk ontwikkel. In besonder kan dié bedrywighede wat deur die meeste mense as die wenslikste en bevredigendste beskou word – opvoeding, kuns, religie, fundamentele navorsing, sport en menslike verhoudings – dus floreer.” (5)

’n Mens kan nog verder gaan. In wese, wie is gekant teen die bewaring van die planeet, die behoud van die omgewing, die beskerming van die fauna en flora? Wie is ten gunste van klimaatsontwrigting en die verwoesting van die osoonlaag? In ieder geval geen politieke leier nie. Daar is selfs maatskappydirekteurs, lede van topbestuur en ekonomiese besluitnemers wat ten gunste van ’n drastiese koersverandering is ten einde ons spesie van ’n ekologiese en maatskaplike krisis te red.

’n Mens sal dus noukeuriger moet vasstel wie die teenstanders van ’n politieke program vir negatiewe groei is, watter struikelblokke daar vir sy implementering is, en laastens, die politieke vorm wat ’n *eko-versoenbare* samelewing sal aanneem.

I. Wie is die “vyande van die volk”?

Om ’n gesig aan die teenstander te gee, is netelig, aangesien ekonomiese liggame soos transnasionale maatskappye wat oor die beginsel van mag beskik, van wese uit nie in staat is om dit direk uit te oefen nie. Soos Susan Strange opmerk: “Sommige van die Staat se belangrikste verantwoordelikhede in ’n markekonomie (...) word vandag deur niemand behartig nie.”(6) Aan die een kant is “Big Brother” anoniem, aan die ander kant is die onderdane se diensbaarheid meer *vrywillig* as ooit tevore, die advertensies se manipulasie is oneindig verraderliker as dié van propaganda... Hoe, gesien die omstandighede, kan die megamasjien dan “polities” die stryd aangesê word?

Die tradisionele antwoord van ’n bepaalde verlinkse groepering lui so: een entiteit, by name “kapitalisme”, is die bron van alle struikelblokke en al ons onmag. Is negatiewe groei moontlik sonder om daaruit weg te breek? (7) In die antwoord moet alle dogmatisme vermy word, ten einde die gevaar te vermy om die struikelblokke mis te vat.

---

* *Emeritus professor in ekonomie aan die Universiteit van Orsay, groei-beswaarde.*
** *Uit Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois <sonyavs@yahoo.com>*

Die Wuppertal Instituut het hom daarvoor beywer om 'n aantal "wen-wen"-spelsituasies tussen natuur en kapitaal voor te stel, soos die Negawatt-scenario, wat daarop gemik is om energieverbruik met driekwart te verminder terwyl steeds in dieselfde behoeftes voorsien word. Belastings, standaarde, bonusse, aansporings, oordeelkundige subsidies, kan as aansporing dien vir prysenswaardige gedrag en sodoende grootskaalse vermorsing voorkom. Vergoedingstelsels vir geboue wat nie soseer op die koste van die bouwerk as op die energiedoeltreffendheid van die konstruksie berus nie, is met sukses in Duitsland beproef. Wat 'n hele verskeidenheid privaat besittings betref (fotostaatmasjiene, yskaste, motors, ens.), kan eiendom deur huur vervang word ten einde die koorsagtige gejaag na nuwe produksie te stuit en voortdurende herwinning in die hand te werk. Maar sal dit help om die "terugkaatseffek", dit wil sê die groei wat die uiteinde van materiële verbruik is, teen te werk? Dit is glad nie 'n uitgemaakte saak nie.

'n Eko-versoenbare kapitalisme is teoreties denkbaar, maar onrealisties in die praktyk. Dit sou in der waarheid streng regulering verg, sy dit dan net om 'n vermindering van die omgewingsimpak af te dwing. Oorheers deur reuse transnasionale firmas wend die alomteenwoordige markekonomie hom nie sonder meer tot die "deugsame" weg van die eko-kapitalisme nie. Soos masjiene wat dividende uitpomp, gesigloos en funksioneel, skroom hulle nie voor rooftegnieke in die afwesigheid van beperkings nie. Selfs as voorstanders van selfregulering, kort die leiers die middele om dit af te dwing op *free riders*, dit wil sê die groot meerderheid, geobsedeer met korttermyn maksimisering van waarde vir die aandeelhouer. Indien 'n instansie oor hierdie reguleringsmag sou beskik (staat, volk, sindikaat, nieregeringsorganisasie, Verenigde Nasies, ens.), sou dit hom onomwonde mag gee en sou hy die maatskaplike spelreëls kon herskryf. Hy sou, anders gesê, die samelewing kon "herinstitueer".

Gewis sou 'n mens kon voorstel en wens dat mag in 'n mate deur mag beperk word, soos in die era van Keynes-Fordisme en sosiaal-demokratiese regulering. Die klassestryd blyk (vir tyd en wyl?) buite werking te wees. Die probleem is dat kapitaal as oorwinnaar daaruit getree het, bykans met al die louere weggeloop het, en dat ons magteloos, selfs onbelangstellend, toegekyk het op die laaste dae van die Westerse arbeidersklas. Ons beleef nou die triomf van die "omni-kommodifisering" van die wêreld. Alomteenwoordige kapitalisme kan nie anders nie as om die planeet te vernietig, net soos wat dit die samelewing vernietig, aangesien die verbeeldings-grondslag van die marksamelewing berus op oormaat en oorheersing sonder perke.

'n Samelewing van negatiewe groei kan dus nie voorgestel word sonder om uit kapitalisme weg te breek nie. Maar hierdie gerieflike stelling dui op 'n historiese evolusie wat allesbehalwe eenvoudig is ... Die eliminering van kapitaliste, verbod op die privaat besit van produksiegoedere, die afskaffing van die salarisverhouding of van geldeenhede, sal die samelewing in 'n chaos dompel met 'n gepaardgaande, grootskaalse terrorisme wat nogtans nie voldoende sal wees om die markbehepte verbeeldingsidioom te vernietig nie. Om te ontsnap uit ontwikkeling, die ekonomie en groei beteken dus nie om al die maatskaplike instellings wat deur die ekonomie geannekseer is (geldeenheid, markte, selfs die salariaat), prys te gee nie, maar om hulle te "her-plaas" binne 'n ander logika.

II. Wat staan ons te doen? Hervorming of rewolusie?

Eenvoudige maatreëls, wat op die oog af onbeduidend mag lyk, kan 'n positiewe kringloop van negatiewe groei op tou sit (8). 'n *Hervormingsgerigte* oorgangs-program wat in 'n paar punte saamgevat kan word, sou daaruit bestaan om "verstandige" gevolgtrekkings uit die voorafgaande diagnose te maak. Byvoorbeeld:

- deur 'n omgewingsimpak terug te vind wat gelykstaande aan of kleiner as 'n planeet is, met ander woorde 'n materiële produksie gelyk aan dié in die jare 1960-1970;
- deur vervoerkoste te internaliseer;
- deur bedrywighede te hervestig;
- deur kleinboerdery in ere te herstel;
- deur die "produksie" van verhoudingsgoedere te stimuleer;
- deur energievermorsing te kwarteer;
- deur advertensieuitgawes streng te penaliseer;
- deur 'n moratorium op tegnologiese innovering uit te roep, 'n ernstige bestekopname te doen en wetenskaplike en tegniese navorsing in tred met nuwe verwagtinge te heroriënteer.

Aan die kern van dié program lê die internalisering van "eksterne, teenekonomiese" verkwisting (skade veroorsaak deur die bedrywighede van 'n agent wat die koste daarvan op die gemeenskap afwentel), iets wat in beginsel in pas met ortodokse ekonomiese teorie is, en wat die geleidelike daarstelling van 'n samelewing van negatiewe groei moontlik sal maak. Die koste van enige ekologiese en maatskaplike disfunksie behoort deur die maatskappye wat dit veroorsaak het, gedra te word. Dink maar aan die impak wat die internalisering van vervoerkoste, onderwys, sekuriteit, werkloosheid, ens. op die werking van ons samelewings sou kon hê! Sulke "hervormingsgerigte" maatreëls – waarvan die liberale ekonoom Arthur Cecil Bigou reeds aan die begin van die 20ste eeu die beginsel geformuleer het! – sou 'n ware rewolusie kon ontketen.

Want maatskappye wat aan die kapitalistiese logika beantwoord, sal grootliks ontmoedig word. Ons weet reeds dat geen versekeringsmaatskappy bereid is om kern-, klimaats- en genetiese manipuleringsrisiko's te dek nie. 'n Mens kan jou die verlammende uitwerking voorstel as hulle verplig sou word om gesondheidsrisiko, arbeidsrisiko (werkloosheid), of estetiese risiko te dra. Aanvanklik, met die aantal bedrywighede wat nie meer "winsgewend" sal wees nie, sal die stelsel tot stilstand kom. Maar is dit nie juis 'n bykomende bewys van die noodsaaklikheid om daaruit weg te breek, en terselfdertyd 'n moontlike

brug na 'n alternatiewe samelewing nie?

'n Beleidsprogram vir negatiewe groei is dus in wese teenstrydig, want die kanse is maar skraal dat realistiese, redelike voorstelle geredelik in werking gestel of enduit gevoer sal kan word sonder 'n totale ontwrigting, gepaardgaande met die oprigting van 'n utopie: die totstandbrenging van 'n alternatiewe samelewing. Laasgenoemde behels op sy beurt weer eindeloos gedetailleerde maatreëls, juis dit wat Marx verseg het om te doen: 'n gebak-en-brouery in die kombuise van die toekoms. Neem byvoorbeeld die noodsaaklike afbreek van reuse maatskappye. Onmiddellik kom 'n mens voor 'n magdom vrae te staan: tot en met watter grootte? Gemeet aan omset, aan die aantal werknemers? Hoe moet tegniese makrostelsels behartig word met klein eenhede? Moet sekere soorte bedrywighede, sekere metodes van meet af aan uitgeskakel word? (9)

In alle gevalle sal tallose netelige oorgangsprobleme opduik. 'n Reusagtige her-omskeppingsprogram sou byvoorbeeld motorfabrieke kon omvorm in vervaardigers van mede-kragopwekkingstoerusting (10). Danksy sulke toerusting is talle Duitse huise reeds skoon vervaardigers van elektrisiteit in plaas van verbruikers. Dus, wat kortkom is nie oplossings nie, maar die omstandighede om hulle te kan aanwend.

III. Wêrelddiktatuur of plaaslike demokrasie?

Groei is noodsaaklik vir 'n verbruikersdemokrasie, want sonder die vooruitsig van massaverbruik sou die ongelykhede ondraaglik word (soos wat reeds aan die gebeur is as gevolg van die ekonomiese groeikrisis). Die neiging tot gelykmaking van omstandighede vorm die verbeeldingsgrondslag van moderne samelewings. Ongelykhede word slegs tydelik aanvaar, want toegang tot die besittings van gister se bevoorregtes word vandag en môre iets alledaags, en dit wat nog as luukse beskou word, sal vir almal toeganklik gemaak word.

Dit is waarom baie twyfel aan die vermoë van sogenaamde "demokratiese" samelewings om die nodige maatreëls te tref, en meen dat die hindernisse slegs oorbrug sal kan word onder 'n soort outoritêre ekokrasie: ekofascisme of ekototalitarisme. Sommige denkers uit die hoogste kringe van die Ryk dink ernstig daaraan ten einde die stelsel te red (11). In die aangesig van die bedreiging van hulle lewenstandaard, sou die Noordelike massas gereed wees om hulle oor te gee aan demagoë wat beloof om dit te beskerm in ruil vir hul vryheid, al is die prys wat betaal moet word, dan ook 'n verskerping van planetêre ongelykhede en, op die lange duur natuurlik, die uitwissing van 'n beduidende persentasie van die spesie (12).

Die heroplewing van die plaaslike bied in werklikheid 'n veel rustiger weg na negatiewe groei as wat 'n problematiese universele demokrasie kan doen. Die droom van 'n verenigde mensdom as voorwaarde vir die planeet se harmonieuse werking is dus maar een van die versameling skynbaar "goeie idees" wat deur die gebruiklike Westerse etnosentrisme opgedis word. Kultuurverskeidenheid is sonder twyfel die enigste weg na 'n vreedsame, maatskaplike handel (13).

Demokrasie kan waarskynlik net werk indien die *polis* (in die Griekse sin van "stad-staat") klein is en vasgeanker staan in sy eie waardes (14). Alomteenwoordige demokrasie, volgens Takis Fotopoulos, veronderstel 'n "konfederasie van *demoi*", met ander woorde klein homogene eenhede van om en by 30 000 inwoners. Met so 'n getal, meen hy, kan daar plaaslik in die meeste behoeftes voorsien word. "As 'n mens in ag neem hoe kolossaal hulle is, sal heelwat moderne stede waarskynlik in verskeie *demoi* opgedeel moet word." (16)

So sal ons klein "buurtrepubliekies" by wyse van spreke hê, in afwagting op die streeksherbeplanning wat Alberto Magnaghi graag sou wou sien. Laasgenoemde veronderstel "'n komplekse, langdurige fase (vyftig na honderd jaar) van 'opruiming', waartydens geen nuwe beboubare gebiede meer geskep sal word nie en geen nuwe kommunikasieweë deur ongerepte gebiede en moeraslande geploeg sal word nie, maar waar daar eerder opgeruim en heropgebou sal word aan omgewing- en landelike stelsels wat deur menslike teenwoordigheid verwoes en besoedel is, ten einde 'n nuwe geografie te skep." (17)

'n Utopie dus? Vir seker. Maar 'n plaaslike utopie is dalk realistieser as wat 'n mens sou dink, want dit is uit die konkrete lewenservaring van sy burgers wat sy verwagtinge en moontlikhede ontstaan. "Om jou in 'n plaaslike verkiesing beskikbaar te stel," aldus Takis Fotopoulos, "skep die moontlikheid om die samelewing van onder af te begin verander, wat die enigste demokratiese strategie is – anders as staatsbemoeiingsmetodes (wat die samelewing van bo af wil verander deur staatsbeheer oor te neem) en sogenaamde "burgerlikesamelewing"-benaderings (wat glad nie beoog om die stelsel te verander nie)." (18)

Volgens 'n "pluriversalistiese" siening sou die verhoudings tussen die verskillende *politieë* binne die wêrelddorp gereguleer kon word deur 'n "demokrasie van kulture". Ver verwyderd van 'n wêreldregering, sou dit 'n minimale arbitrasiemag skep tussen soewereine *politieë* met wyd uiteenlopende status. "Die alternatief wat ek graag sou wou voorstel [vir 'n wêreldregering]," verduidelik Raimon Panikkar, "is die biostreek, met ander woorde natuurlike streke waar troppe, plante, diere, water en mense 'n enkele, harmonieuse geheel vorm. [...] Ons moet 'n mite daarstel wat 'n *universele republiek* sal moontlik maak, sonder enige wêreldregering, -beheer of -polisie. Dit verg 'n ander soort verhouding tussen biostreke." (19)

Hoe dit ook al sy, dit is "realistieser" om plaaslike "demokratiese" inisiatiewe te skep as 'n wêrelddemokrasie. As dit dan onmoontlik is om kapitaaloorheersing en ekonomiese magte met 'n frontaanval omver te werp, bly daar nog die moontlikheid om andersdenkend te word. Dit is dan ook die strategie van die Zapatiste en onderkommandant Marcos. Die herowering of herontdekking van die *commons* (kommunes, kommunale besit, kommunale ruimtes) en die selforganisering van die biostreek van die Chiapas sou,

binne ’n ander konteks, ’n illustrasie kon wees van ’n alternatiewe plaaslikgerigte proses.

---

(1) Hiermee verwys ons na lede van die Netwerk van Groei-beswaardes vir Postontwikkeling: http://www.apres-developpement.org/accueil/index_en.php
(2) Attac, *Le Développement a-t-il un avenir?*, Parys: Mille et une nuits, 2004, pp. 205-206.
(3) Die eerste van die agt “herre”: herevaluering, herkonseptualisering, herstrukturering, hervestiging, herverspreiding, hervermindering, hergebruik, herwinning – onderling afhanklike doelwitte om ’n positiewe kringloop van rustige, gemeensame, volhoubare negatiewe groei aan die gang te sit (lees *Le Monde diplomatique*, “Pour une société de décroissance” en “Et la décroissance sauvera le sud”, November 2003 en November 2004 onderskeidelik.)
(4) Die selfbeperkende maatreëls wat die Dag Hammarskjöld-stigting reeds in 1975 voorgestaan het (onder die benaming “endogene en selfstandige ontwikkeling”), is dieselfde as dié wat deur kampvegters vir negatiewe groei voorgehou word: “Beperk vleisverbruik, hou brandstof-verbruik laag, gebruik geboue op ’n meer ekonomiese wyse, vervaardig duursamer verbruikersgoedere, elimineer privaat voertuie, ens.” (aangehaal deur Camille Madelain, “Brouillons pour l’avenir : contributions au débat sur les alternatives”, *Les nouveaux Cahiers de l'IUED*, n° 14, PUF, Parys-Genève 2003. p. 215).
(5) *Principes d'économie politique*, Dalloz, Parys, 1953, p. 297.
(6) Susan Strange, *Chi governa l'economia mondiale ? Crisi dello stato e dispersione del potere*, Bologna: Il Mulino, coll. “Incontri”, 1998.
(7) Dié debat is reeds gevoer in *La Décroissance*, Lyon, n°4, September 2004.
(8) En dít boonop sonder enige benadeling van ander maatreëls vir die openbare heil, soos belasting op finansiële transaksies of die daarstel van ’n maksimum salarisgrens.
(9) Illich was van mening dat sommige gereedskap “gemeensaam” of “vriendelik” is, terwyl ander dit nie is nie en ook nooit sou wees nie: lees Ivan Illich, *La Convivialité*, Parys: Seuil, 1973, p.51.
(10) *Cf.* Maurizio Pallante, *Un futuro senza luce ?*, Rome: Editori Riuniti, 2004.
(11) Hieroor word met die grootste erns ter wêreld gepraat in ’n semi-geheime vereniging van die planetêre elite, die Bilderberger-organisasie.
(12) *Cf.* William Stanton, *The Rapid growth of Human Population 1750-2000, Histories, Consequences, Issues, Nation by Nation*, Multi-Science Publishing, Brentwood, 2003.
(13) Kyk die laaste hoofstuk van *Justice sans limites*, Fayard, 2003.
(14) Takis Fotopoulos, *Vers une démocratie générale. Une démocratie directe, économique, écologique et sociale*, Seuil, 2001, p. 115.
(15) In antieke Griekeland is die natuurlike ruimte van die politiek die stad, wat op sy beurt uit buurte en dorpies bestaan.
(16) *Ibid*., p. 215.
(17) Alberto Magnaghi, *Le projet local*, Brussel: Mardaga, 2003, p.38.
(18) *Op. cit.*, p.241.
(19) Raimon Pannikar, *Politica e interculturalità*, Città di Castello: L’Altrapagina, 1995, pp.22-23.
(20) Dit is in ieder geval hoe Gustavo Esteva dit ontleed in *Celebration of Zapatismo, Multiversity and Citizens International*, Penang, 2004.

• *Die Vrypostige Afrikaan*

Kringe in ’n bosberaad

Voormalige Afrikaanse skrywers ontmoet kabinet

NA DIE MINISTER VAN KUNS EN KULTUUR, DR. PALLO JORDAN, SE ONLANGSE UITSPRAAK DAT DIT NET WITMENSE IS WAT OOR AFRIKAANS KLA, HET ’N OPENBARE HERRIE LOSGEBARS. VOLGENS INLIGTING WAT IN *DIE VRYPOSTIGE AFRIKAAN* SE BESIT IS, MOES JORDAN HOMSELF AAN DIE KABINET VERDUIDELIK TYDENS ’N GEHEIME BOSBERAAD WAT IN ’N GEHEIME BOS IEWERS IN DIE OMGEWING VAN KNYSNA GEHOU IS. DRIE VOORMALIGE OF AMPER VOORMALIGE AFRIKAANSE SKRYWERS, WIE SE NAME NIE HIER GENOEM KAN WORD NIE, MAAR WAT WÊRELDWYE AANSIEN VIR HULLE PROGRESSIEWE STANDPUNTE GENIET, IS OOK GENOOI NA DIE GELEENTHEID. GERUGTE WIL DIT HÊ DAT ’N AFRIKAANSE KNYSNA-OLIFANT HOM TE PLETTER GEHARDLOOP HET TEEN MEER AS EEN MINISTERIËLE VIERTREKVOERTUIG, MAAR DIT KON NIE BEVESTIG WORD NIE.

Wat wel seker is, is wat tydens die bespreking gesê is. Dr. Jordan het op gebruiklike wyse begin deur te sê, “Al kan ek goed Afrikaans praat, gaan ek dit nie vandag doen nie, because I don’t feel like it and everybody understands English, our national language of liberation.”

Jordan het sy spreekbeurt gebruik om te verduidelik dat sy toespraak eintlik bedoel was om die sentrale waardes van die nuwe bedeling – swart en Engels – verder te stoot, en dat dit eintlik ’n poging was om witmense te nooi om swart en bevry te word. Volgens Jordan bied die Vendas ’n pragtige voorbeeld van hoe lekker dit is om in jou streek Venda te praat, en nêrens anders nie, maar dat dit nie as ’n Vendavolkstaat gesien moet word nie. Die feit dat die meeste Vendas ook nie ’n woord Engels praat nie, moet ook nie as ’n gebrek aan hul verbintenis tot hierdie groot nasie gesien word nie.

Vervolgens het die drie voormalige of amper voormalige Afrikaanse skrywers aan die woord gekom, twee vroue en ’n man. Die een vrou skryf reeds haar boeke in Engels, hoewel sy nog baie munt slaan uit haar beeld as progressiewe Afrikaanse skrywer – om die waarheid te sê, help dit haar boekverkope wêreldwyd uitstekend. Sy het verwys na ’n uitspraak van Antjie Krog enkele jare gelede by die Suidoosterfees, waarvolgens sy dadelik ’n pil wat haar swart maak, sou sluk as daar soiets was. Die skryfster sê dat dr. Jordan se uitsprake oor Afrikaans en witmense in die parlement vir haar was soos om daardie pilletjie te drink, en dat sy nou vir die eerste keer werklik swart ook voel. Sy het met trane aan die bosberaad vertel hoe bevrydend dit vir haar is, en gesê sy wens ander mense kan ook besef dat die pil nie so bitter is nie.

Die tweede vrou, wat nog boeke in Afrikaans skryf, maar baie energie aan haar Engelse vertalings bestee, het Jordan as voormalige moedertaalspreker van Xhosa gelukgewens met die voorbeeld wat hy vir ons almal stel. Sy het gesê dat Jordan met hierdie enkele, kragtige uitspraak die oorgang vanaf “one chicken, one nation” na “one language, one nation” gemaak het, waarmee hy sy reputasie as voorvatter van die bevrydingsbeweging gestand gedoen het. Sy sê sy is so spyt dat sy nie self gedurende die strugglejare in Zambië in Solomon Mahlangu-kollege kon skoolgaan nie, en dat sy nou nog nagmerries oor haar alma mater, Hoërskool Graniet, het.

Die man, wat selfs onder sy joernalistieke kollegas as toonbeeld van waansin en ’n lang, gloeiende menopouse beskou word, het Dr. Jordan gelukgewens met die *oblique* wyse waarop hy die parlement toegespreek het. Volgens die man is dit voortreflik dat die Minister van Kuns en Kultuur naas *equity* ook nou van *obliquity* ’n besondere waarde gemaak het, en dat wetgewing deur sy departement so gou moontlik ingestel moet word. Volgens die man gaan dit nie net oor ’n *change of heart* nie, maar ook oor ’n *change of tongue*, of selfs ’n tongverwydering, ’n operasie wat hy tans oorweeg.

As blyk van waardering het die drie skrywers die jongste uitgawe van die *Oxford English Dictionary* aan die minister oorhandig.

Die Vrypostige Afrikaan kon daarin slaag om na afloop van die gebeure anoniem kontak met die drie skrywers te maak en hulle kommentaar in te win. Dít volg op psigiatriese verslae wat in ’n groot bruin koevert by ons kantoor afgelewer is, waaruit dit blyk aldrie die skrywers word tans in dieselfde groepsterapie behandel vir wat deur sielkundiges as “voormalige hekwagtersindroom” beskryf word. Die sindroom is ’n baie skaars verskynsel onder voormalige Afrikaner-lefties wat nooit demokraties verkies is om namens Afrikaners te praat nie, maar wat dit die heeltyd onder die ou bedeling gedoen het, en nou nie daarmee kan saamleef dat hulle in die nuwe bedeling nie meer die enigste segslui van Afrikaners is

nie. Minstens een van hulle gee hom glo gereeld oor aan hoogs verleentheidwekkende uitbarstings in die briewekolom van *Die Burger*, waar hy demokraties verkose segslui beskuldig dat hulle namens Afrikaners praat. In sy geval het dit te make met 'n bykomende sindroom, oftewel "subliminale oswording". Subliminale oswording kom voor by die woedende Afrikanerman wat in sy verset teen ou bulle self soos 'n bul tekere gegaan het, en nooit agtergekom het dat hy in die proses weens 'n langdurige middeljarekrisis simbolies in 'n skadelose os verander nie.

In ons onderhoud met die drie het dit geblyk dat hierdie sessie met die kabinet veel meer as etlike groepsterapiesessies beteken het. Hulle voel nou vir die eerste keer weer erken, en die feit dat hulle dit as 'n groep kon deel, was nog die betekenisvolste van alles. Die man sê hy oorweeg dit nou om die skryfberoep vaarwel toe te roep en op 'n beesplasie te gaan aftree.

Geagte leser, dié jaar het nie ryp geword in goue akkerblare nie, maar vrot in konkelary, soos vandeesmaand se briewe, almal oor die US en dubbelmediumonderrig, hieronder aantoon. Ter streling van die onstuimige gemoedere, plaas ons spesiaal vandeesmaand so 'n gedig of twee ekstra. Van digters gepraat: welkom aan ons nuwe redaksielid, die digter en veteranjoernalis, Hans Pienaar.

U sal met hierdie uitgawe van *Die Vrye Afrikaan* deur die feesgety moet druk, want selfs ons moet soms rus – of minstens ons drukker en Tante Pos. Verwag ons volgende uitgawe dus op Vrydag 21 Januarie. Intussen wens ons u 'n geseënde Kersfees en 'n konkelvrye 2006 toe – en mag alle Suidelike taalkonkelaars se snoeke pap wees – Red.

Na aanleiding van ons kommentaar, *Engels by die Universiteit Stellenbosch* (*Die Vrye Afrikaan*, 21 Oktober 2005), skryf Cornelia de Kock van Stellenbosch:

Professor Chris Brink verwys slegs na onbeduidende Europese universiteite wat Engels ook as voertaal ingestel het. Was hy by Heidelberg of Tubingen in Duitsland? Daar sal hy nie eens Engels met die sekretaresses kan praat nie! Was hy by die mees vooraanstaande universiteite in Frankryk of Japan? Ek daag hom uit om Wiskunde in Duitsland deur medium van Engels te gaan beoefen - hy sal nie kan nie, want die terminologie verskil selfs van die Engelse! Ek ken 'n jonman (oud-student van die US) wat sy volledige skoolonderrig en universiteitsonderrig deur Afrikaans medium ontvang het en in Duitsland sy *Diplom Arbeit* in Finansiële Wiskunde gaan doen het. Binne twee maande moes hy Duits baasraak en na twee jaar het hy sy proefskrif in Duits voltooi en buitengewoon hoë punte behaal. Voor in sy proefskrif moes hy 'n opsomming in Duits, Frans en Engels plaas. Hy het egter ook een in Afrikaans ingesit en sy promotor, 'n wêreldleier op sy gebied, was buitengewoon beindruk met hierdie man se liefde vir sy moedertaal! Almal by die betrokke universiteit weet die student is in die eerste plek 'n Afrikaner! Ook sy doktorale proefskrif is in Duits, maar Afrikaans bly sy *groot liefde*. Hoe beter 'n mens jou moedertaal praat, hoe beter leer jy ander tale aan! Ek praat uit ondervinding. Ek ken drie jongmense; die een is drie tale magtig, die ander een vier en nog een vyf! Hul het heel eerste Afrikaans foutloos leer praat en skryf en daarna die ander aangeleer - hul laerskool- en hoërskoolonderrig en universiteitstudie was slegs deur medium van Afrikaans!

Ja-nee, mevrou, 'n mens kan jou net voorstel hoe verleë die US-rektor nie teen hierdie moet voel na sy misplaaste (en selektiewe) vergelyking met die situasie in Europa nie. Voorwaarts na 'n Afrika-universiteit in Afrikaans! – Red.

Na aanleiding van dieselfde kommentaar skryf Matie-Ma van Port Elizabeth:

Baie dankie vir die insiggewende kommentaar (in gewone Afrikaans!) op die Universiteit van Stellenbosch se nuutste Afrikaans-opsie. As ouer van 'n tweedejaar Matie meld ek kortliks twee sake: 1. Reeds vanaf my kind se eerstejaar is die *werklikheid* dat sekere modules van sommige vakke *slegs* in Engels gedoseer word (Voorbeeld: Geskiedenis). In die tweede jaar is daar in sekere Wiskunde I-groeperings klasse wat *slegs* in Engels aangebied word. Ek weet nie van die "T-opsie" nie ... die praktyk lyk vir my lank reeds na "0-opsie". 2. Waarom is die studente so stil oor hierdie hele aangeleentheid? Hoe voel hulle regtig? Waarom neem hulle nie standpunt in nie?

Absoluut, Matie-Ma. Gelukkig het meer as 3600 studente en dosente sedert u brief geskryf is hulle stem op die kampus laat hoor, wat dan ook die "studenteleiers" wat in briewekolomme beweer het die "meerderheid" studente steun die T-opsie vir die demagoë wat hulle is ontmasker het – Red.

En nogmaals oor dieselfde kommentaar skryf Cecile Cilliers uit Vishoek:

Ek lees u kommentaar en al die briewe in *Die Burger* met buitengewone belangstelling. Afrikaans en die voortbestaan van die taal lê ons almal na aan die hart. 'n Aspek van die dilemma wat skynbaar nooit aangespreek word nie, is die ekonomiese een. Kan die US dit bekostig om studente slegs uit die Afrikaanssprekende gemeenskappe te trek ? Of het dit finansieel gesproke noodsaaklik geword om ander-taal-sprekendes teen wil en dank te akkommodeer?

Ons dink van nie, Cecile. Kyk tog hoe netjies Breyten elders in hierdie uitgawe die skuil agter ekonomiese en bestuurswetmatighede aan die kaak stel vir die konkelary en gebrek aan wil wat dit in feite is – Red.

En dan gooi prof. Hans du Plessis van die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-universiteit ook sy stuiwer in die armbeurs na aanleiding van ons hoofartikel in Oktober:

Net ’n kort briefie van gelukwense met u hoofartikel oor Afrikaans en die US. Die argumente maak sin, en dit is duidelik dat die besluit in groot mate ’n dienswillig-die-uwe-besluit is. Iets waaraan ons nogal sedert 1990 ly. Ek hou van die reguit maar beredeneerde manier van u artikel. Of die alliansie van kapitale mag en transformasie so maklik is, glo ek nie. Dit lyk vir my na ’n oorvereenvoudiging. Maar dit is ’n ander debat.

Dankie, Prof. Hoe is dit dan dat die Potchefstroomse taalgeleerdes hulle Stellenbosse eweknieë in hierdie saak so in insig en openbare standpuntinname in die skadu stel? Sulke Doppers darem! Ons dink ook nie die alliansie van kapitale mag en transformasie is so maklik nie. Om die waarheid te sê, is dit erg ongemaklik. Maar dit werk so deksels goed! – Red.

- *Gedigte*

Hierdie is die eerste twee gedigte uit Pablo Neruda se “Twintig Liefdesverse en ’n Wanhoopslied”, ’n bundel waarvan meer as een miljoen kopieë al verkoop is. Uit die Spaans vertaal deur Henry September.

1. Vrouelyf

Vrouelyf, wit heuwels, wit dye,
jy lyk soos die wêreld in jou lê van oorgawe.
My growwe knegteliggaam ploeg jou
en laat spring die seun uit die dieptes van die grond.

Ek was eensaam soos ’n tonnel. Voëls het voor my gevlug
en die nag het my oorspoel met haar kragtige inval.
Om te oorleef het ek jou gesmee soos ’n wapen,
soos ’n pyl aan my boog, ’n klip in my slingervel.

Maar die uur van wraak val, en ek het jou lief.
Liggaam van vel, van mos, van gretige stywe melk.
A die bekers van die bors! A die oë van afwesigheid!
A die rose van die pubis! A jou stem so treurig en traag!

Lyf van my vrou, ek sal vasbyt in jou genade.
My dors, my grenslose begeerte, my twyfelende pad!
Somber rivierlope waar die ewige dors vloei,
gevolg deur vermoeienis, en die eindelose pyn.

2. In Sy Sterflike Vlam

In sy sterflike vlam omhul die lig jou.
Verenkeld, bleek roubeklaer, so geplaas
teen die ou waaiers van skemer
wat rondom jou wentel.

Stom, my vriendin,
alleen in die alleenheid van hierdie uur van die dooies
en gevul met die lewens van vuur,
suiwer erfgenaam van die verwoeste dag.

Van die son val ’n vrugtetak op jou donker kleed.
In die nag groei groot wortels
skielik uit jou siel,
en daar buite trek dinge hul terug in jou toemaakplekke,
sodat ’n blou en bleek volk
hulself voed met jou vars geborene.

O grandiose en vrugbare en magnetiese slavin
van die sirkel waar swart en goud mekaar vervang:
staan op, vuur ’n skepping aan wat so lewendig is
dat haar blomme vergaan, en vol moet skiet met verdriet.

- *Gedig*

Die volgende ongepubliseerde satiriese politieke gedig is uit die pen van Wilhelm Knobel, wat op 26 Oktober 70 sou gewees het. *Die Vrye Afrikaan* bedank graag sy broer, dr. Deon Knobel, wat aan ons toestemming verleen het om dit te publiseer.

Toe mnr. X by die poort kom

toe mnr. X by die poort kom was daar 'n effense gedrang
maar selfs sy posisie en status het niks gebaat
om vir hom 'n plekkie voor in die ry te konkel nie
toe hy uiteindelik aan die beurt kom het hy aangedring op 'n
verklaring
Petrus was apologeties en hulpvaardig soos altyd
maar het hom verseker daar kan niks aan gedoen word nie:
omdat almal se kleur hier dieselfde is
- om die waarheid te sê kom dit neer op 'n betreurenswaardige
gebrek aan kleur –
is dit nutteloos om op die kosyn die kennisgewing aan te bring
Net vir Blankes
dus neem dit 'n tydjie om vir elke nuweling die rekords na te slaan
om seker te maak of hy nie dalk 'n pas moes dra nie
en om vir diegene soos hy, mnr. X, te verduidelik
dat niemand hier voorkeur geniet nie
selfs nie Calviniste nie

(1969)

• *Reeks: 'n Groeiende gaping tussen die swart elite en die swart massa?*

Ongelykhede binne en tussen die verskillende bevolkings-groepe in Suid-Afrika

DWARSDEUR SY GESKIEDENIS IS SUID-AFRIKA GEKENMERK DEUR UITERSTE VERSKILLE IN LEWENSTANDAARDE EN DIE VERSPREIDING VAN RYKDOM EN GELEENTHEDE TUSSEN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE. TYDENS DIE APARTHEIDSJARE HET 'N RASGEBASEERDE SAMELEWING EN HIERDIE ERFENIS VAN ONGELYKE ONTWIKKELING VEEL OOGLOPENDER GERAAK, EN HET GEÏNSTITUSIONALISEERDE DISKRIMINASIE OP GROND VAN VELKLEUR DIE NORM GEWORD. MET DIE AANVANG VAN DIE 'NUWE SUID-AFRIKA' IS 'N REEKS WETTE VOORTGEBRING WAT SPESIFIEK DAAROP GERIG IS OM ONGELYKHEDE VAN DIE VERLEDE TEN OPSIGTE VAN LEWENSTANDAARD EN DIE VERDELING VAN RYKDOM EN GELEENTHEDE TUSSEN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE REG TE STEL. HOEWEL SODANIGE WETGEWING ALOM AS NOODSAAKLIK VERWELKOM IS, WORD DAAR SEDERTDIEN IN SOMMIGE GELEDERE DIE OPINIE UITGESPREEK DAT DIT EERDER "OMGEKEERDE APARTHEID" AS GELYKHEID GESKEP HET.

Deur Carel van Aardt en Mari Harris*

In hierdie artikel gaan die fokus val op gelykheid en ongelykheid met betrekking tot werksgeleenthede, inkomste en lewenstandaarde in Suid-Afrika, met die doel om die vlakke te bepaal waarop groter gelykheid en daarmee gepaardgaande groei in rykdom en verbeterde lewenstandaarde onder aangewese groepe gerealiseer is. Met hierdie doel voor oë word daar op werksgeleenthede, sigbare groei in rykdom en verbeterde lewenstandaarde, asook die vlakke van inkomsteongelykheid en armoede tussen en binne die onderskeie bevolkingsgroepe gefokus.

Toegang tot werksgeleenthede

Uit beskikbare data vanaf Stats SA en die Reserwebank wil dit voorkom of ekonomiese groei in die Suid-Afrikaanse konteks nie noodwendig tot verhoogde indiensneming gelei het nie. Oor die tydperk 1948 tot 1960 was daar 'n sterk positiewe korrelasie tussen ekonomiese groei en indiensnemingsgroei, maar in die tydperk 1960 tot 1990 het dit verswak, en na 1994 het dit negatief geraak, met die implikasie dat die realisering van hoër vlakke van ekonomiese groei nie na hoër vlakke van werkskepping oorgedra is nie.

Verskillende redes vir hierdie niewerkverwante groei is deur verskillende ekonome geïdentifiseer, onder meer die groeiende kapitaalintensivering van produksie, die aflegging van groot groepe permanente werkers ten gunste van kontrakarbeid, sommige arbeidswette en -beleide wat werknemers aanmoedig om die absolute minimum voltydse werkers in diens te neem om die werk gedoen te kry, asook stygende arbeideenheidskoste en vakunie-aktiwiteite wat werknemers ontmoedig om meer mense in diens te neem.

Die totale werkloosheidskoers (uitgebreide definisie) vir Suid-Afrika is in 2004 geraam op 41,1% (Stats SA 2005), wat nie gunstig vergelyk met 'n werkloosheidskoers van ongeveer 19% in 1991 (Nasionale Mannekragkommissie 1992) nie. Die implikasie hiervan is dat die hoër vlakke van ekonomiese groei wat gedurende die 1990's ervaar is, nie alleen 'werklose groei' was, soos hierbo aangedui is nie, maar in der waarheid tot 'n styging in die werkloosheidskoers gelei het.

Die onvermoë van die formele sektor van die ekonomie om toereikende werksgeleenthede te skep, kan toegeskryf word aan die snel afnemende marginale arbeidabsorpsievermoë van die formele sektor (die persentasie nuwe toetreders tot die formele sektor as werknemers of entrepreneurs). Uit beskikbare statistiek (Van Aardt 1994 en Ntsika 2001) wil dit voorkom of die arbeidabsorpsievermoë van die formele sektor van die ekonomie afgeneem het van 81% in 1962 tot 64% in 1967, 49% in 1972, 27% in 1978, 18% in 1982, 8% in 1987, 2% in 1992 en tot ongeveer 0% in 1997, en teenswoordig steeds op ongeveer 0% staan. Hierdie syfers toon duidelik 'n sterk afwaartse neiging in die arbeidabsorpsievermoë van die formele sektor, selfs in tye wanneer hoër vlakke van werkskepping ervaar is.

Dit blyk uit die resultate van die *Project Red Bow*-meningsopname wat gedurende 2001 gedoen is dat 40% van die respondente werkloosheid beskou as die ernstigste probleem wat Suid-Afrikaners in die gesig staar, gevolg deur 20% wat geglo het misdaad is die ernstigste probleem, gevolg deur MIV/VIGS (18%), armoede (11%) en inflasie (1%). Gesamentlik maak hierdie welsynverwante probleme, naamlik werkloosheid, armoede en inflasie 52% uit van wat Suid-Afrikaners die ernstigste probleme ag waarmee

* *Onderskeidelik Direkteur, Navorsing en ekonomiese demograaf verbonde aan Unisa se Buro vir Marknavorsing; Direkteur van Markinor en politieke ontleder*

Suid-Afrika te kampe het. Terwyl respondente in die *Project Red Bow*-opname slegs een probleem moet identifiseer, het 'n gesamentlike SABC/Markinor-meningsopname in 2003 respondente toegelaat om alle probleme wat hulle as ernstige probleme vir Suid-Afrika beskou, te noem. In hierdie meningsopname was 90% van mening dat werkloosheid 'n ernstige probleem is vir Suid-Afrika.

Werkloosheid impakteer op alvier die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, maar nie in gelyke mate nie. Die onderstaande tabel toon dat werkloosheid onder die swart bevolkingsgroep van ongeveer 23,3% in 1991 toegeneem het tot 47,8% in 2002. Dit maak 'n toename van 105% in werkloosheid uit onder swartmense tydens die 11-jaar-tydperk. Oor dieselfde tydperk was daar 'n toename van 150% in die werkloosheidsvlak van die wit bevolkingsgroep, en 'n selfs groter toename van 157% onder die bruinmense.

Tabel 1: Vlakke van werkloosheid onder die verskillende bevolkingsgroepe, 1991 tot 2002

Bevolkings-groep	1991 %	1996 %	2002 %	% groei in werkloosheid: 2002
Swart	23,3	42,5	47,8	105
Asiaat	12,7	12,2	24,8	95
Bruin	16,9	20,9	43,4	157
Wit	4,0	4,6	9,9	150

Bron: Stats SA (1996, 1999, 2002)

Daar is verskeie redes vir die stadige groei in werksgeleenthede vir lede van al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Hierdie redes werk saam om die aantal beskikbare werksgeleenthede in die arbeidsmark te verminder, met die gevolg dat dit onmoontlik is om 'n enkele faktor as die hoofoorsaak van min werksgeleenthede uit te lig.

Hoe voel die Suid-Afrikaanse bevolking hieroor? Werkloosheid en die gebrek aan werkskepping aan regeringskant is een van die "diensleweringsareas" waaroor die regering die meeste gekritiseer word. Die marknavorsingsmaatskappy, Markinor, het regerings-prestasie op 21 beleidsgebiede sedert 1990 op 'n tweejaarbasis in sy *Government Performance Barometer* gemeet. Uit die bevindings in 2005 van hierdie studie oor die kwessie "Hoe goed sou u sê hanteer die Nasionale Regering werkloosheid en werkskepping?" het dit aan die lig gekom dat 36% van die Swartmense, 35% van die Bruinmense, 22% van die Indiërs en 25% van die Witmense reken dat die regering 'redelik goed' of 'baie goed' vaar, met die implikasie dat die meerderheid van die bevolking nie beïndruk is met die regering se optrede in hierdie verband nie.

Maar hoe beskou lede van verskillende bevolkingsgroepe hulle ekonomiese posisie?

In die *Socio-political trends*-studie van Markinor is 'n reeks vrae gestel wat daarop gemik was om persepsies oor sowel huidige as verwagte ekonomiese toestande te meet. Respondente is gevra of hulle families teenswoordig finansieel beter of swakker daaraan toe is as 'n jaar gelede. Die resultate van hierdie opname het getoon dat, hoewel 16% volwassenes die mening toegedaan is dat hulle slegter daaraan toe is as 'n jaar gelede, 84% verklaar het dat hulle in dieselfde of 'n beter posisie is as 'n jaar gelede. As hierdie bevinding met die bostaande werknemersyfers vergelyk word, wil dit voorkom of diegene wat wel 'n inkomste het, van mening is dat hulle in 'n beter posisie is as voorheen.

Tabel 2: As jy dink aan die lewenswyse van jou familie, sou jy sê dat jou familie beter, ongeveer dieselfde, of slegter daaraan toe is as 'n jaar gelede?

	Totaal %	Swart %	Asiaat %	Bruin %	Wit %
Beter daaraan toe as 'n jaar gelede	42	45	37	40	25
Ongeveer dieselfde	42	42	36	39	47
Slegter daaraan toe as 'n jaar gelede	16	13	27	21	28

Bron: Markinor 2004
(Socio-political trends *November 2004)*

Dit is ook interessant om te let op die hoë vlakke van vertroue in die vermoë van die ekonomie en arbeidsmark om 'n beter lewenspeil vir almal te verskaf, soos duidelik blyk uit die bevindings van die Markinor-studie in die onderstaande tabel. Hierdie tabel toon dat net meer as die helfte van volwasse Suid-Afrikaners van mening was dat dit oor 'n jaar met hulle beter sal gaan, terwyl 'n verdere derde reken dat hulle hul huidige lewenstyle sal kan volhou. Minder as een uit elke tien het gevoel dat hulle slegter daaraan toe sal wees. In dieselfde trant as die indiensnemingsneigings wat in die eerste tabel getoon is, kom die wt bevolking meer pessimisties voor oor hulle ekonomiese toekoms, terwyl bykans 'n kwart glo dat dit met hulle oor 'n jaar slegter sal gaan as tans.

Tabel 3: Hoe dink jy sal dit oor 'n jaar gaan? Dink jy jou familie sal beter, ongeveer dieselfde, of slegter daaraan toe wees as vandag?

	Totaal %	Swart %	Asiaat %	Bruin %	Wit %
Beter as vandag	54	59	52	61	25
Ongeveer dieselfde	36	33	35	31	51
Slegter daaraan toe as tans	9	6	12	7	24
Weet nie	1	2	1	1	0

Bron: Markinor 2004
(Socio-political trends *November 2004)*

Hierdie bevindings stem ooreen met vroeër resultate wat deur die Buro vir Marknavorsing vrygestel is en wat verklaar dat die algemene lewenstandaard van Suid-Afrikaanse huishoudings tydens die eerste tien jaar van demokrasie verbeter het.

Is inkomste gelyk oor en binne bevolkingsgroepe?

Hoewel die inkomste en lewenstandaarde van baie swartmense skynbaar aan die verhoog is, is dit nie met alle swartmense in Suid-Afrika die geval nie. Uit die Gini-koëffisient – 'n opsommingsaanwyser van die gelykheid van inkomsteverspreiding in 'n land – blyk dit dat inkomsteongelykheid in Suid-Afrika die vyfde hoogste in die wêreld is, met die implikasie dat nie almal gelykop deel in die voordele van ekonomiese groei in Suid-Afrika nie. Dit blyk ook uit beskikbare data dat inkomsteongelykhede tussen en binne die verskillende bevolkingsgroepe voortdurend toegeneem het in die tydperk 1994 tot 2004, in plaas daarvan om af te neem, soos in 'n na-apartheid-Suid-Afrika verwag sou kon word.

Ongelykheid tussen bevolkingsgroepe is 'n opvallende kenmerk van Suid-Afrika, d.w.s. in 1996 het 61% swartmense in armoede geleef, gemeet aan die armoededatumlyn, vergeleke met slegs 1% Witmense.

Om die dinamika van inkomsteongelykheid van Suid-Afrika verder te ondersoek, is 'n gelykheids-indeks, wat deur die Buro vir Marknavorsing (BMN) ontwikkel is en soortgelyk is aan die Gini-koëffisiënt – maar wat gebruik kan word as meer beperkte data beskikbaar is – gebruik om die vlak van inkomstegelykheid/ongelykheid onder die verskeie subnasionale entiteite (d.w.s. bevolkingsgroepe en provinsies in Suid-Afrika) te meet. Die resultate van sodanige ontledings vir die verskillende bevolkings-groepe word in figuur 1 gegee.

Figuur 1: Vlak van gelykheid binne verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, 2002



Uit figuur 1 blyk dit dat die hoogste vlak van ongelykheid binne die verskillende bevolkingsgroepe onder die swart bevolkingsgroep aangetref is, waar daar 'n aantal mense is wat hoogsbesoldigde beroepe bekom en suksesvolle entrepreneurs word, terwyl baie van hulle verarm bly. Hierdie wesenlike gaping tussen die persentasie swartmense wat hoë salarisse kry en die persentasie wat in armoede leef, lei tot die hoë vlak van inkomsteongelykheid onder swartmense. Die Gini-koëffisiënt van 0.8 vir die swart bevolking toon dat die verskil tussen swart en swart selfs groter is as die verskil tussen swart en wit. Wanneer die President dus van twee ekonomieë praat, dui dit nie slegs op die inkomstegaping tussen witmense en swartmense nie, maar ook binne die swart bevolking.

Wat beteken dit alles dus?

Uit hierdie artikel kom dit voor of die oortuiging wat by talle mense bestaan dat witmense ryk en swartmense arm is, en dat inkomsteongelykhede aan die afneem is, albei onjuis is. Dit blyk ook duidelik uit die statistiese inligting wat in hierdie artikel verskaf word dat lede van alle bevolkingsgroepe indiensne-mingsgewyse aan die verloorkant is, selfs in die aangesig van die hoër vlakke van ekonomiese groei wat teenswoordig ervaar word vergeleke met die afgelope twee dekades.

Om ongelykhede in Suid-Afrika te kan uitskakel, is dit nodig om die vlak te bepaal waarop die beleidstellings van die huidige regering, parastatale en private sektore behulpsaam is met die daarstelling van vermenigvuldigers van nasionale rykdomgenerering na die lewenstandaard van die bevolking. Tipiese kwessies waarop in hierdie verband gefokus behoort te word, is die volgende:

- programme om bevolkingsontwikkeling te verseker;
- rykdomoordragstelsels om te verseker dat die breë publiek baat vind by ekonomiese groei; MAAR: waak teen die ontwikkeling van "afhanklikheidsge-meenskappe" – Suid-Afrikaners verwag alreeds meer van die regering as die meeste ander bevolkings;
- die skepping van ekonomiese vermenigvuldigers na die breë bevolking (d.i. openbarewerke-programme);
- die bevryding van die arbeidsmark en belastingaansporings om meer arbeidsintensiewe produksie aan te moedig;
- die skepping van 'n stelsel van hoër maatskaplike toelaes en -lone om die verligting van desperate armoede te verseker;
- programme om te verseker dat hoogs geskoolde mense in Suid-Afrika behou word; en
- programme om gratis onderwys vir almal te verseker, aangesien die wins aan mensekapitaal uit gratis onderwys die koste daarvan vir die onderwyssektor ver oortref.

Bibliografie

Barker, FS. 1999. *The South African labour market: Critical issues for renaissance*. Pretoria: JL van Schaik.

National Manpower Commission. 1992. *Annual Report 1991*. Pretoria: Staatsdrukker.

Markinor. 2004. *Socio-political trends*. Johannesburg: Markinor.

Markinor. 2004. *Government performance barometer*. Johannesburg: Markinor.

Ntsika. 2001. *State of small business in South Africa*. Pretoria: Ntsika enterprise promotion agency.

Stats SA. 1996. *Labour force survey*. Pretoria. Statistiek Suid-Afrika.

Stats SA. 1998. *The people of South Africa: Population census, 1996*. Tshwane. Statistiek Suid-Afrika

Stats SA. 1999. *Labour force survey*. Pretoria. Statistiek Suid-Afrika.

Stats SA. 2002. *Labour force survey*. Pretoria. Statistiek Suid-Afrika.

Stats SA. 2003. *Census 2001: Census in brief*. Pretoria. Statistiek Suid-Afrika.

Stats SA. 2005. *Labour force survey – September 2004*. Pretoria. Statistiek Suid-Afrika.

Van Aardt, CJ. 1994. *The future South Africa*. Pretoria: J.L. van Schaik.

• *Intussen 28 Oktober:*

Die verhoogde temperatuur in die ANC

OF VERSKILLENDE FAKSIES IN DIE NASIONALE PARTY (NP) TUSSEN 1948 EN 1994 VERSKILLENDE VEILIGHEIDSTRUKTURE TEEN MEKAAR GEBRUIK HET SOOS WAT TANS MET DIE ANC GEBEUR, IS 'N GOEIE VRAAG, MAAR DIT HET WAARSKYNLIK NOOIT DIE AFMETINGS BEREIK WAT TANS VOOR SUID-AFRIKANERS SE OË AFSPEEL NIE.

Uit die aard van die saak het verskillende faksies in die NP by tye nader aan hierdie of daardie sektor van die staat se veiligheidstrukture gestaan – John Vorster en BOSS, P.W. Botha en die Nasionale Intelligensiediens – maar wat nou gebeur, oorskry die praktyke van die verlede by verre. Ons verwys hier na verskeie hoogs openbare voorvalle die afgelope maande, waaronder die onderonsie tussen die Nasionale Vervolgingsgesag en lede van die BBP-Beskermingseenheid enkele weke gelede aan huis van mnr. Jacob Zuma, asook die beweerde lompe spioenasiepoging deur die Nasionale Intelligensie-agentskap (NIA) op die gewigtige sakeman, mnr. Saki Macozoma.

Die vergelyking tussen die NP en die ANC aan die hand van veiligheidstrukture in die nasionale politiek kan natuurlik ook nie te ver gevoer word nie. Enersyds was sodanige strukture in die vorige bedeling veel meer gesentraliseerd, sodat partyfaksies buite die magsentrum nie so maklik verskillende strukture kon misbruik nie. Andersyds was die media ook nie so gevorder en pluraal soos vandag nie, sodat sodanige vergrype moeiliker aan die lig gebring kon word. In soverre die agterstand van destydse Afrikanersakelui en professionele mense in 1948 nie so groot was soos dié van ANC se steunbasis in 1994 nie, was die druk in 1948 en daarna vir 'n soort patronaatspolitiek ook nie so sterk soos in 1994 nie, wat dus die destydse druk vir korrupsie minder as in 1994 gemaak het.

Dit wil egter nie sê nie dat wat tans afspeel nie hoogs kommerwekkend is nie: ofskoon die ANC 'n veel meer diverse beweging is wat 'n veel meer komplekse staat oorgeneem het as enige plek elders in Afrika, bly die feit dat staatsbeheer die hoeksteen van sy mag by die oorname van 1994 was en steeds 'n baie belangrike rol in die uitvoering van sy politieke program speel.

Sedert 1994 het twee belangrike ontwikkelings egter plaasgevind, naamlik, eerstens, die groter prominensie van die interne verdelingslyne in die ANC, en, tweedens, die groter deelname van ANC-swaargewigte aan veral die korporatiewe ekonomie.

Wat eersgenoemde betref, het meer as een van die skrywers wat bygedra het tot *Die Vrye Afrikaan* van Vrydag 21 Oktober 2005 daarop gewys dat sowel die drakrag van eensgesindheid in die stryd teen apartheid as die groter skerpheid van die maatskaplike vraagstuk en armoede in Suid-Afrika hierdie verdelingslyne nou na vore bring, soos wat dit dan kristalliseer rondom die pro- en anti-Mbeki-faksie. Ons praat doelbewus eerder van die anti-Mbeki- as die Zuma-faksie, omdat Zuma die linkervleuel van die Drieparty-alliansie se griewe oor Mbeki se ekonomiese beleid en sentralistiese bestuurstyl die afgelope jare uitgebuit het sonder dat hy self noodwendig as politikus 'n alternatief op hierdie dinge sal bied. Verder word dit ook al hoe duideliker dat minstens die SAKP en COSATU nie meer so geesdriftig in hulle steun aan Zuma as tydens sy afdanking is nie.

Die SAKP en Cosatu is wel nie oortuig dat hy die alternatief is nie, maar dit geld nie vir die groter getalle ANC-jeugdiges, klerke, vroue en werkloses nie wat so bitter graag weer 'n singende en dansende leier wil hê wat hoop en selfvertroue kan inboesem, al is dit sonder substansie. Daarin lê Zuma se eintlike gevaar, en hy word by die dag meer onstuitbaar. As hy sonder tronkstraf daarvan afkom, gaan hy homself aanbied as die held wat die aweregse politieke masjien van die gereg gestuit het. Hy sal dan in 'n posisie wees om die leierskapstryd te wen en die hele land in 'n moeras van populistiese en simboliese politiek te probeer aftrek.

Die Drieparty-alliansie word tans deur soveel struweling en faksiekomplotte gekenmerk dat waarskynlik geen stem in die media of enige ander openbare liggaam dit met gesag kan ontrafel nie. Wat egter wel met sekerheid gesê kan word, is dat die onderlinge wedywering en selfs vyandigheid onder die verskillende veiligheidstrukture nou klaarblyklik ook aan die strydende faksies verbind kan word.

Wat die groter deelname van ANC-swaargewigte aan veral die korporatiewe ekonomie betref, is dit algemeen bekend dat ofskoon hulle nie almal ewe na aan Mbeki staan nie, hulle wel almal voordeel getrek het uit sy doelbewuste ekonomiese beleid om 'n swart middelklas te skep wat as teenwig vir 'n toekomstige linkse, populistiese ondermyning van politieke en ekonomiese stabiliteit kan dien.

Minstens drie van hierdie swaargewigte – Cyril Ramaphosa, Tokyo Sexwale en Saki Macozoma – dien

steeds in die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee en is al by tye genoem as moontlike opvolgers vir President Mbeki. Dat Macozoma die Minister van Intelligensie so ver kan kry om ’n aantyging van spioenasie teen hom te laat ondersoek, wat tot die skorsing van die Direkteur-Generaal van die NIA en twee ander van sy top-amptenare lei, spreek boekdele. En so ook die oproep van mnr. Tokyo Sexwale vroeër vandeesweek dat die ANC sy sake in orde moet kry.

Kortom, die vermenigvuldiging van staatstrukture asook van swart deelname aan die korporatiewe ekonomie sonder die nodige skeiding tussen staat en party is besig om ’n ernstige krisis vir Suid-Afrika te word. Daar is nog geen duidelikheid oor wie vir Brett Kebble se dood verantwoordelik was nie, maar die blote feit dat sommige mense bespiegel dat dit met sy betrokkenheid by ANC-faksiegevegte te make het, is simptomaties van hierdie krisis.

Dit het die NP ’n goeie dertig jaar geneem om korrup, verdeel en van sy steunbasis vervreem te word, terwyl die ANC na sowat tien jaar aan bewind in hierdie rigting begin beweeg. Natuurlik het die NP in ’n omgewing regeer waarin onder meer die betreklik beperkte kommunikasiemedia hierdie soort ding stadiger as tans gemaak het, maar die feit bly dat die absolute politieke mag van die ANC nou reeds die spook van Lord Acton se absolute korrupsie laat loop.

Dit is enersyds hoopgewend, want dit laat die ruimte vir meer rolspelers as net een groot olifant in die nasionale politiek. Andersyds is dit kommerwekkend, want vir hierdie soort gevegte word altyd sondebokke gesoek. Dit is reeds besig om ANC-swaargewigte in die gedrang te bring, maar daar moet in gedagte gehou word dat in die rasbehepte nasionale klimaat dit nie veel sal kos om nogmaals die ou anti-apartheidseensgesindheid te laat herleef en eerder die skuld op “anti-transformasie magte” te pak nie. Vir minstens die vroeë jare van sy bewind kon die NP nog sy interne eenheid voed teenoor die betreklik stewige opposisie van die Verenigde Party, terwyl dit met die ANC tans nie die geval is nie.

• *Intussen 28 Oktober*

High Noon op Stellenbosch

OP MAANDAG 24 OKTOBER 2005 HET STUDENTE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US) EEN VAN DIE BELANGRIKSTE AFRIKAANSE KAMPUSAKSIES SEDERT 1994 UITGEVOER MET 'N STEUNVERGADERING VIR 'N PETISIE. DIE PETISIE MAAK ONDER MEER BESWAAR TEEN DIE UITBREIDING VAN DUBBELMEDIUMONDERRIG AAN DIE US EN HET REEDS MEER AS 3 350 HANDTEKENINGE VAN SOWEL STUDENTE AS PERSONEEL VAN DIE US.

Die eerste implikasie van hierdie aksie is dat dit die lawwe aanspraak dat die meerderheid Afrikaanse studente ten gunste van groter dubbelmediumonderrig is, die nek inslaan. Dit stel ook die petisie waarin steun vir prof. Chris Brink as rektor deur sowat 60 akademici uitgespreek word in die skadu, ofskoon die studentepetisie geensins die rektor in sy persoon aanval nie.

Die tweede implikasie van hierdie aksie is dat dit op grafiese wyse gedemonstreer het hoeveel wanvoorstellings voorstanders van dubbelmediumonderrig die afgelope tyd die wêreld ingestuur het. Die vyf sprekers wat buiten die rektor by Maandagaand se vergadering opgetree het, is van verskillende taal-, etniese en klasseagtergronde, en het uit baie verskillende hoeke gepraat. In die proses het dit duidelik geword dat om die kritiek op die uitbreiding van dubbelmediumonderrig voor te stel as eksklusief Afrikaans, 'n Afrikanerkwessie, 'n weiering om te aanvaar dat globalisering lei tot Engels, 'n anti-Engelse houding, 'n anti-transformasiehouding en talle ander dinge behels, geen waarheid bevat nie en neerkom op óf verdagmakery, óf hardhorendheid.

Derdens het dit uit gesprekke na afloop van die vergadering met studente verbonde aan SASCO en die ANC-jeugliga duidelik geword dat parallelmediumonderrig of selfs die aanleer van Afrikaans veel groter steun as dubbelmediumonderrig geniet. Dit strook met die eis om parallelmediumonderrig deur hierdie twee organisasies in hulle memorandum aan die US in Julie vanjaar. Voorts het SASCO ook in 'n mediaverklaring op die voorblad van *Die Burger* van Dinsdag 25 Oktober 2005 hulle teen dubbelmedium- en vir parallelmediumonderrig uitgespreek en beklemtoon dat hulle geensins anti-Afrikaans is nie. (Ofskoon dié verklaring volgens *Die Burger* op die webwerf van die US sou verskyn, kon *Die Vrye Afrikaan* dit nie vind nie, en bespiegel ons liefs nie hieroor nie…) Hieruit kan afgelei word dat pogings om swart studentesteun vir dubbelmediumonderrig te bewys, met 'n knippie sout geneem moet word, om maar te swyg omtrent die bewering dat swart studente parallelmediumonderrig noodwendig as "apartheid" ervaar – op stuk van sake sal 'n klomp wit Engelse studente ook in 'n Engelse stroom klas kry indien parallelmediumonderrig aanvaar word.

Vierdens is die druk op die US-bestuur besig om feitlik onhoudbaar te word. Met sy toespraak het prof. Brink sowel in sy houding as in sy betoog nie juis seker of oortuig van homself voorgekom nie. Dat sy aankondiging oor die Minister van Onderwys se bereidwilligheid om staatsbefondsing vir meertaligheid op Afrikaanse kampusse te ondersoek ietwat skepties ontvang is, het seker ook nie juis gehelp nie.

Vyfdens – en dit is miskien die belangrikste – het Afrikaanse studente en die burgerlikge samelewing by hierdie geleentheid hande gevat op 'n skaal wat nog kwalik sedert 1994 gesien is. Dat die studente nog polities versigtig en onervare is, val nie te betwyfel nie, maar dat hulle die moed van hulle oortuiging had om 'n eerste demokratiese tree te gee, is nog 'n teken van die nuwe wind wat deur die Afrikaanse wêreld waai, en wat niks goeds vir elitespeletjies voorspel nie.

Binnekort word 'n US-raadsvergadering gehou. Dit is die ideale geleentheid vir die US om die uitbreiding van dubbelmediumonderrig tot stilstand te bring en veel meer oorwoë met sy eie missie om te gaan as wat onlangs die geval was. Taal, transformasie en uitnemendheid staan nie teenoor mekaar nie, maar veronderstel mekaar – tensy dit as rookskerm vir elitebelange en middelmatigheid gebruik word.

Die Vrye Afrikaan glo dat die ekologie die voorwaarde van die ekonomie is, en nie andersom nie. In vandeesmaand se uitgawe het ons dan teen die agtergrond van die energie- en ekologiekrisis 'n besonder omvattende dossier oor "Energie, ekonomie, ekologie", afgesien van twee verbandhoudende artikels hieroor in vandeesmaand se *Le Monde diplomatique* elders in hierdie uitgawe deur Serge Latouche en Cyrus Safardi. Ons dossier word op die voorblad deur die leidende Ierse ekoloog, Richard Douthwaite, geopen met 'n voorstel oor die rol wat Suid-Afrika in 'n nuwe wêreldenergiebedeling kan speel. Een van ons gereelde ekonomierubriekskrywers, die omgewingsekonoom, James Blignaut, verduidelik die verbande tussen energie, ekonomie en ekologie. Vervolgens gee die Kaliforniese kenner van die oliebedryf, Richard Heinberg, se uiteensetting van die toekoms van olie. Dr. Anthony Surridge verduidelik teen hierdie agtergrond die Suid-Afrikaanse regering se nasionale energiebeleid. Die chemiese ingenieur en lugbesoedelingsbestuurdeskundige, Gerrit Kornelius, kyk na die rol wat die mark en die staat wel in beter ekologiese bestuur kan speel. Die omgewingsaktivis, Victor Munnik, vertel die verhaal van vyf dekades se omgewingsverkragting in Vanderbijlpark – en van 'n nuwe gemeenskapsalliansie wat "die olifant hap vir hap gaan eet". Laastens gee die ingenieur, Johan Theron, 'n kykie op biodiesel in Suider-Afrika.

Energie, ekonomie, ekologie: die onlosmaaklike band

DIE MEES ALGEMEEN GEBRUIKTE DEFINISIE VAN EKONOMIE IS DAT DIT DIE STUDIE IS VAN DIE SKAARSHEIDSPROBLEEM WAT ONTSTAAN AS GEVOLG VAN ONBEPERKTE BEHOEFTES MAAR SLEGS BEPERKTE MIDDELE. NOG 'N MOONTLIKHEID IS OM EKONOMIE TE BESKOU WORD AS DIE BESTUUR VAN DIE HUISHOUDING, WAT BERUS OP DIE GRIEKSE WOORD WAARUIT DIE WOORD *EKONOMIE* ONTSTAAN HET, NAAMLIK *OIKONOMIA*. LAASGENOEMDE BESTAAN UIT TWEE WOORDDELE, NAAMLIK *OIKOS* ('HUIS') EN *NOMOS* ('WET, REËL'), EN WORD VERKLAAR AS 'HUISHOUDELIKE BESTUUR' OF 'DIE WET VAN DIE HUISHOUDING'. NOG 'N AANNEEMLIKE DEFINISIE, WAT EK HIER GAAN GEBRUIK, IS OM EKONOMIE TE BESKOU AS DIE STUDIE VAN TRANSFORMASIE, OF VAN MATERIAALDEURSET, WAARDEUR PRODUSENTE VERSKILLENDE MATERIALE OMSIT IN OF TRANSFORMEER TOT GOEDERE EN DIENSTE VIR DIE GEBRUIK EN GENIETING VAN VERBRUIKERS.

Deur James Blignaut[*]

Energie maak hierdie transformasieproses moontlik. Sonder energie is geen transformasie moontlik nie. Energie is vir die ekonomie wat bloed vir die liggaam is. Energie is die vloei van krag, wat weer die vermoë bring om 'n bepaalde aktiwiteit of funksie te verrig. Is dit nie ironies dat mense nie energie om energie se onthalwe nodig het nie? Wat ons wil hê, is wat energie ons in staat stel om te doen, dus die funksionaliteit van energie. Ons mense dring aan op mobiliteit, kommunikasie, sig, en so meer, maar sonder energie sou niks daarvan moontlik wees nie. Wat sake nog ingewikkelder maak, is dat energie nie as "aktiewe" energie geberg kan word nie; dit moet in 'n ander medium wees, soos in batterye of in brandstowwe, wat dan die potensiaal het om die vloei van krag te lewer wanneer die gebruiker dit nodig ag ten einde aan 'n bepaalde behoefte te voldoen, soos dié hierbo genoem. Is dit nie interessant nie dat energie, wat 'n krag is wat nie met die blote oog gesien kan word nie, wat geen vraag na 'n eindproduk (of 'n vraag na sigself) geniet nie, en wat nie eens opgeberg kan word nie, die wêreldekonomie vorm?!

Die algemeenste bron van energie is fossielbrandstowwe, dit wil sê brandstowwe wat ontstaan het uit ondergrondse fossielafsettings wat in die loop van millennia verander het in hoofsaaklik olie, gas en steenkool. Die belangrikste eienskappe van alle fossielbrandstowwe is dat dit grotendeels uit koolstof bestaan, wat ná verbranding koolsuurgas (koolstofdioksied) word, 'n gas wat natuurlikerwys in die atmosfeer voorkom. Koolsuurgas is nie 'n besoedelstof nie en is ook nie toksies nie. Trouens, koolsuurgas is noodsaaklik vir lewe op aarde, want dit is deur die proses van fotosintese dat atmosferiese koolsuurgas in biomassa vir bome, plante en alle ander plantaardige materiaal omgesit word. Sonder koolsuurgas sou fotosintese nie moontlik gewees het nie en sou alle plante gesterf het, en saam met hulle die

[*] *Die skrywer is deeltydse professor in ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, direkteur van Jabenzi & Beatus, en geaffilieer by GreenGrowth Strategies, drie maatskappye wat ten doel het om landelike ontwikkeling in Suider-Afrika 'n werklikheid te maak. <james@jabenzi.co.za>*

mens ook! Koolsuurgas is nie die probleem nie; wat wel problematies is, is die konsentrasie daarvan in die atmosfeer. By die omsetting van fossielbrandstowwe in energie, hetsy vir motors of vir elektrisiteitsontwikkeling, word koolstof (hetsy in vloeibare of vaste vorm) vrygestel; in gasvorm word dit egter in die atmosfeer vrygestel (kyk figuur 1 vir 'n illustrasie). Hierdie voortdurende omsetting van koolstof in 'n gas, wat geweldig versnel is deur die Nywerheidsomwenteling en die bekendstelling van die stoomenjin in 1784, het gelei tot die ongelooflike en eksponensiële toename in atmosferiese koolsuurgas, wat steeds voortduur (kyk figuur 2).

Koolsuurgas beskik oor nog 'n interessante eienskap: dit is werklik 'n wêreldburger. Dit ken geen politieke grense nie en dra geen paspoort nie. Koolsuurgas wat op enige plek ter wêreld vrygestel word, het 'n wêreldwye uitwerking: die uitwerking daarvan word nie beperk tot die tyd en ruimte van die vrystelling daarvan nie.

As koolstof nie 'n besoedelstof is nie en ook nie toksies is nie, waarom maak dit saak dat daar meer daarvan in die atmosfeer is? Omdat die oortollige koolsuurgas, eenvoudig gestel, 'n laag tussen die troposfeer en die stratosfeer vorm wat die son se strale toelaat om die atmosfeer binne te dring maar verhoed dat die hitte wat hierdie strale genereer, weer die atmosfeer verlaat. Dit lei daartoe dat hitte deurlopend opbou, wat die sogenaamde kweekhuiseffek veroorsaak. Die kweekhuiseffek bring mee dat die aarde se atmosfeer al hoe warmer word – die sogenaamde aardverwarmingsverskynsel – wat weer 'n beduidende bydrae tot wêreldklimaatsverandering lewer. Wêreldklimaatsverandering impliseer 'n toename in die frekwensie en hewigheid van klimaatsgebeurtenisse, wat beteken dat byvoorbeeld droogtes en oorstromings waarskynlik meer gereeld sal voorkom en ernstiger sal wees as in die verlede.

Figuur 1: 'n Elementêre illustrasie van die koolstofsiklus



Bron: http://www.physicalgeography.net/fundamentals/9r.html

Figuur 2: Atmosferiese koolstofkonsentrasies oor die afgelope 1 000 jaar, volgens yskerne uit die Law-koepel



Bron: http://planetforlife.com/gwarm/glob1000.html (LW: CO_2 (dpm) = koolsuurgas (dele per miljoen))

Die vraag is nou: Wat is Suid-Afrika se bydrae tot die verandering in die globale atmosferiese konsentrasie? Ongelukkig is die antwoord dat dit nogal heelwat is. Dit is so omdat Suid-Afrika ryk steenkoolafsettings het en meer as 90 persent van sy energie uit fossielbrandstowwe afkomstig is (kyk figuur 3). Dit impliseer dat Suid-Afrika relatief gesproke 'n baie groot koolstofspoor het, soos blyk uit figuur 4. In hierdie figuur word die koolsuurgas-emissies van ander dele van die wêreld as 'n verhouding van hulle BBP's en bevolkings gegee as 'n persentasie vergeleke met dié van Suid-Afrika se verhoudings vir dieselfde aanwysers. Die wêreldgemiddelde CO_2-emissies per eenheid van BBP is ongeveer 60 persent van dié van Suid-Afrika, en die wêreldgemiddelde CO_2-emissies per capita is ongeveer 48 persent van dié van Suid-Afrika. Hoe 'n mens ook al daarna kyk, die land se koolstofspoor is aansienlik groter as die internasionale gemiddeldes.

Figuur 3: Suid-Afrika se energiebronne



Bron: Departement van Minerale en Energie: Energy balances. *http://www.dme.gov.za/energy/pdf/Aggregate%20balance%202001.pdf. Webwerf geraadpleeg Oktober 2004.*

Figuur 4: Suid-Afrika se koolstofintensiteit: 'n Internasionale vergelyking (SA = 100)



Bron: Internasionale Omgewingsagentskap. 2001. Key world energy statistics. *Paris: IEA. www.iea.org/statist/key2001/keyworld-2001.pdf. Webwerf geraadpleeg Oktober 2004.*

'n Mens moet dadelik vra of dit sal help as ons alle koolsuurgas-emissies vandag staak. Die antwoord is ja, dit sal help, maar net op lang termyn. Die koolsuurgasmolekule het 'n leeftyd van meer as 100 jaar! Die uitwerking van vandag se koolsuurgas-emissies sal eers oor meer as 'n eeu van nou af verdwyn. Waarvoor ons in die volgende 50 jaar of wat te staan sal kom, is die kumulatiewe uitwerking van al die koolsuurgas-emissies van die hede en die verlede, en daar is geen manier waarop dié uitwerking beheer kan word nie.

Watter alternatiewe is daar vir fossielbrandstowwe en kan die land dit begin gebruik? Indien wel, hoe gou? **Ja, daar is alternatiewe, waaraan ek hieronder aandag gee, maar belangriker nog is die vraag of die land bereid is om na hierdie alternatiewe oor te skakel. Is die politieke wil om te verander wel daar?**

Dit is nie 'n vraag wat beantwoord kan of moet word aan die hand van korttermyn-finansiële of ekonomiese aanwysers nie, maar deur sterk strategiese besluitneming. Net soos daar in die 1950's en daarna 'n strategiese besluit geneem is om Suid-Afrika se nywerheidsekonomie (Evkom, Yskor, Sasol, Krygkor, Soekor, ens.) te ontwikkel ten einde die moontlike uitwerking van sanksies te verminder en die ekonomie te beveilig, en om ekonomiese heerskappy in Afrika te bekom, so **moet daar 'n strategiese besluit geneem word** om die uitwerking van koolstof te neutraliseer en klimaatsneutraal te word. 'n Mens kan nie die ekonomiese en finansiële vooruitsigte van 'n jong hernubare-energiesektor vergelyk met dié van 'n gevestigde nywerheidsektor wat met enorme staatsdeelname, intellektuele steun en finansiële hulp ontwikkel is nie. 'n Mens kan net sowel kersies met suurlemoene vergelyk.

Alternatiewe vir elektrisiteitsontwikkeling sluit die volgende in:

- Grootskaalse hidrokrag: Suid-Afrika het min moontlikhede hiervoor oor, maar as die moontlikhede van die Kongorivier in die DRK verder ondersoek kan word, kan daar moontlik aan al Afrika se energiebehoeftes voldoen word.
- Kleinskaalse hidrokrag: Daar is verskeie moontlikhede vir Suid-Afrika in hierdie opsig, waarvan sommige reeds ondersoek word.
- Sonkrag: Dit moet oorweeg word as die koste van die panele, omsetters en batterye die nodige aandag kan kry. Dit is reeds nuttig vir buitenetwerk-kragvoorsiening.
- Wind: Dit word ondersoek in 'n loodsstudie by Darling.
- Afvalterreingas (metaan): 'n Goeie opsie, soos geïllustreer deur die Bisasarweg-afvalterrein naby Durban.
- Bio-olies: 'n Goeie alternatiewe gebruik vir die projek Werk-vir-water se indringerplante. Bio-olies word uit enige biomassa geëkstraheer en gebruik om enjins aan te dryf wat weer turbines aandryf om elektrisiteit te ontwikkel.
- Jel-brandstof: Dit word gemaak uit etanol wat kom uit stysel en kan gebruik word om paraffien te vervang vir huishoudelike gebruik.
- Seestrome en/of golfkrag om turbines aan te dryf.
- Geotermiese krag, wat die energie in die aardkors benut om die verlangde uitset te lewer, maar dit is nie 'n goeie opsie vir Suid-Afrika nie. Naby die Groot Skeurvallei in Sentraal-Afrika is dit egter wel 'n opsie.

Wat betref vloeibare brandstowwe, of petroleum, is daar opwindende alternatiewe, wat die volgende insluit:

1. Biodiesel: Die word vervaardig uit stysel (en verskeie moontlikhede word tans deur Graan SA ondersoek) of uit plantolies, soos die saad van die Jatropha-boom.
2. Hibriedmotors: Motors soos die Toyota Prius, wat verskillende vorme van tegnologie kombineer om aandrywingskrag vir motors te ontwikkel, in hierdie geval petrol en die energie wat deur remming gegenereer word.

Ten einde die atmosferiese koolsuurgas-emissies te verminder kan ’n mens bowendien begin om dit daadwerklik uit die atmosfeer te verwyder. Die maklikste manier om dit te doen is, soos reeds genoem, deur fotosintese. Laat die natuur vir ons werk! Dit is die rede waarom ek so opgewonde is oor die geleentheid om omgewingsgedegradeerde grond te rehabiliteer. Die restourering van natuurlike kapitaal is besig om ’n ekonomiese strategie te word waardeur die sogenaamde tweede ekonomie ’n hupstoot kry om aan die gang te kom. Dit behels ’n proses waardeur landelike gemeenskappe betrokke raak by die rehabilitasie van hulle eie grond wat gedegradeer is deur die absurde beleide van die verlede wat mense gedwing het om biomassa (hout) as brandstof te gebruik. Nou kan rehabilitasie hulle tot hulp kom.

Laastens, en die heel belangrikste, is om te besef dat ’n verandering in tegnologie noodsaaklik is en dat daar tegnologieë bestaan wat die globale koolstofspoor kan verminder. Ten einde hierdie tegnologieë teen ’n aanneemlike prys beskikbaar te stel, moet die Suid-Afrikaanse regering met ander lande saamwerk om die gebruik en ontwikkeling daarvan te stimuleer. Dit is egter nie net die aanbodkant of die brandstofinsetkant wat moet aanpas nie; dit moet ook geskied aan die vraag- of verbruikskant van die vergelyking. Verbeterde vraagkantbestuur om die behoefte aan energieverbruik te verminder, soos openbare vervoer en die gebruik van energiebesparende tegnologieë, sal die strewe om ons land en die wêreld se koolstofspoor te verklein, grootliks aanhelp.

Die aflosstokkie is in ons hande. Hierdie geslag moet die besluit neem. Ons kan dit nie vertraag of uitstel tot ná die volgende verkiesing en daarna nie, of tot die volgende natuurramp nie. Ek dink Suid-Afrika se sportkreet – La’Duma (‘kom ons doen dit!’) – is hier uiters gepas.

Die toekoms van olie

TOE MIKE BOWLIN, VOORSITTER VAN DIE PETROLEUMMAATSKAPPY ARCO, IN 1999 GESÊ HET: "WE'VE EMBARKED ON THE BEGINNING OF THE LAST DAYS OF THE AGE OF OIL," HET HY IETS GESÊ WAT TALLE ANDER IN DIE PETROLEUMNYWERHEID GEWEET HET DIE WAARHEID IS MAAR NIE SELF WOU SÊ NIE. DAAR WAS IN DIE AFGELOPE AANTAL JAAR TOENEMENDE BEWYSE DAT WÊRELDWYE OLIEPRODUKSIE AMPER BY SY HISTORIESE HOOGTEPUNT IS.

Deur Richard Heinberg*

Olie is die goedkoopste en gerieflikste energiebron wat die mens ooit ontdek het. Gedurende die afgelope twee eeue het mense in die nywerheidslande gewoond geraak aan 'n regime waarin fossielbrandstofenergie elke jaar beskikbaar was, en die wêreld se bevolking gou begin om voordeel te trek uit hierdie energiemeevaller. Nywerheidslande het begin staatmaak op 'n ekonomiese stelsel wat berus het op die aanname dat groei normaal en nodig is en dat dit dus onbepaald kan aanhou.

Wanneer olieproduksie sy hoogtepunt bereik, sal daardie aanname in duie stort.

Na gelang ons van 'n historiese tydperk van energiegroei beweeg na een van energieafname, betree ons onbekende gebied. Dit kos nogal inspanning om 'n mens se denkwyse by hierdie nuwe realiteit aan te pas.

Probeer gerus die volgende eksperiment: Gaan sit iewers in die middestad op 'n gerieflike plek. Kyk om jou heen en vra jou af waar en hoe energie gebruik word. Watter vorme van energie word gebruik, en watter arbeid verrig daardie energie? Let op die besonderhede van motors, busse, straatligte en so meer, en op die aktiwiteite van die mense om jou. Watter soort beroepe beoefen dié mense, en hoe gebruik hulle energie in hulle werk? Probeer om party van die drade te volg van die netwerk van die verhoudings tussen energie, werk, water, voedsel, verhitting, bouwerk, vervoer en instandhouding wat die stad gesond en aan die gang hou.

Nadat jy minstens 20 minute lank so nagedink het oor die rol van energie in die lewe van die stad, stel jou dan voor na watter toneel jy sou kyk as daar 10 persent minder energie beskikbaar was. Wat sou vervang moes word? Watter keuses sou mense moes uitoefen? Watter werk sou nie gedoen word nie? Stel jou dan voor hoe dit sou wees met 25 persent minder energie, met 50 persent minder en met 75 persent minder.

As 'n mens aanvaar dat die piek in wêreldolieproduksie iewers tussen 2006 en 2015 sal voorkom en dat daar elke jaar daarna gemiddeld twee persent minder energie vir nywerheidsamelewings beskikbaar sal wees, sal jou verbeelding jou tot ongeveer die jaar 2050 moet neem.

Hoe kan ons egter seker wees dat olie minder oorvloedig sal wees? Petroleumgeoloë soos Colin Campbell (voorheen van Texaco en Amoco) wys op eenvoudige feite soos die volgende: Die ontdekking van oliebronne in die VSA het in die 1930's sy hoogtepunt bereik, en olieproduksie ongeveer 40 jaar later. Sedert 1970 moes die VSA feitlik elke jaar meer olie invoer om die tekort uit eie produksie aan te vul. Die oliebesigheid het in die laat 19de eeu in die VSA begin, en die VSA is die gebied op aarde waar die meeste eksplorasie plaasgevind het: meer olieboorgate is in die oorspronklike 48 state van die VSA gesink as in alle ander lande gesamentlik. Die VSA se ervaring sal dus uiteindelik elders herhaal word.

Trouens, dit is presies wat aan die gebeur is. Olieproduserende lande bereik die een ná die ander hulle produksiehoogtepunte en nou begin dit afneem. Indonesië, wat steeds 'n lid van OPUL is, voer nou meer olie in as wat hy uitvoer. Die hele Noordsee-gebied beleef 'n afname van meer as 10 persent per jaar. ChevronTexaco het aangekondig dat 33 van die 48 belangrike olieproduserende lande dalende produksie beleef.



Wêreldwyd het die ontdekking van olie in die vroeë 1960's 'n hoogtepunt bereik. Aangesien produksiegrafieke uiteindelik die ontdekkingsgrafieke moet weerspieël, sal die totale wêreldolieproduksie ongetwyfeld binne die afsienbare toekoms sy hoogtepunt bereik. Presies wanneer? Volgens talle ingeligte beramings sal dit waarskynlik teen ongeveer 2010 gebeur, of 'n jaar of twee vroeër of later.

Wanneer die wêreldhoogtepunt in olieproduksie bereik word, sal daar nog baie olie onder die grond wees – soveel as wat tot dusver onttrek is, of nagenoeg 'n

* *Joernalis en dosent, lid van die kernpersoneel van New College of California, waar hy in Kultuur, Ekologie en Volhoubare Gemeenskap doseer. Hierdie artikel is aangepas uit sy boek* The Party's Over: Oil, War, and the Fate of Industrial Societies *(New Society Publishers, 2003).*

miljoen miljoen vate. Maar van dan af sal dit elke jaar baie moeilik of onmoontlik wees om net soveel te lewer as die vorige jaar.

Dit is dus duidelik dat ons plaasvervangers vir olie moet vind. 'n Ontleding van die huidige energie-alternatiewe is egter nie baie bemoedigend nie. Son en wind is hernubaar, maar tans kry ons minder as een persent van ons wêreldenergiebegroting uit daardie bronne, en snelle groei sal nodig wees as hulle in selfs net 'n beduidende deeltjie van die energietekort van ná die oliehoogtepunt moet voorsien. Kernkrag het steeds te kampe met die hardnekkige probleem van die wegdoen van radioaktiewe afval. Waterstof is hoegenaamd nie 'n energiebron nie, maar bloot 'n energiedraer: dit kos meer energie om 'n gegewe hoeveelheid waterstof te vervaardig as wat die waterstof self sal oplewer. Bowendien kom feitlik al die kommersieel vervaardigde waterstof van aardgas, waarvan die produksie 'n paar jaar ná die oliehoogtepunt eweneens sal begin afneem. Onkonvensionele petroleumbronne – die sogenaamde "swaar olie", "oliesand" en "skalie-olie" – is volop, maar is uiters duur om te ontgin, 'n feit wat geen tegnologiese innovering waarskynlik sal verander nie.

Die harde rekenkunde van energiehulpbron-ontleding lei tot 'n onaangename maar onvermydelike vooruitsig: selfs al word pogings nou verskerp om na alternatiewe energiebronne oor te skakel, sal nywerheidslande ná die olieproduksiehoogtepunt minder energie beskikbaar hê om nuttige arbeid te verrig – insluitende die vervaardiging en vervoer van goedere, voedselproduksie en die verhitting van huise.

Ons moet vir seker in alternatiewe investeer en ons industriële infrastruktuur omskakel om dit te kan gebruik. As daar 'n oplossing vir die nywerheidsamelewing se energiekrisisse is, sal dit in hernubare energiebronne plus bewaring geleë wees. Maar om 'n egalige oorgang van niehernubare na hernubare energiebronne te bewerkstellig sal minstens tien tot twintig jaar se intensiewe werk kos ('n punt wat beklemtoon is in 'n onlangse studie, "Peaking of Global Oil Production: Impacts, Mitigation and Risk Management", wat deur die VSA se Departement van Energie befonds is). Ons sal egter heel moontlik nie twee dekades hê voordat ons die hoogtepunt in olie-ontginning bereik nie. Bowendien sal die oorgang, selfs in die beste omstandighede, 'n massiewe verskuiwing van investering uit ander sektore van die ekonomie na energienavorsing en -bewaring verg. Voorts sal die beskikbare alternatiewe waarskynlik nie die soorte vervoer-, voedsel- en woninginfrastruktuur wat ons nou het, kan ondersteun nie, en die oorgang sal derhalwe 'n feitlik algehele herontwerp van nywerheidsamelewings moet behels.

Die waarskynlike ekonomiese konsekwensies van die energie-afswaai is enorm. Alle menslike aktiwiteite vereis energie, wat fisici omskryf as "die vermoë om arbeid te verrig". Met minder energie beskikbaar, kan minder arbeid verrig word – tensy die doeltreffendheid van die proses om energie in arbeid om te sit, vergroot word teen dieselfde tempo as waarteen die beskikbaarheid van energie afneem. Dit sal dus noodsaaklik wees om, in die volgende paar dekades, alle ekonomiese prosesse meer energiedoeltreffend te maak. Pogings om doeltreffendheid te verbeter is egter onderhewig aan afnemende opbrengs, en uiteindelik sal die punt dus bereik word waar verlaagde beskikbaarheid van energie verminderde ekonomiese aktiwiteit sal beteken. Aangesien ons nasionale ekonomieë berus op die aanname dat ekonomiese aktiwiteit voortdurend moet groei, sal die resultaat waarskynlik 'n resessie wees wat geen onderste draaipunt en geen einde het nie.

Die gevolge vir wêreldvoedselproduksie is ewe sorgbarend. Deur die hele twintigste eeu het voedselproduksie in land op land dramaties uitgebrei, en feitlik al dié groei kan aan energie-insette toegeskryf word. Sonder trekkers wat op brandstof loop en kunsmis en plaag- en onkruiddoders met petroleum as basis is dit te betwyfel of oesopbrengste op huidige vlakke volgehou kan word.

Die olieproduksiehoogtepunt sal ook 'n uitwerking op internasionale betrekkinge hê. Hulpbronkonflikte is niks nuuts nie: voorstaatlike samelewings het dikwels oorlog gemaak oor landbougrond, vis- of jagvelde, perde, beeste, waterweë of ander hulpbronne. Die meeste van die oorloë van die twintigste eeu het ook om hulpbronne gewentel – in baie gevalle juis olie. Daardie oorloë het egter plaasgevind gedurende 'n tydperk van groeiende hulpbronontginning; die komende dekades van vergrote mededinging om kwynende energiehulpbronne sal waarskynlik meer dikwels meer dodelike konflikte oplewer. Die VSA – as die wêreld se grootste energieverbruiker, die middelpunt van 'n wêreldwye industriële ryk en houer van die kragtigste wapenarsenaal in die geskiedenis van die wêreld – sal 'n deurslaggewende rol speel in die vorming van die geopolitiek van die nuwe eeu. Baie waarnemers meen reeds dat oliebelange ten grondslag lê aan die huidige Amerikaanse regering se geopolitieke strategie.

Daar is baie wat individue en gemeenskappe kan doen om hulle voor te berei vir die energiekrisis. Enigiets wat individuele selfgenoegsaamheid of selfversorgendheid bevorder (bv. tuinmaak, energiebesparing, vrywillige vereenvoudiging), sal help. Die strategie van individualistiese oorlewing sal egter slegs tydelike en onsekere beskerming bied op die energie-afdraande. Ware individuele en gesinsekuriteit sal slegs uit gemeenskapsolidariteit en onderlinge afhanklikheid voortvloei. Om in 'n gemeenskap te leef wat die afswaai goed deurstaan, sal 'n mens se persoonlike kanse op oorlewing en voorspoed baie verbeter vergeleke met individuele pogings om voorrade op te berg of voedsel te verbou.

Intussen behoort nasies radikale energiebesparingsmaatreëls te tref, in navorsing oor hernubare energie te investeer, volhoubare plaaslike voedingsisteme te ondersteun in plaas van reusagtige biotegnologiese landbounywerhede, groeivrye ekonomiese en bevolkingsbeleide te aanvaar, en internasionale hulpbronsamewerkingsooreenkomste na te streef.

Hierdie voorstelle doen 'n fundamentele koersverandering vir nywerheidsamelewings aan die hand – van groter, vinniger en meer gesentraliseerd tot

kleiner, stadiger en meer plaaslik gebaseer, van mededinging tot samewerking, van onbeperkte groei tot selfbeperking.

As sulke aanbevelings ernstig opgeneem word, kan dit lei tot ’n wêreld wat oor ’n eeu minder mense het wat minder energie per capita gebruik wat alles van hernubare bronne afkomstig is, en wat ’n lewensgehalte bied wat die mense van vandag se nywerheidsamelewings dalk sou beny. Menslike vindingrykheid kan ingespan word, nie om maniere te vind om meer hulpbronne te gebruik nie, maar om artistieke bevrediging uit te brei, om billike en gesellige maatskaplike reëlings daar te stel, en om die geestelike ervaring van menswees te verdiep. Mense sal die vreugde smaak om meer beheer oor hulle lewens te geniet as hulle in kleiner gemeenskappe leef. Deur minder te reis sal hulle ’n groter sin van verankerdheid geniet en meer bewus wees daarvan dat hulle in die sigbare wêreld tuishoort. Hernubare energie sal wel sekere geriewe moontlik maak, maar glad nie op dieselfde skaal as dié van die industrialisme wat op fossielbrandstowwe gebou is nie.

Dit sal egter nie outomaties die gevolg van die energie-afdraande wees nie. So ’n gelukkige uitkoms sal slegs deur harde werk tot stand kom.

Daar is talle bemoedigende aanduidings dat so ’n verskuiwing na volhoubaarheid begin posvat, maar daar is ook ontmoedigende tekens dat groot politieke en ekonomiese instansies ’n swaai in daardie rigting sal teenstaan. Die deurslag sal dus gegee word deur ’n publiek wat die situasie begryp, persoonlike stappe doen en van plaaslike en nasionale regerings vereis om daadwerklik op te tree.

Die Toekoms van Energie-hulpbronne in Suid-Afrika

Die siening van die SA regering

OM DIE 6%-GROEIKOERS TE HAAL WAT DIE REGERING WIL, GAAN ENERGIE VERG. MAAR WAT IS DIE REGERING SE ENERGIEBELEID?

Deur Dr. Anthony Surridge[*]

Volhoubare ontwikkeling is die hoeksteen van die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsbeleid. Hoewel steenkool ongeveer 75% van Suid-Afrika se primêre energievoorraad verskaf en ongeveer 95% van ons elektrisiteit, werk die regering tans aan die beveiliging van die voorraad deur diversifikasie. Terreine waarop gekonsentreer word, sluit maatreëls in soos verhoogde doeltreffendheid, nuwe energiebronne soos hernubare bronne en verbeterde gas- en skoonkooltegnologieë.

Energie is 'n noodsaaklike maar ontoereikende drywer vir ekonomiese ontwikkeling. Die ontwikkeling van die energiesektor word bygestaan deur die Nasionale Geïntegreerde Energieplan. Nie alleen moet die ononderbroke toevoer van energie verseker word nie, maar ook moet die impak wat energieverwante aksies op die omgewing het, aandag geniet. Die omgewing op plaaslike, asook op 'n wêreldskaal. Die volgende aksies sal sommige van die sake behartig wat die regering in sy soeke na volhoubare energievoorsiening nastreef.

Energiedoeltreffendheid

Die implementering van energiedoeltreffende maatreëls lei tot 'n verlaging in energieverbruik, wat regstreeks verband hou met 'n afname in lugbesoedeling asmede 'n wesenlike finansiële besparing. Die Departement Mineraal- en Energiesake het 'n teiken gestel vir verlaging van die energievraag met 15% teen die jaar 2015. Spesifieke optrede sluit in:

- Energiedoeltreffendheid in die Bousektor: Hoewel hierdie sektor 'n relatief geringe persentasie tot nasionale energieverbruik bydra, kan besparing deur lae- en mediumkoste- tegniese ingrype 25% oorskry. Ten einde gedeeltelike penetrasie van tegniese maatreëls moontlik te maak, is 'n syfer van 11% met behulp van gedetailleerde modelleringsanalise bereken. Hierbenewens word geag dat 'n verdere verlaging van 4% realisties haalbaar is deur bestuursintervensie en veranderde gedragspatrone. 'n Verlaging van 15% in die uiteindelike energievraag teen 2015 word dus beoog. Die regering het die leiding geneem deur 'n program in die lewe te roep waardeur regeringsgeboue terugwerkend aangepas gaan word om meer energiedoeltreffend te werk.
- Verhoogde Energiedoeltreffendheid in die Nywerheid en Groot Sakeondernemings: Die nywerheids- en mynsektore maak gesamentlik die grootste energieverbruikers uit in Suid-Afrika. 'n Relatief hoë teoretiese potensiaal vir energiebesparing bestaan in die grootheid van 50% van die huidige verbruik vergeleke met internasionale beste praktyk, op 'n sektor-vir-sektor grondslag. Desnieteenstaande het navorsing getoon dat 'n besparingspotensiaal van minstens 11% maklik haalbaar sal wees deur die gebruik van lae- tot mediumkoste tegniese intervensies. Hierbenewens kan 'n verdere 5%-15% energiebesparing verkry word deur bewese geen- en laekoste-energiebestuurstegnieke en verstandige huishoudingspraktyke. Daar word dus geag dat die geteikende persentasie van 15% realisties en haalbaar is. 'n Finale energievraagverlaging van 15% teen 1015 is vir hierdie sektor geteiken. Ten einde dit te behaal het die Minister van Mineraal- en Energiesake 'n Energiedoeltreffendheidsooreenkoms met groot sakeondernemings en die nywerheid aangegaan.
- Regulering en Afdwingbaarheid van Energie-doeltreffendheidstrategie: Doeltreffendheidstandaarde is met welslae in die buiteland toegepas en het wesenlike verbeterings in doeltreffendheid meegebring. Suid-Afrika beskik oor 'n goed ontwikkelde stelsel van standaarde en gebruikskodes, wat in sommige gevalle gewysig kan word om doeltreffendheidsaspekte in te sluit sonder die nodigheid om heeltemal nuwe standaarde daar te stel. 'n Beoogde Energiewetsontwerp verleen aan die Minister van Mineraal- en Energiesake substansiële gesag om standaarde verpligtend te maak. Gevolmagtigde energiedoeltreffendheidstandaarde sal 'n belangrike en integrale deel van die Strategie uitmaak.
- Bewusmaking en Uitruiling van Inligting rakende Energiedoeltreffendheid: Inligting en generiese bewustheid is sleutelelemente tot die suksesvolle verandering van Suid-Afrika in 'n energiedoeltreffender samelewing. Wanneer wette en regulasies eers aangeneem is, sal argitekte hulle moet laat lei deur

[*] *Direkteur van Steenkool en Gas en Waarnemende Hoofdirekteur van Koolwaterstowwe, Departement Mineraal- en Energiesake*

standaarde, gebruikskodes, ens. oor hoe om huise volgens die nuwe regulasies te ontwerp, en loodgieters sal ook ingelig moet word oor die noodsaaklikheid om waterverwarmers te isoleer. 'n Verskeidenheid van openbare funksies word georganiseer om die profiel van energiedoeltreffendheid in die denke van die sleutel- belanghebbendes en die breë publiek te laat posvat. Met hierdie doel voor oë het die Departement van Mineraal- en Energiesake en die Nasionale Elektrisiteitsreguleerder en Eskom besluit om koppe bymekaar te sit om die saak aan te pak. 'n Baie geslaagde Energiebewustheidsmaand 2005 het in Augustus ten einde geloop. Dit sal voortaan die Energiedoeltreffendheidsveldtog genoem word, aangesien dit die grootste deel van die jaar sal voortduur.

Skoonsteenkooltegnologieë

In weerwil van die bepalings van die Kioto-protokol het die International Energy Agency 'n toename in die verbruik van fossielbrandstof geprojekteer. As Suid-Afrika se belangrikste inheemse finansieel lewensvatbare energiereserwe sal die gebruik van steenkool waarskynlik ook nasionaal toeneem. Daarom is dit die regering se plig om skoonkooltegnologieë te vind en te propageer. Vorige prestasies voorspel sukses op hierdie gebied. Eskom het byvoorbeeld oor die afgelope paar dekades die doeltreffendheid van elektrisiteitsproduksie (uit steenkool) van ~20% tot ~34% verhoog. Verdere verbeterings word ondersoek, insluitend superkritieke stoomketels.

Ander tegnologieë sluit in die invangs en berging (biologies en geologies) van koolstofdioksied. Suid-Afrika is 'n lidland van die Carbon Sequestration Leadership Forum, 'n internasionale liggaam wat die verspreiding van tegnologiese kennis op hierdie terrein fasiliteer, veral die huidige projekte wat koolstofdioksied etlike dekades reeds geologies berg. 'n Voorlopige studie het aangedui dat betekenisvolle koolstofinvangs en -berging in Suid-Afrika gedoen word. Verdere studies word oorweeg om die uitvoerbaarheid van sulke projekte te ondersoek.

'n Belangrike bron van lugbesoedeling in Suid-Afrika is die verbranding van steenkool in huishoudings. Dit het gelei tot 'n meetbare toename in siektes en sterftes by diegene wat daaraan blootgestel is. Die Departement van Mineraal- en Energie is besig om nuwe laerookbrandstowwe te ondersoek. Prioriteit word verleen aan die ontwikkeling van die "Basa njengo Magogo"-program – die afwaartse aansteek van 'n steenkoolvuur. Hierdie metodiek het 'n rookvermindering van 80-90% in laboratorium-toestande meegebring en lei ook daartoe dat minder steenkool verbrand (en dus minder koolstofdioksied vrygelaat) word.

Hernubare Energie

Fossielbrandstowwe is eindig. Fossielbrandstowwe mag ontwikkel het uit wat 'n mens as hernubare energie kan beskou (dit wil sê, sonlig wat biomassa genereer waaruit fossielbrandstowwe gevorm het), maar die hersikleringstyd daarvan plaas hulle buite die nuttigheidsperk vir huidige gebruik. Dit is duidelik dat, namate fossielbrandstowwe minder word, ander vorms van energie soos hernubare energiebronne hulle plek sal inneem.

Dit is duidelik dat hernubare energieontwikkeling finansiële insentiewe sal verg. Hoewel die Regering voornemens is om die nodige insentiewe te verskaf, is Suid-Afrika se fiskale hulpbronne beperk, en daar is hoëprioriteits- maatskaplike en ekonomiese programme, veral ten opsigte van dienslewering aan histories benadeelde gemeenskappe. Daarom sal die finansiële hulpbronne vir hierdie intensiewe uit 'n kombinasie van Suid-Afrikaanse en internasionale bronne moet kom. Suid-Afrika het reeds die Verenigde Nasies se Ontwerpkonvensie oor Klimaatsverandering (1997) onderskryf, asook die Kioto-protokol (2002), wat die raamwerk skep vir die tap van internasionale befondsing via die Global Environment Facility en die Clean Development Mechanism om kweekhuisgasemissies te veminder.

Die regering se langtermyndoelwit is die vestiging van 'n hernubare energiebedryf wat in die toekoms 'n volhoubare, volkome ongesubsidieerde alternatief vir fossielbrandstowwe sal bied. Die gedeelte van die uiteindelike energieverbruik wat tans deur hernubare energie verskaf word, het in 'n groot mate ontstaan vanweë armoede (bv. vuurmaakhout en dierlike afval wat vir koskook- en verwarmingsdoeleindes gebruik word). Om 'n doelbewuste koersverandering in die rigting van hierdie doelwit te bewerklstellig, stel die regering in sy mediumtermyn (10 jaar) 'n geteikende: 10 000 GWh (0.8 Mtoe) hernubare energiebydrae tot die finale energieverbruik in die vooruitsig teen 2013, wat hoofsaaklik uit biomassa, wind, sonenergie en kleinskaalse hidro-energie voorsien sal word. Die hernubare energie is bestem om vir kragopwekking en nie-elektriese tegnologieë soos sonwaterverwarming en biobrandstowwe aangewend te word. Dit is benewens die geraamde teenswoordige (in 2000) hernubare energiebydrae van 115 278 GWh/annum (hoofsaaklik uit brandhout en afvalstowwe).

Die volgende inisiatiewe is tans aan die gang:

- <u>Biobrandstowwe:</u> Grondopvullings-gasprojekte is ontwikkel in eThekwini Munisipaliteit (Bisasar Road) en word in ander sentra in Suid-Afrika (Johannesburg en Kaapstad beplan).

'n Gesamentlike Bio-diesel-implementeringskomitee is in die lewe geroep om die ontwikkeling van 'n bio-dieselnywerheid in Suid-Afrika te fasiliteer. Verskeie modelle word oorweeg, wat 'n vrywillige ooreenkoms insluit. Prysmeganismes word ondersoek om die nodige ondersteuning te verskaf om hierdie inisiatief 'n lewensvatbare sakemoontlikheid te maak.

'n Gesamentlike Bio-etanol- Implementeringskomitee word beplan ('n konsepvoorlegging om 'n mandaat aan te vra is reeds opgestel). Hulpbronstudies het getoon dat indien al die uitvoersuiker uit Suid-Afrika in bio-etanol omgesit word, dit tussen 50% en 70% van die lampoliemark kan vervang. Bio-

etanoljellie is 'n aantreklike alternatiewe brandstof vir paraffien. Daar is besluit om vanweë tekorte aan geskikte grondstofvoorrade nie op die kort termyn die bymenging van etanol in petrol te oorweeg nie.

- Passiewe Sonenergie en Kragnetverbinde hernubare energie: Ons makro-ekonomiese studie het aangetoon dat landopvulgas, suikerrietbagasse-, ko-generasie en sonwaterverwarming die laagste koste-opsies is. 'n Studie is gemaak oor die beskikbaarheid van biomassahulpbronne vir ko=generasie. Die Darling winddemonstrasieprojek (5.2MW) behoort teen volgende jaar in werking te wees.
- Aangewese Nasionale Owerheid/Skoon Ontwikkelingsmeganisme**:** Die Aangewese Nasionale Owerheid (ANO), 'n vereiste onder die Skoon Ontwikkelingsmeganisme (SOM), is in die lewe geroep in die Departement van Mineraal- en Energiesake. Die regulasies wat tot die stigting van die ANO gelei het, is in die Staatskoerant gepubliseer. Dit beteken dat die ANO nou binne die wettige mandaat werk soos in die regulasies gespesifiseer word. Die rol van die ANO is om SOM's goed te keur wat aan hom voorgelê word kragtens die Volhoubare Ontwikkelingskriteria. Hierdie projekoorsig word in oorleg met die tien Nasionale Staatsdepartemente gedoen.

Aardgas

Wanneer dit ontbrand, laat aardgas per energie-eenheid minder koolstofdioksied vry as steenkool. Een van die aktiwiteitsareas waarin die regering die energievoorraad wil diversifiseer, is die verhoogde gebruik van aardgas. Die bydrae van aardgas tot die primêre energievoorraad het van 'n vorige 1.5% tot ~3.3% (2005) gestyg sedert die aankoms van aardgas uit Mosambiek. Hierdie bydrae sal na verwagting tot ~4.3% styg wanneer die Mosambiek-Suid-Afrika-pypleiding sy maksimum kapasiteit bereik het. Verdere gasprojekte word ondersoek, insluitend die invoer van vloeibare aardgas vir onder meer die opwekking van elektrisiteit. Die beheer van die gasnywerheid word behartig deur:

(a) Die stigting van 'n Energiereguleerder (1 November 2005) wat die Gaswet sal bestuur en die ordelike ontwikkeling van die gasbedryf sal verseker.

(b) Oorgrensooreenkomste met Mosambiek en Namibië om die oorgrensbeweging van gas te fasiliteer.

Steenkoollaagmetaan

'n Aantal ondersoeke word tans in die private sektor ingestel na die gebruik van steenkoollaagmetaan. Die implementering van so 'n projek sal daartoe lei dat minder vlugtige metaan ('n potente kweekhuisgas) in die atmosfeer ontsnap.

Suid-Afrika oorweeg dit ook om toe te tree tot die "*Methane to Markets*"-organisasie – 'n internasionale liggaam wat die uitruiling van tegnologiese kennis fasiliteer.

Kernenergie

Suid-Afrika ondersoek tans die ontwikkeling van die korrelbed-kernkeaktor, wat minder kweekhuisgasse vrylaat as 'n steenkoolverbrandings-elektrisiteits-kragstasie.

Die bostaande het kortliks geraak aan die aksies wat onderneem word om te verseker dat ontwikkeling op 'n volhoubare grondslag geskied. Na gelang vordering op ander terreine gemaak word, sal dit ook by die implementeringstrategie ingesluit word. Suid-Afrika speel 'n leidende internasionale rol in volhoubare ontwikkeling en sal sy implementering verbeter namate nuwe tegnologieë na vore kom.

Die mark, die staat en die ekologie

OMGEWINGSAKTIVISTE EN –DENKERS HOU DIKWELS DIE MARK EN DIE STAAT VERANTWOORDELIK VIR DIE EKOLOGIESE EN ENERGIEKRISIS. MAAR KAN HULLE OOK INSTRUMENTE WEES OM DIE KRISIS OP TE LOS?

Deur Gerrit Kornelius*

Dié van ons wat die "oliekrisis" van 1972 onthou, kry dalk 'n duidelike gevoel van déjà-vu as ons sien die prys van Brent-ruolie is in 2005 $60 of meer. Daar is egter duidelike verskille tussen die situasie toe en nou. Een daarvan is dat die 1972-situasie 'n oliepryskrisis was eerder as 'n olieverskaffingskrisis. Destyds het die dominante verskaffers eenvoudig besluit om 'n (vir hulle) meer aanvaarbare prys te vra vir 'n kommoditeit met beperkte, maar baie groot reserwes. Vandag is daar egter tekens dat ons regtig die einde van "maklike olie" bereik het. 'n Tweede verskil is dat daar regte en ontstellende tekens is dat die wêreldwye ekologiese impak van die onbeteuelde gebruik van hierdie kommoditeit oor die algemeen onwenslik en vir sommige lande selfs rampspoedig kan wees.

Wat die eerste verskil betref: in 1972 was die wêreld se olieproduksie ongeveer 50 miljoen vate per dag. Dit het gestyg tot ongeveer 80 miljoen vate per dag in 2004, 'n jaarlikse saamgestelde groeikoers van slegs 2,2% per jaar. Vraagtoename per jaar, wat van 1990 tot 2003 gemiddeld ongeveer 'n miljoen vate per dag was, het skerp toegeneem tot 2,6 miljoen vate per dag in 2004 en projeksies dui daarop dat dit vir die volgende twee jaar bo 2 miljoen vate per dag sal bly. Terselfdertyd het die wêreldwye ongebruikte produksiekapasiteit, wat van 1991 tot 2003 gemaklik op 3 miljoen vate per dag, of ongeveer 4% van die vraag, gestaan het, afgeneem tot minder as 2 miljoen vate in 2004 en die projeksies is dat dit in 2006 minder as 'n halfmiljoen vate per dag sal wees. Vanselfsprekend sal volgehoue hoë pryse meebring dat meer olie gepomp word, maar selfs die optimistiese Energie-inligtingsagentskap (EIA) van die VSA beraam dat die totale toeganklike reserwes net 45 jaar sal hou teen die huidige vraag, of ongeveer 35 jaar teen die gemiddelde geprojekteerde vraag oor die volgende 30 jaar teen die historiese groeikoers (1). Onkonvensionele bronne, soos die swaar ruolie in die Kanadese teersand, sal ten beste teen 2025 agt miljoen vate per dag, of minder as 6%, bydra. Ofskoon 'n mens kan aanvoer dat die huidige prysvlakke kunsmatig is weens die skerp styging in vraag wat minstens deels toegeskryf kan word aan die vinnig groeiende vraag uit Asiatiese ekonomieë, moet die gevolgtrekking nogtans wees dat ons dit waarskynlik nooit weer sal beleef dat olie $30 per vat kos nie. Dit sal waarskynlik 'n verskuiwing na aardgas en (terug) na steenkool afdwing. Danksy die hoë olieprys en elektrisiteitstekorte in die VSA het die prys van natuurlike gas ook snel toegeneem; 'n verskuiwing na alternatiewe energiebronne, waarvan steenkool noodwendig op die medium termyn 'n groot deel sal uitmaak, lyk onvermydelik.

Die tweede verskil is die aard en omvang van die invloed op die omgewing van die gebruik van al die energiebronne, waarin olie 'n belangrike rol speel. In stede oor die hele wêreld dra vervoerverwante (en dus oliegebruiksverwante) lugbesoedeling by tot ongewenste uitwerkings op mensegesondheid. Mexikostad is 'n legendariese voorbeeld, maar die vlakke van deeltjiestof (rook) en ander besoedelstowwe wat regstreeks en onregstreeks deur voertuiggebruik veroorsaak word, veral in megastede in die ontwikkelende wêreld, oorskry die riglyne gestel deur die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram en die Wêreldgesondheidsorganisasie. Sekondêre gevolge sluit in sig, en dus toeristepotensiaal, byvoorbeeld die "bruin waas" in Denver (Johannesburg) en Kaapstad. Op veel groter skaal het die sogenaamde kweekhuisgasse, wat die uitstraling van langgolfstrale van die aarde af na die ruimte belemmer en so die aarde se gemiddelde oppervlaktemperatuur verhoog, aansienlik sedert die Nywerheidsomwenteling toegeneem. Die potensieel rampspoedige effekte van hierdie temperatuurstyging is goed gedokumenteer (2). Die vrystelling van hierdie gasse kan regstreeks verbind word met die gebruik van fossielbrandstowwe, nie net vir vervoerdoeleindes nie (hoewel die groei in die vervoersektor die grootste was) maar ook vir die ontwikkeling van elektriese (en ander vorme van) energie vir nywerheids- en huishoudelike doeleindes. Die wêreld se energiegebruik het sedert 1972 verdubbel, en vanweë die verhoogde gebruik van aardgas, wat oor die algemeen 'n "skoner" energiebron is, het die koolsuurgasvrystelling in dieselfde tydperk met ongeveer 70% gestyg tot die huidige ongeveer 24 miljard ton per jaar. 'n Terugkeer na steenkool sal die situasie in hierdie konteks vererger.

Die plaaslike en regionale uitwerking van die verhoogde gebruik van energie word redelik goed verstaan, ofskoon die doeltreffendste manier om dit die

* *Chemiese ingenieur en spesialis in lugbesoedelingsbestuur; deeltydse navorser, Departement Chemiese Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria*

hoof te bied soms tot heftige debat lei. Menings oor aardverwarming en die presiese uitwerking wat antropogene vrystellings van kweekhuisgasse het, is egter beslis nie eenselwig nie. Die teenargumente teen die heersende meerderheidsiening dat daar wel sodanige uitwerking is en dat die grootte daarvan binne 'n sekere grootteorde bepaal kan word, wissel van "mensgemaakte vrystellings is klein vergeleke met natuurlike vrystellings" of "klimaatsverandering in die huidige tydvak is gering vergeleke met historiese veranderinge op 'n geologiese tydskaal" tot "die wetenskap van al die natuurlike terugvoersiklusse word nie volkome verstaan nie en voorspellings oor globale en regionale gevolge is dus onseker".

Voorstanders van die eerste kategorie is geneig om die feit te ignoreer dat mensegetalle sedert prehistoriese tye in grootteordes toegeneem het, dat mense 'n baie groter deel van die aardbol beset as ooit tevore en dat die mens dus, veral in sekere dele van die aarde, baie meer kwesbaar is (en, terloops, dat die huidige konsentrasie van koolsuurgas van ongeveer 375 dele per miljoen hoër is as die afgelope 400 000 jaar). En hoewel die mensverwante vrystellings miskien slegs 'n klein deel van die totale wêreldkoolstofbalans is, kan die gevolge geskei word van natuurlike verskynsels en is dit groot genoeg om 'n bron van kommer te wees vir die menslike beskawing, of minstens die menslike ekonomie, in sy huidige stand van ontwikkeling.

Die tweede kategorie argumente verteenwoordig 'n siening (wat soms voorgestaan word deur lede van die wetenskapsgemeenskap wat betrokke is by die breër terrein van die ekologiese uitwerking van menslike aktiwiteite) dat optrede uitgestel moet word tot tyd en wyl daar groter wetenskaplike sekerheid is oor die presiese oorsaak-gevolg-verhouding. Vanuit 'n suiwer wetenskaplike oogpunt is dit moeiliker om op hierdie standpunt te reageer omdat die argument nie suiwer natuurwetenskaplik is nie. Later gee ons weer aandag aan hierdie debat.

Die argumente rakende die mees gepaste reaksie op die omgewingsinvloed van die gebruik van energie was selfs driftiger as die wetenskaplike debat oor wat die gevolge werklik is of in die toekoms sal wees. Die rede is dat hierdie argumente beïnvloed word deur die ekonomiese en etiese beskouings van die voorstanders daarvan. Enersyds sal diegene met 'n holistiese siening van die heelal (wat soms ekodwepers of "bunny huggers" genoem word, hoewel die terme nie reg laat geskied aan die diep oortuigings van minstens party lede van dié groep nie) aanvoer dat alle natuurlike sisteme 'n bestaansreg het en dus teen die gevolge van menslike aktiwiteite beskerm moet word. Andersyds sal diegene met 'n meer antroposentriese beskouing aanvoer dat sekere gevolge onvermydelik is en as die prys van vooruitgang aanvaar moet word (en selfs hier beland pogings om "vooruitgang" te definieer in valstrikke).

Hierdie uiteenlopende beskouings het ook die beleidsmaatreëls beïnvloed wat in die verlede ingestel is in reaksie op omgewingsbedreigings. Enersyds is daar, wanneer daar voldoende eenstemmigheid oor die bedreiging was, nasionaal, regionaal en internasionaal stappe gedoen. 'n Uitstekende voorbeeld is die Montreal-protokol, wat in 1987 deur die meeste lede van die wêreldgemeenskap onderteken is. Dit het voorsiening gemaak vir die uitfasering van die vervaardiging van osoonvernietigende stowwe en het gevolg ná wetenskaplike waarnemings dat dié stowwe, met 'n atmosferiese leeftyd van vyftig jaar of meer, die stratosferiese konsentrasie van osoon, wat alle lewe beskerm teen die uitwerking van ultraviolet straling, verlaag. Sonder uitdruklike vermelding van die ekonomiese koste van die uitfasering is daar by Montreal op 'n skedule ooreengekom, wat in 1990 in Londen en in 1992 in Kopenhagen selfs versnel is. Selfs ontwikkelende lande is ingesluit, en 'n verslapping van die skedule was die enigste toegewing wat vir hulle gemaak is. Sinici sal aanvoer dat die snelle optrede die gevolg was van die besef dat die koste van die inwerkingstelling meer as vergoed sou word deur die geleenthede wat geskep is deur die vervaardiging van vervangingsverbindings. Die feit bly egter steeds dat die vervaardiging van osoonvernietigende stowwe feitlik geheel en al gestaak is, en dat die "gat in die osoonlaag" nie meer groter word nie. 'n Soortgelyke voorbeeld op streekvlak is die vermindering van swaeldioksied- en stikstofoksiedvrystellings uit groot verbrandingsbronne (hoofsaaklik kragsentrales) in die Europese Unie. Dit het plaasgevind toe dit in 1970 duidelik geword het dié vrystellings bygedra het tot woudafsterwing ("waldsterben") en die aansuring van oppervlakwaters in Duitsland en Skandinawië.

Die identifisering van 'n soortgelyke probleem aan die ooskus van die VSA het daartoe gelei dat 'n markmeganisme ingevoer is om vrystellings deur kragsentrales te verminder. Daar is aan die betrokke kragsentrales toewysings, waarvan die hoeveelheid jaarliks verminder is, gedoen om swaeldioksied vry te stel. Hulle kon óf hulle vrystelling fisies verminder, óf sulke toewysings van ander kragsentrales koop wat meer as hulle gelyste vereiste verminder het. Die argument was dat die mark die mees ekonomies doeltreffende verminderings eerste sou laat plaasvind – wat inderdaad ook gebeur het, en wel in so 'n mate dat die mark vir swaeldioksiedvrystelling-toewysings feitlik verdwyn het omdat die gewenste algehele vermindering plaasgevind het. 'n Soortgelyke stelsel vir stikstofoksiedvrystellings is steeds in Los Angeles in werking.

Die maatreëls wat deur die Kioto-protokol van die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering ingestel is, verteenwoordig 'n enigsins soortgelyke benadering tot die kwessie van aardverwarming. 'n Perk of maksimum vrystellings-hoeveelheid is ingestel en 'n toewysing gedoen aan elk van die bydraende state in die kategorie "ontwikkelde lande" (die EU, die VSA, Oos-Europa se voorheen sentraal beplande ekonomieë, Australië en Japan). Daar is twee groot verskille tussen hierdie skema en die vroeëre voorbeelde: Die wêreldskaal van die probleem, en die gebrek aan eenstemmigheid dat die voordele (wat eers oor dekades duidelik sal word) die kostes van versagting oorskry wat op die kort en medium termyn (en vir nou slegs deur ontwikkelde lande) aangegaan

moet word. Die VSA en Australië, wat onderskeidelik die grootste en derde grootste vrysteller van kweekhuisgasse per capita is, het die Kioto-protokol van die hand gewys, maar die altyd doeltreffende Europeërs het 'n vrywillige toewysing vir elk van die ledestate en 'n doeltreffende verhandelingsmeganisme daargestel (waarvoor die Kioto-protokol ook voorsiening maak) nog voor die protokol van krag geword het. Dit het gelei tot 'n aktiewe mark waarin toewysings wat gemaak is kragtens die Europese skema van verpligte verminderings, en vrywillige verminderings in die kategorie "ontwikkelende lande" van Kioto, wat voorlopig vrygestel is van verpligte verminderings, gelykwaardig verhandel kan word.

Die sukses van sulke markgedrewe skemas hang af van 'n aantal voorvereistes:

- Erkenning en (voldoende) algemene ooreenstemming dat die probleem wel bestaan.
- Die implementering van die ekonomiese instrument op dieselfde skaal as dié van die probleem (die verhandeling van kweekhuisgasverminderings op 'n wêreldwye skaal om die kweekhuisgasvrystellings oor die hele wêreld heen die hoof te bied, is sinvol; om 'n belasting op swaeldioksied op die hoëveld van Mpumalanga in te stel ten einde 'n regionale swaeldioksiedprobleem in Durban die hoof te bied, is nié).
- Die aanwesigheid van 'n voldoende aantal rolspelers in die mark om 'n doeltreffende mark te skep.
- 'n Toereikende sanksie vir niebereiking van jou teiken – die boete van €40 per ton kweekhuisgas vir maatskappye wat nie hulle teikens vir 2005 tot 2007 bereik nie, is voldoende om die vermindering van gemiddeld 5% teweeg te bring wat van Europese state vereis word, maar is dalk nie genoeg om groter verminderings teweeg te bring nie.
- In finale instansie is 'n deeglike raming nodig van die omgewingskade wat aangerig word deur die aktiwiteit wat beheer word. Daarsonder sal 'n mens nie in staat wees om ekonomies doeltreffende gedrag "aan te dryf" nie – met ander woorde, om te bepaal of jy nie meer skade as goed doen nie, of om die sanksiewaarde op die gepaste vlak te stel.

Suiwer ekonome kan miskien aanvoer dat die tussenkoms van 'n reguleringsagentskap in bogenoemde voorbeelde 'n afwyking van vryemarkbeginsels verteenwoordig. Dit is miskien waar, afhangende van die definisie van 'vrye mark', maar pragmaties is daar geen ander manier waarop die waarde van "gemeenskaplike goedere" of die skade wat aan "gemeenskaplike goedere" aangerig word (die sogenaamde eksternaliteite), in die vergelyking ingebring kan word nie.

Is dit moontlik om 'n waarde te heg aan omgewingskade of eksternaliteite? In ekonomiese sin is die instrumente daarvoor gewis beskikbaar, maar in sekere mate hang hulle natuurlik af van die samelewing se siening van die waarde van sekere geriewe of aantreklikhede. ('n Mens sal byvoorbeeld 'n genoegsaam verteenwoordigende steekproef van die bevolking moet vra wat 'n onbelemmerde uitsig op Tafelberg vir hulle werd is.) 'n Studie wat dikwels aangehaal word, is dié wat in 1995 in die VSA gepubliseer is onder die titel *New York State Environmental Externalities Cost Study*. Die doel daarvan was om die laagste totale koste-alternatief (insluitend omgewingskoste) vir daardie staat se volgende kragsentrale te bepaal (3). Die benadering is ook al in Suid-Afrika toegepas, beginnende met Clive van Hooren se werk oor die eksternaliteitkoste van elektrisiteitsontwikkeling in Suid-Afrika (4). Onlangse werk deur James Slabbert en Martin de Wit het die omvang verbreed (5), en onlangs het Yvonne Scorgie eksternaliteitontleding toegepas om die doeltreffendheid aan te dui van alternatiewe maatreëls om vrystellings uit "vuil brandstowwe" (met hoë atmosferiese vrystellings) in groot stedelike en nywerheidsentra in Suid-Afrika te verminder, hoofsaaklik op die basis van gesondheidskoste (6).

In sekere sin staan Suid-Afrika by die kruispad wanneer hy moet besluit oor sy energievoorsieningsbeleid vorentoe. As sesde grootste steenkoolprodusent ter wêreld steun sy ekonomie swaar op steenkool as sy primêre bron van energie. Meer as 90% van die elektrisiteit wat ontwikkel word en ongeveer 28% van sy vloeibarebrandstofbehoeftes is uit steenkool afkomstig, wat die land die elfde grootste per capita-vrysteller van kweekhuisgas ter wêreld maak, en teen 7,5 ton per capita per jaar (vergeleke met die VSA se bykans 20 ton) – dubbeld die wêreldgemiddelde – verreweg die grootste van die ontwikkelende lande (behalwe as 'n mens Saoedi-Arabië as 'n ontwikkelende land tel). Voorts oorskry die konsentrasie van swaeldioksied en stikstofoksiede op sekere plekke op die Mpumalanga-hoëveld gereeld die riglyne van die Wêreldgesondheidsorganisasie. Die huidige beleid het ons goed te pas gekom vir ontwikkelingsdoeleindes; "die goedkoopste elektrisiteit ter wêreld" het energie-intensiewe nywerhede gelok, soos aluminiumproduksie (waarvoor, terloops, nóg die grondstof, nóg die mark vir die eindproduk plaaslik is). Daarbenewens is die plaaslik ontwikkelde tegnologie vir die vervaardiging van vloeibare brandstowwe uit steenkool en gas wêreldwyd in aanvraag, en die aanwending daarvan kan heel moontlik plaaslike ekonomiese ontwikkeling verder aanhelp. Die argument is geopper dat, in die lig van die dringende behoefte aan ekonomiese groei en die vermindering van werkloosheid, dieselfde baan vir die afsienbare toekoms gevolg behoort te word.

Dit ly geen twyfel nie dat die tegnologie om lewensvatbare hernubare energiebronne te benut op die skaal wat nodig is, nog etlike dekades ver in die toekoms lê. Die vraag is of 'n korttermynbenadering van eenvoudig 'n nul-vermenigvuldiger op die samelewings- en omgewingskoste van die huidige metodes van steenkoolgebruik toe te pas, nog gepas is, en of 'n wye reeks alternatiewe (met inbegrip van kerntegnologie en gevorderde steenkoolbenuttingstegnologie) nie ondersoek behoort te word deur die huidige stand van kennis nie net van tegnologieë nie, maar ook van die koste van die omgewingsimpak op 'n nasionale en wêreldskaal te gebruik nie.

(1) http://www.iea.org/ ; http://www.eia.doe.gov/
(2) http://www.grida.no/
(3) Rowe, R.D. et al, *The New York State electricity externality study*, New York: Oceana Publications, 1995.
(4) Van Horen, C., *Counting the social costs. Electricity and externalities in South Africa*, Kaapstad: UCT Press/Elan Press, 1996.
(5) De Wit, M.P. & J. Blignaut, *Sustainable Options.Development lessons from applied environmental economics*, Kaapstad: Juta Academic/UCT Press, 2004.
(6) Scorgie, Y. et al, "Air pollution in the Vaal Triangle – Quantifying source contributions and identifying cost-effective solutions" in *Clean Air Journal* 13 (2) pp. 5-18.

Hart van Staal

Yskor Vanderbijlpark, sy bure en 'n nuwe moment in 'n 44-jaar stryd teen besoedeling

1948 WAS 'N BESIGE JAAR. HJ VAN DER BIJL, EEN VAN SMUTS SE BRILJANTE JONG MANNE WAT DIE HOOF EN STIGTER WAS NIE NET VAN YSKOR NIE, MAAR OOK VAN ESKOM EN DIE NYWERHEIDBELEGGINGSKORPORASIE, STERF AAN KANKER. SY LIEFLINGSPROJEK, DIE EERSTE TEN VOLLE GEÏNTEGREERDE STAALWERKE IN SUID-AFRIKA, IS IN AANBOU LANGS DIE VAALRIVIERDORP WAT SY NAAM DRA EN VOLGENS MODERNE BEPLANNINGSBEGINSELS UITGELÊ IS. MAAR DIE BESKIKBARE GELD IS VER ONDER DIE BEDRAG WAT BEGROOT IS. DIE NASIONALE PARTY, WAT PAS AAN BEWIND GEKOM HET, VERTROU HOM GLAD NIE, EN BUITENDIEN VOLG HULLE 'N KONSERWATIEWE FINANSIËLE PAD.

Deur Victor Munnik[*]

In 1952 begin the staalwerke funksioneer. In 1961 kom die eerste klagte van Waterwese: julle besoedel. Oor die jare word hierdie klagte gereeld herhaal. Yskor belowe verbeterings. Maar die besoedeling gaan ongehinderd voort. Aan die westekant van Yskor woon 'n gemeenskap op amper 600 kleinhoewes, afhanklik van boorgate vir drinkwater vir hulleself, hulle vee en hul gewasse.

Elke dag vloei meer as 6 miljoen liter water deur die Vanderbijlpark-Staalwerke. Dit gaan deur die kooksoonde waar dit organiese stowwe optel, sommige hiervan kankerwekkend. Dit vloei deur die staalfabriek self, waar swaar metale soos kadmium, chroom en lood gebruik word. Dan vloei dit na die verdampingsdamme, of weg deur die kanaal wat deur Steel Valley, Linkholm en Louisrus na die Rietrivier en dan die Vaalrivier by Loch Vaal inloop. Die probleem is dat die damme en die kanaal geen vloer het nie.

Die klagtes oor die besoedeling gaan deur die jare voort, maar soos Danie Lingenvelder van die Louisrus Belangegroep sê, "dit maak nie hond haar-af nie". Die inwoners word siek. Jaap van Rensburg stel 'n siektekaart op van die gebied, want die inwoners kla oor hulle kanker, nierprobleme, aanhoudende moegheid en hoe vreemd die water smaak, hoedat die diere en plante vrek. Intussen swem die kinders van Linkholm en Louisrus in die kanaal wat elke dag, winter en somer, vol water is. Soms is daar 'n vloed, soos die een wat die Cocks se huis, reg langs die kanaal, oorstroom het.

Lulu Geldenhuys, gebore Cock, is die oudste dogter. Sy kry werk as kraandrywer by Yskor. Maar na 'n paar jaar doen sy kanker op. Sy verloor haar babas voor geboorte. Die dokters sê sy het drie soorte kanker. Een dokter sê vir haar sy moes êrens gif ingekry het. Dan besef sy: dit moes die kanaalwater gewees het.

Die hoewe-eienaars pak Yskor aan. Die plaaslike Lid van die Volksraad gaan kla, maar die boodskap kom terug: Yskor is van strategiese belang vir die land. Los uit.

Staal is inderdaad strategies belangrik. Wêreldwyd is staal baie nou gekoppel aan die nywerheidsekonomie, en die prys van staal weerspieël die groei- en krimpsiklusse van die ekonomie direk. In Suid-Afrika was staal 'n voorwaarde vir die groei van die myne, die toespan van plase, die spoorweë, industrialisasie, die boubedryf, die motorbedryf en later die wapenbedryf.

Johan Dewing, wie se hoewe reg oorkant Yskor (nou Mittal) se groot swart slakberg (slagheap) is, verduidelik dat hulle in die 1980's gewaarsku is dat Yskor 'n sleutelpunt is, beskerm deur die sleutelpuntwet, en dat die bure "nie foto's van Yskor mag neem nie en nie eers langs die draad moet stap en rondkyk nie".

In 1989 koop Neville Felix, 'n ANC- en SAKP-aktivis en kleintyd uitgeskop uit Distrik Ses in die Kaap, 'n hoewe in Steel Valley deur 'n derde party, aangesien die Groepsgebiedewet nog nie afgeskaf is nie. Sy bure, hoor hy oor die loopgeselser (*walkie-talkies*) van daardie dae (voor selfone) dink hy is 'n Arabier. Hy merk dat die meeste mense lekker regs is, en begin 'n program om plaaswerkersregte te bevorder. Hy help om Ramatjwe, 'n plaaslike boer wat met swart skoolmeisies lol, voor die plaaslike hof te sleep. Sy waghonde word keelaf gesny. Maar wanneer 'n hoëveld-veldbrand uitbreek, is daar honderde swartmense wat kom help brandslaan. Hy hoor sy bure oor die loopgeselser sê dat enigiemand wat vir Felix aanval, onder sy swart ondersteuners sal deurloop.

Felix is baie bedrywig in die politiek en word lid van die Wesrandse Distriksraad. Dis dan wanneer hy besef iets is nie pluis met die water nie. Die storie is bekend, maar die swartmense, wat nou vir die eerste keer weer grond kan koop, luister nie na die stories van besoedeling nie. Dis net nòg 'n skelmstreek van die witmense wat nie wil meng nie, brom hulle, en koop grond.

Een van hulle is Strike Matsepo. Hy het sy lewe lank by Coca Cola gewerk as werktuigkundige, en met sy pensioen koop hy 'n hoewe, nie ver van Dewing af nie, ook teen die teerpad oorkant die swart slakhoop. Hy

[*] *Onafhanklike navorser en skrywer oor omgewingsake*

bring sy hele familie plaas toe. “Dit het gelyk soos ’n koshuis hier, met al die kinders.” Maar dan word sy diere siek. Sy diere word gebreklik gebore. ’n Vark word gebore met sy geslagsorgaan op die verkeerde plek. Sy plante gaan dood. Die mense in die huis word siek. Hulle moet groente gaan koop in Sebokeng, waar hulle dit vroeër self gekweek het.

Felix gebruik die stadsraad se laboratorium om die water en grond te laat ondersoek. Dit is nie geskik vir menslike verbruik en bewoning nie. Saam met sy bure ontwikkel hulle ’n visie van ’n hervestiging verder weg van Yskor. Die plaas Mooi Waters moet gekoop, en vir elke huiseienaar ’n nuwe huis op ’n nuwe hoewe gebou word. Dit sal ook die plaaslike ekonomie stimuleer. Water sal verskaf word, ’n skool en ’n polisiestasie en ekstra grond sal verkoop word om ’n gemeenskapsfonds te sterk om die mediese probleme van die mense te behartig. Vir plaaswerkers wat deur die verskuiwing hulle blyplek verloor, word ’n grondhervormingsplaas gekoop, en Minister Derek Hanekom sê, “Ja goed, ons maak so.”

Intussen kan Yskor die plek opkoop en herstel, betyds vir die Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling, sodat mense van oor die wêreld kan sien wat moontlik is in die nuwe Suid-Afrika. Die distriksraad steun die visie. Dit word voorgelê aan dieYskor-besprekingsforum, maar Yskor wil daar niks van weet nie. Nee, nee en nee is die antwoord.

Felix gaan praat met sy kontakte in die regering. Hy het toegang tot minister Kader Asmal en later Ronnie Kasrils. Hulle belowe plegtig om te help. Maar dit gebeur nie. Yskor besoedel voort.

In die middel 1990’s vat ’n groep wit boere onder leiding van Johnny Horne Yskor hof toe vir vergoeding. Die saak word buite die hof geskik, en die eienaars kry ’n geskatte 50 miljoen rand as groep. Hulle trek weg. ’n Tweede, gemengde groep van 16 besluit om Yskor ook hof toe te vat. Dit gebeur in 2001. Die groep ontdek die Waterwese-korrespondensie wat wys dat Waterwese al sedert 1961 kla oor verskeie vorme van besoedeling deur die staalwerke. In die korrespondensie is daar verslae van talle ingenieurs-konsultante oor die probleme. Dis duidelik dat die grondwater besoedel is in ’n pluim wat tot sewe kilometer kan strek, en dat die damme en kanaal nog steeds geen vloere het nie. Yskor se eie konsultante sê so. Een van Yskor se omgewingswetenskaplikes, Pieter van Eeden, maak dokumente openbaar wat Yskor se omgewingsbestuur in ’n baie slegte lig stel.

Maar die 16 applikante verloor die saak. Yskor spandeer miljoene aan oorsese wetenskaplikes om Waterwese en hul eie konsultante se studies aan flarde te skeur. Yskor ontken enige skuld. Die besoedeling gaan voort.

Tydens die hofsaak muilband Yskor die 16 applikante. Hulle kinders stig die Steel Valley Crisis Committee (SVCC) om namens hulle te praat. Met die Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling net om die draai word die SVCC heel beroemd. Tydens ’n “giftige toer”, vergaap oorsese besoekers hulle aan die oudmodiese staalwerke. “Dis soos ’n tydsglip vir ons,” sê die Europeërs. “Dis soos ’n museum.”

Die Steel Valley Crisis Committee word blootgestel aan organisasies wat hulle beywer vir omgewingsgeregtigheid, en word deel van hierdie netwerke. Van hulle reis na Nigerië om te gaan kyk wat in Shell en ander se olievelde aangaan. Hulle sien die voorbeeld van die Suid-Durban gemeenskapsalliansie teen die besoedeling van die petrolraffinaderye in Durban. In ’n werkswinkel vir die SVCC besluit al die uitgenooides om ’n groter alliansie te stig om al die besoedeling in die Vaaldriehoek te staak.

In Oktober 2005 word die Vaal Environmental Justice Alliance – VEJA – geloods in Sebokeng. Die funksie moet oorskuif na ’n groter saal omdat meer as 300 mense saamtrek. Die organisasies wat affilieer kom van Boipatong, Bophelong, Vanderbijl, Sebokeng, Sasolburg. ’n Sterk groep is die Vaal Working Class Coordinating Committee, wat Yskor al twee keer met sukses gepak het, een keer oor behuising en ’n ander keer oor korrupsie. Daar is kerkleiers van die inheemse kerke, en die Katolieke Justice and Peace. Daar is die Retrenched Samancor werkers, met gevalle van mangaanvergiftiging. Sasolburg Air Quality Monitoring Group, African Heritage Club. Die Louisrus Belangegroep word ingesluit en is teenwoordig by die funksie in Sebokeng. Die beweging word ondersteun deur nie minder nie as vyf NRO’s. Dis ’n sterk groep, en sluit mense in van alle politieke partye. Dit gaan nie om partypolitiek nie, dit gaan om die reg op ’n gesonde, skoon omgewing.

Die vraag kan wel gevra word: hoekom glo VEJA dat sukses in die stryd teen besoedeling nou moontlik is?

Daar is tans beweging in die besoedelingsarena. Die Departement van Omgewingsake het ’n nuwe luggehaltewet, plus die Groen Skerpioene wat begin optree teen besoedelaars. Die Minister van Omgewingsake het die Vaaldriehoek as ’n prioriteitsgebied verklaar. Hopelik is dieselfde gees werksaam in Waterwese. Terselftertyd het Yskor se posisie heelwat verander. Teen die einde van die 1980’s is Yskor geprivatiseer, en nou vorm dit deel van Mittal Staal, die grootste staalmaatskappy in die wêreld. Mittal Staal het homself ongewild gemaak by beide die regering en bedrywe (insluitende goudmyne en motorvervaardiging) wat geraak word deur die buitensporig hoë prys van Mittal se staal. Duisende werkers is reeds by Vanderbijlpark ontslaan (net 6 300 is oor uit ’n vroeëre 30 000), wat hulle die vakbonde se simpatie kos.

’n Regeringsamptenaar (wat naamloos sal bly) word gevra hoe pak ’n mens so ’n enorme probleem aan soos die Yskor-besoedeling? “Hoe eet ’n mens ’n olifant?” is die weervraag. En die antwoord: “hap vir hap”.

VEJA se doelstellings is:

- Stop besoedeling in die Vaaldriehoek!
- Herstel besoedelingskade!
- Vergoed skade aan mense en hulle inkomste-basis!

Kontak <victormunnik@iafrica.com> vir meer inligting.

Biodiesel in Suider-Afrika

BIODIESEL WORD DIKWELS AS ALTERNATIEWE BRANDSTOF GENOEM. MAAR HOE LYK DIE MOONTLIKHEDE VIR BIODIESEL IN SUIDER-AFRIKA?

Deur Johan Theron*

Biodiesel word gemaak van plantolies en nie van petrol of mineraalgebaseerde olies nie. Biodiesel ding dus nee teen brandstof en is ’n doring in die vlees van die groter politiese en ekonomiese kragte in die wêreld.

Oor die laaste vyf jaar het daar egter teenargumente ontstaan, naamlik:

- Suid-Afrikaanse brandstof is baie duur
- Sasol het nie nodig om so baie wins te maak nie
- Duitsland het 1500 vulstasies wat biodiesel verkoop
- Brandstof en diesel vervuil die lug en,
- Daar is genoeg grond om biodieselaanplantings te regverdig.

Hierdie teenargumente bevorder die ontwikkeling van ons ekonomie en ekologie meer as wat die huidige status quo bied.

Die regering se doelwit is om biodiesel teen 2012 in te lyf in die ekonomie. Hulle het Sasol geoormerk om 5% van die biodieselproduk met 95% van die mineralediesel te meng sodat dit deur gewone vulstasies versprei kan word soos in onder meer Duitsland.

Markgrootte

Die SA dieselmark hanteer ongeveer 7000 miljoen liter per jaar waarvan die vervoerbedryf (skepe, treine en trokke) ongeveer 70%, en die landbousektor ongeveer 200 miljoen liter (2.8%) gebruik. Die regering se doelwit van 5% stel dus ’n behoefte van ongeveer 350 miljoen liter diesel per jaar.

Tans beplan die privaatsektor 5 vervaardigings-aanlegte in onder meer Bethal, Durban, Bothaville, Lichtenburg en Mafikeng. Die afleiding is dat indien die produksievermoë 50 miljoen liter per aanleg is, daar nog ’n tekort van 100 miljoen liter diesel per jaar sal bestaan. Sasol word nie gesien as die uitstaande verskaffer nie omdat hulle kernbesigheid die verwerking van steenkool, gas en minerale olie is.

Dit skep die geleentheid wat die regering voorsien het toe hulle aanvanklike evaluasies daarop gedui het dat biodiesel nie beïnvloed word deur die ekonomie van skaal nie. Hierdie feit motiveer dus ’n verdere gedesentraliseerde ontwikkeling van laevolumebiodieselproduksie in die platteland waartoe Jan alleman toegang kan hê.

In praktiese terme is daar ’n geleentheid vir twee klein aanlegte per plattelandse dorpie (ingesluit SA se buurlande), wat elkeen ongeveer 25000 liter per jaar of 113 liter per werksdag sal moet produseer.

Impak op die burger

Dit is die burger se sak en voertuig wat geaffekteer gaan word. Eerstens word gesê dat biodiesel goedkoper gaan wees, maar die verskaffers van plantmateriale sien hierdie geleentheid om pryse op te jaag. Biodiesel se prys in vergelyking met mineralediesel is dus nie meer so gunstig nie. Die regering moet hierdie tydelike wanbalans herstel met ’n tydelike subsidie om groot en klein vervaardigers aan te moedig.

Slegs eienaars van dieselenjins word geaffekteer. Die nadeel is dat swak gehalte biodiesel ’n enjin kan beskadig. Alle biodieselvervaardigers is dus verplig om deurlopende toets én beheermaatreëls te implementeer. Die voordeel is dat dieselenjins beter presteer met biodiesel omdat die enjin skoner loop - dit is dus die moeite werd op die lang termyn.

Die voordeel vir almal in die Suider-Afrikanse omgewing is dat blou diesel uitlaatwolke nie meer ons lewens gaan versuur nie, die dieselenjins langer gaan hou, ons handelsbalans versterk, ons landbou uitbrei, grond effektief gebruik word, individue meer onafhanklik van die staat kan wees en uiteindelik betaal ons almal minder belasting.

Tegniese vereistes

Eetbare olies (sonneblom, sojabone, sesame, olywe, grondbone, palmvrug, ens.) en oneetbare olies (jatropha, kasterpitte, raapsaad, katoenpitte en diervette, ens.) kan as die hoofbestandeel gebruik word.

Om 1 liter biodiesel te maak, benodig mens 1 liter plantolie, 200ml methanol en 5 gram sodiumhidroksied, wat 100ml gliserien as neweprodukt laat afsak en waarna die biodiesel afgegooi word.

Alles is nie maanskyn en rose nie, en daar is drie belangrike aspekte ter sprake, naamlik:

1) Produksie – die biodiesel moet gefiltreer word tot 2-10 mikrometer om die vaste stowwe te verwyder. Die stoorleeftyd moet gemonitor word omdat die biodiesel jellie-agtig raak oor tyd, maar dit kan behandel word.

2) Gehalte – die produksieproses moet verseker dat die biodiesel aan internasionale standaarde soos

---

* *Ingenieur*

** *Hierdie artikel is gebaseer op ‘n internetondersoek en ondersteun deur antwoorde van sommige belanghebbendes. Vir enige verdere inligting skakel Johan Theron by 082-351-0508*

ASTM D6751 en EN 14214 voldoen. Klein en groot vervaardigers moet toegang tot 'n klein laboratorium hê om elke dag toetse te kan doen op die inset en uitset van elke aanleg.

3) Veiligheid – Metanol is gevaarlik vir die vel maar kan ook ontplof. Beheermaatreëls moet geïmplemeteer word om hierdie negatiewe aspekte te beheer maar ook om regsaksies te vermy. Etanol is 'n alternatief maar dit is minder effektief in die produksieproses.

Aanpassings vir ieder en elk

Die regering beperk boere se waterregte en dit is bykans onmoontlik om permitte te kry. Dit gaan die geweldige aanplantings benodig vir biodiesel (miljoene hektaar) in die wiele ry. Daar is egter gulde geleenthede om die landbou in ons buurstate uit te bou en so nie net "onwettige" immigrasie om te keer nie maar ook om die etos van *gedissiplineerde* landbou in die plaaslike kulture in te werk. Dit sal die voorsiene probleem (waaroor die regering bekommerd was), dat boere nie meer wil "kos" maak nie maar biodiesel, ook verminder.

Die bedryf is tegnologies en finansieël sterk genoeg om die biodieseluitdaging aan te pak, maar subsidies is nog steeds nodig om die markwanbalans te stabiliseer en om aansporing aan vervaardigers te gee. Een voorstel is om groot vervaardigers se brandstoftoeslag tersyde te stel (R1.14 per liter) en om addisioneel belastingverligting vir klein vervaardigers toe te staan (rand vir rand koste).

Voertuigmaatskappye beveel 'n 5% mengsel (B05 diesel) aan omdat 'n eensklapse gebruik van 100% Biodiesel (B100) die vuilgoed in enjins losmaak wat dan filters en spuitstukke laat verstop. Eienaars van dieselenjins wat B100 wil gebruik moet dus toelaat vir addisionele dienste aan die enjins vir ongeveer 'n 700 km afstand of oorgangsperiode.

Nadat mens jou eie B100 begin gebruik is jy die koning van die pad en kan jy gerus maar 'n sleepwaentjie bou om jou eie biodiesel saam te sleep op vakansies!

In ons tweede dossier vandeesmaand, "Die gemeenskap staan op teen die Universiteit Stellenbosch" fokus ons op drie bydraes gelewer tydens die historiese Afrikaanse studentepetisievergadering op 24 Oktober by die US – die belangrikste Afrikaanse studenteprotesaksie sedert 1994, waarmee hierdie jong demokrate meer as 3600 handtekeninge teen die Stellenbosse elite ingesamel het. Eerstens publiseer ons eksklusief vier briewe van Breyten Breytenbach oor die saak. Tweedens vaar Johann Rossouw, redakteur van *Die Vrye Afrikaan,* onder die Stellenbosse misleiers in, en derdens is daar die toespraak van Christa van Zyl, die einste student wat in 2002 vrou-alleen meer as 3000 studentehandtekeninge ten gunste van Afrikaans by die US ingesamel het.

"Eet stront - 'n duisend vlieë kan nie verkeerd wees nie"

HIERMEE PUBLISEER *DIE VRYE AFRIKAAN* MET SPESIALE TOESTEMMING VIER BRIEWE VAN BREYTEN BREYTENBACH – WAARVOOR ONS OOK ONS DANK AAN HOM UITSPREEK. DIE EERSTE IS 'N INLEIDING GERIG AAN ONS REDAKTEUR, WAARIN BREYTENBACH SY TWEEDE BRIEF KONTEKSTUALISEER, LAASGENOEMDE SYNDE 'N BRIEF VAN STEUN WAT HY OP 24 OKTOBER GESTUUR HET AAN DIE STUDENTEORGANISEERDERS VAN DIE AFRIKAANSE TAALPETISIE MET DIE OOG OP HULLE STEUNVERGADERING DIESELFDE AAN. DIE DERDE EN VIERDE BRIEWE IS AAN DIE REKTOR VAN DIE US, PROF. CHRIS BRINK, IN ANTWOORD OP 'N BRIEF VAN BRINK AAN BREYTENBACH. BRINK HET HET VERKIES OM NIE ONS VERSOEK TOT PUBLIKASIE VAN SY BRIEF AAN BREYTENBACH TE PUBLISEER NIE, OMDAT HY DIT AS PERSOONLIKE KOMMUNIKASIE BESKOU.

Deur Breyten Breytenbach[*]

Beste Johann,

Gebruik asseblief meegaande *volledig* (dis 'n *voorwaarde!*), as inleiding aanvullend tot die brief aan die studente wat ek hiermee weer vir jou stuur. Jy mag dit publiseer - alhoewel dit oorspronklik nie met so 'n doel geskryf is nie. Ek versoek ook dat jy die daaropvolgende twee briewe van my gerig aan Rektor Chris Brink afdruk. Dit was in antwoord op 'n brief wat ek van hom ontvang het nog *voor* my brief aan die studente bekend gemaak is! Jy mag egter *nie* sy brief aan my publiseer nie tensy hy sy toestemming verleen. Ten spyte van die gekonkel (dat hy my brief in die hand gehad het *voordat* hy sy opmerkings daardie aand gaan maak het - en ek verwag niks beter van die Boere as dat hulle sal konkel en kronkel nie), dink ek tog dat hy goeie bedoelings gehad het en 'n versoek wou rig tot my sin vir groter regverdigheid. Buitendien, indien hy dit as private korrespondensie beskou wil ek nie sy vertroue skend nie.

Ek is te ver en het te min kontak om te kan oordeel tot hoe 'n mate die weerstand teen arbitrêre besluite wat Afrikaans van die wal in die sloot wil help impak het. Wat egter opval, te midde van 'n stroom reaksies en van Kombuiserige clownagtige gepoep (en van dawerende stiltes: wat sê die ander Brink en Krog en Du Preez?), is die blatante rassistiese haatspraak van die Minister van Kultuur, Pallo Jordan, en die hardnekkige en aanhoudende verdagmakery van Fanie Cloete. Ek verwag in dié geval ook niks méér van Jordan nie - onder die glans van 'intellektualisme' is hy eintlik maar net 'n straatbakleier; en Cloete bewys tot hoe 'n mate hy 'n outydse Afrikaanse lapelvreter is - die beste manier om te argumenteer is immers om verskuilde bedoelings aan jou opponent toe te skryf (liefs met 'n onsubtiele knieval en oogknip na gewaande gevoelens van rasse-meerderwaardigheid en na die sogenaamde nostalgie vir verlore voordele), en om sommer op 'wetenskaplike' manier die feite ook 'aan te pas'. Foeitog.

Vergun my dan om my posisie wéér uit te spel. My deelname aan hierdie debat beteken nie dat ek my skaar by die FAK (praat van nuwe wyn in ou sakke!) of dat ek my vereenselwig met die 'Afrikaner' se saak nie. Dit beteken ook geensins dat ek Stellenbosch of die US se saak wil steun nie - ek wurg aan beide die plek én die universiteit, want is hulle ooit minder verwaand en vals as vantevore? En siende ons nou op hierdie terrein is waar allerlei sake moedswillig verwar word: ek sou ook téén die toekenning van 'n eregraad aan Bram Fischer gewees het want ek dink dis beledigend om hom gelyk te wil stel aan van die boewe wat tot onlangs op soortgelyke manier vereer is. Wie het hulle die reg gegee? Tsjekov skryf in sy Notaboek dat die dooies geen skaamte ken nie, maar dat hulle allervreesliks stink. (Terloops, ek verneem dat van die vorige uitgevrete *gauleiters*, dié met die varkharsings,

[*] *Digter*

nou 'vere voel' vir die taal wat hulle so ywerig besmet het met hulle manipulasies en witsmeerdery. Nou is hulle almal 'pragmatiste', laat Gods water maar oor Gods Akker loop - is die koeël dan nie deur die kerk en die konsistorie en die koster én die koster se kosblik nie? Solank hulle net nie uit dieselfde beker nagmaalwyn hoef te suie as die moffies nie.) Nee, vir my is die stryd om lewensnoodsaaklike ruimtes wat dit moontlik sal maak vir Afrikaans om te groei as bemagtigingstaal. Die huidige owerhede, net soos hulle voorgangers (en hulle dra soortgelyke hanggatbroeke soos koejaweldiewe), en soos byna *enige* politieke elite, weet fakaal weinig van waaroor taal eintlik gaan. Vir hulle is taal die kleinste gemene deler van kommunikasie, oftewel van orders aangee in die naam van orde; vir moedertaalsprekers is taal ’n navorsingsmiddel van ontginning, bewussynsverruiming en bevraagtekening. Veral die bevraagtekening van politiek soos dit deur blink vetgatte bedryf word ('oud-stryders' en strukkelaars en kortbroeke inkluis). Met ander woorde: om Afrikaans in stand te hou as skeppende bastertaal is om weerstand te bied teen die onnosel-maak deur taalpolitiek van die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Vandaar en aldus - en slegs *daarom* - my bydrae.

Groete,
Breyten

Beste Piet Le Roux,

Ek vra verskoning vir my vertraagde antwoord: ek was nogmaals op pad om op allerlei plekke te gaan praat onder meer oor die skeppende noodsaaklikheid vir diversiteit, en die onomstootlike feit dat die kleinmaak of inkrimping van ’n moedertaal (énige moedertaal) gewoon ’n misdaad teen die ervarings- en kenniserfenis van die mensdom is. Volgende week is ek in Beiroet om deel te neem aan gesprekke oor die kanse vir demokrasie in Afrika - en glo my, dit sal wéér eens te berde gebring word.

Ek hoop hierdie brief bereik jou betyds. Maak gerus daarvan gebruik na goeddunke. Dis egter nié bedoel vir publikasie nie.

Stellenbosch was nog al die jare uitnemend dom, selfvernaam en arrogant - gedienstig teenoor wie ook al aan bewind is, gatkruiperig by die baas of hy nou wit of swart is, en dit alles natuurlik aangebied onder die rein akademiese dekmantel van neutrale 'bestuur' en pragmatisme. Ook onder die vorige régime, soos by meeste totalitêre gemeenskappe, is tegnokratiese vaardigheid en bestuursvernuf voorgehou as 'modernisme' om die aandag af te lei van ’n gebrek aan politieke en etiese ruggraat. Of sommer net bloot gesonde verstand. Oor die jare het Stellenbosch sinoniem geword met Skelmbos: die vermoë om alkant toe te praat, die burgerlike deftigheid om jou opponent met geveinsde akademiese argumente om die bos te lei waar hy beter in die rug gesteek kan word, die skynheilige selftevredenheid om 'verlig' eerder as revolusionêr te wees. Mettertyd het *dit* die gesig van die geleerde Afrikaner geword. Watter effektiewe teenstand het die helderdenkendes van Helderberg teen Apartheid gebied? En nou lei dié wat aan die stuur van sake staan, en hulle agterhoede van diep gepynigde en mensvervreemde selfveragters, julle wéér met slap knieë die woestyn van lugspieëlings in.

Dit hoef nie vir altyd so te wees nie. Julle is van ’n generasie waar daar grondwetlik ruimte bestaan vir vry en waagmoedige denke én die optrede wat daaruit mag vloei.

Ek het slegs enkele opmerkings wat ek wil bydra.

1. Die uitdaging is om inhoud te gee aan die opwindende konstruk wat 'Suid-Afrika' genoem word. Met ander woorde om die wérklikheid te *aanvaar* dat vooruitgang en voortbestaan afhanklik is van die skeppende spanning tussen gedeelde waardes en gesamentlike skeppinge en oorkoepelende aanhorigheid enersyds (waarvoor so hard en so lank geveg is) - één nasiestaat gebou om begrippe van gelykheid en regverdigheid en wedersydse agting, en daarmee saam die rykdom aan diversiteit soos geskoei en uitgedruk in die land se tale en kulture en gelowe en streekseienskappe. Sonder daardie dialektiek is daar geen tekstuur meer nie, word julle almal verarm, is julle uiteindelik niks anders as afhanklikes van die eenpartystaat nie. En om dan met daardie werklikheid te *loop!*

2. Die uitbou van diversiteit gepaardgaande met die beoefening van bindende gedeelde waardes wat gevestig is op ’n strewe na vryheid en verantwoordelikheid: *dit* is die *progressiewe neiging* in die ingewikkelde en gemengde wêreld van vandag. Kyk maar waar julle wil en julle sal die voorbeelde sien. Gesentraliseerde magstrukture, eenvormigheid in die naam van meerderheidsregering of politieke korrektheid of selfs met vorige groepsmisdade as verskoning - dis muwwe en gevaarlik verouderde Stalinisme.

3. Afrikaans is *geregtig* daarop om voort te bestaan as tersiêre onderrigtaal en navorsingskanaal. Daarvoor is daar ten minste één universiteit nodig waar Afrikaans as voertaal gebruik word, en dié wat van daardie inrigting gebruik wil maak sal Afrikaans aanleer net soos julle nie kan verwag om julle studies in Afrikaans voort te sit aan Engelstalige universiteite nie.

4. Taal is nie net ’n kommunikasiemiddel soos die magsmanipuleerders dink nie; dis die skeppende vermoë om die wêreld te kan verstaan en omvorm, om *vry* weerstand te bied teen die tirannie van politiek. Sonder die moontlikheid van ’n gevorderde voortsetting van Afrikaans gaan die taal uitvrek - en daarmee saam kom dan nie net die verlies van *julle* leefwêreld nie, maar ook die verrykende bydrae tot ’n groter geheel.

5. Die sogenaamde T-opsie is ’n klug, dis Skelmbospraat vir "vet om die oë," dis ’n Tos-opsie. Dis, by wyse van spreke, die skaap wat opskuif in die bed om in die naam van gelykberegtiging lêplek te maak vir die olifant. En dan word daar nogal vir julle gesê dis sodat die olifant skaap kan leer praat en waardeer!

6. Hierdie noodsaaklike stryd het niks te doen met die omskrywing van ’n eng etniese of historiese

identiteit, of die verskansing van vorige voordele nie. En dit het niks te doen met verstarring en die waansinnige wanbegrippe van 'suiwerheid' nie. Dit gaan eenvoudig oor die meervoudige *reg* van enige individu om so ver moontlik in sy eie taal te leef en te droom en te presteer, tot voordeel van almal.

7. Natuurlik bestaan julle nie in ’n lugleegte nie. Onder die vorige bedeling is julle voorgangers bevoordeel - hulle wat lekker geld gemaak het en nou nêrens te sien is nie, dankie. Kennis en vaardighede is verwerf en gesistematiseer. Dis Afrikaans se *voorreg* om, waar verlang, daardie vaardighede te deel met die ander inheemse tale. Vrygewigheid en onderne-mingsgees behoort deel te wees van julle identiteit. Hoekom neem julle nie die voortou nie? Vryheid en bevraagtekening is mos in ieder geval aansteeklik. Dis wat ’n universiteit tog veronderstel is om te leer, of hoe? Afrikaans kan ’n vergestalting van weerstand teen die arbitrêre dom-maak van alles wees, ’n uitkringende skeppingsmedium, die manier waarop julle déél kan word van die groter nasionale gemeenskap.

8. Julle het die volste reg om te agiteer en te betoog vir die ordentlike, praktiese, pedagogies gefundeerde en internasionaal ondersteunde uitbou van Afrikaans as één van Afrika se inheemse tale, as beliggaming van ’n geskiedenis van vermenging en skepping, as manier om die wêreld te ervaar en te vertaal. Julle het niks om voor skaam te wees nie. Hulle wat voor julle tyd die taal gekaap het om in die naam daarvan ander te onderdruk en uit te buit, is misdadigers. Laat hulle aan die pen van die geskiedenis ry. Moenie dat enigiemand vir julle daarmee belydenisore van oorerflike skuld probeer aansit nie. Niks kan julle mondstil maak behalwe julle eie papbroekigheid nie.

Groete en sterkte!
Breyten Breytenbach

Beste Chris (natuurlik mag jy maar - en ek neem ook die vryheid)

’n Haastige en eerste reaksie. Ek weet nie hoe my brief by *Die Burger* beland het nie - en dis nogal ontstellend omdat ek spesifiek gevra het dat dit nié bedoel is vir publikasie nie.

Wat betref die twee persone: asseblief tog, dit gaan vir my nié om stellingname vir Piet téén Thando, of om die een bo die ander te verkies nie. Ek ken nie een van die twee nie, weet niks van hulle agtergronde nie. Ons moet ophou om verder te wil lees as wat daar staan en mense se denke sodoende verdag te maak. Dit gaan vir my geheel en al nie oor die *eienaarskap* van US nie! Trouens, ek sou uit my wit vel spring van vreugde as die plek 'oorgeneem' word deur swart mense wat Afrikaans praat. (Ai, dat Stellenbosch tog eendag *mens* en *bruin* kon word!) Wat sou wonderliker kon wees? US is ’n werktuig, en indien dit goed gebruik kan word deur mense wat vantevore die voorregte en uitdagings van hoër onderwys ontneem is, soveel te beter! Dit gaan vir my slegs en alleenlik oor die volgende simpele feite: Afrikaans is ’n lewendige en soepele onderdeel van die Suid-Afrikaanse taalgemeenskap, verrykend vir die land as ’n geheel; Afrikaans het baie bereik en bewys dat dit tot op die hoogste denktrappe ’n funksie kan hê (al is daardie ontwikkeling op skewe wyses bekom); ’n taal - énige taal - krimp en sterf uiteindelik indien daar nie ruimtes bestaan waarbinne dit hierdie funksies kan bly nastreef en ontwikkel nie; die T-opsie is die dood in die pot vir Afrikaans as onderrigtaal aan die universiteit (vir voor die hand liggende redes); dis nie te veel gevra dat één universiteit doelbewus Afrikaans se funksionaliteit in stand probeer hou en ontwikkel nie (vanselfsprekend nie eksklusief en in afsondering van die belange en die ontwikkeling van die groter landsgeheel nie); julle is besonder oneerlik in julle aanbieding van beleidsveranderinge wat taal betref - en, komende van Stellenbosch (ek sou selfs sê van die 'Afrikaner') verbaas dit my nie; daarom glo ek moet julle in die oopte gedryf word sodat *al* die implikasies blootgelê kan word, ook die langtermyn etiese implikasies, en julle nie toegelaat word om met burokratiese bokkesprongetjies en 'slim' prosedures die saak te bewimpel nie.

Ons ken mekaar nie. Verskoon my as ek hardhandig oorkom - die bedoeling is nié om *ad hominem* te kere te gaan nie.

Sterkte!
Breyten

Beste Chris,

Ek het nou weer jou brief gelees, en sien dat ek duidelik die eerste keer verkeerd gelees het. Dit maak egter nie wesentlik verskil aan wat ek wou sê nie. Thando, sê jy, wil doelbewus geen Afrikaans gebruik nie. Nouja, dan moet daar gewoon ’n ander uitkomste vir hom gevind word. Hy kan tog nie sy vooroordele, uit welke gronde ook, op die universiteit wil afdwing nie. Waarom sou ’n universiteit, of enige ander instelling, afgepers word deur dié wat die hardste geluide kan maak of oënskynlik die sterkste aanspraak het op historiese benadeling? (Ook Afrikaans moet eens en vir altyd ontkoppel word van dié wat dit as skietperd wil gebruik vir ander agendas.)

Ek het verder versuim om ver genoeg af te rol en te sien hoe my brief by *Die Burger* beland het. Mens behoort te weet dat as jy iets vir Hermann stuur, dan stel jy weer jou vertroue in ’n Stellenboscher... Tja.

En ek het vlugtig gekyk na die opmerkings wat jy sou gaan maak by die vergadering. Al die regte sentimente is daar - tot en by die opgaan as kleiner taalgroep binne die groter gemeenskap. Dis egter net nie haalbaar nie - vra maar vir die Kataloniërs of die Finne of die Hebreërs. Met alle respek: ek het jare se ondervinding van die ANC (of soortgelyke 'nasionale bewegings') se 'inklusiwiteit'. Gewoonlik beteken dit die omhelsing van 'andersheid' om dit beter te kan versmoor. Onderliggend hieraan is dat ons skerper en van naderby moet kyk na die kreatiewe spanning tussen meerderheid en minderhede. ’n Spanningsveld is ’n

aansporing tot vooruitgang, tot ’n bewuswording van prosesse, tot fyner definisies en ’n meer bewuste (be)skawing van mekaar. Taal behoort ’n onoplosbare te wees, en dis gesond so. ’n Meerderheid het ook nie ipso facto gelyk nie. Ek verwys jou na die grafitto: "Eet stront - ’n duisend vlieë kan nie verkeerd wees nie." Dit is ongelukkig eenvoudig so dat mens daardie ekstra myl sal moet stap om Afrikaans se oorlewingsmoontlikhede te beskerm. Dit sal nie 'vanself' gebeur nie. En, ter wille van die groter gemeenskaplike bate, moet dit gebeur selfs al eis geen ander taalgroep soortgelyke oplossings vir hulself op nie.

Groete,
Breyten

"Die taal wat ek praat, is nie myne nie"

Deur Johann Rossouw[*]

Vriende, baie dankie vir die geleentheid om vanaand hier met julle te kan wees. Meneer die Rektor, dankie vir u verwelkoming aan gaste van buite die universiteit – ek voel welkom.

Ek het die taak om aan julle groete en sterkte oor te dra van 'n vriend van my, die jong bruin joernalis en skrywer, Jason Lloyd, wat ook vanaand hier as spreker sou opgetree het, maar wat weens siekte in die familie inderhaas na die Oos-Kaap moet terugkeer.

Laat ek dan ook sê dat dit aangenaam is om met julle te praat na die boodskap van ondersteuning van 'n man wat sewe jaar in die tronk gesit het vir sy verbintenis tot 'n demokratiese Afrikaans, en Afrika se grootste post-koloniale digter, Breyten Breytenbach.

Vriende, as 'n mens oor hierdie saak wil praat, is dit belangrik om eers enkele wanvoorstellings uit die weg te ruim. Daar is sewe wanvoorstellings waarna ek kortliks verwys.

In die eerste plek word daar gesê dat diegene wat teen dubbelmediumonderrig aan die Universiteit Stellenbosch (US) gekant is, wil hê dat die universiteit "eksklusief Afrikaans" moet wees. Daar steek geen waarheid in nie: bykans elke kritikus van dubbelmediumonderrig in hierdie debat is tot veeltaligheid verbind.

Vriende, in die tweede plek word daar gesê dat globalisering noodwendig Engelstaligheid beteken. Laat ons nie vergeet nie dat die vorige wêreldtaal, Latyn, sy posisie aan die mag van die pous en die Rooms-Katolieke kerk in die Middeleeue te danke had. Toe dié vou, het Latyn 'n boektaal geword. Engels het vandag sy posisie aan die imperiale VSA te danke, en as ek kyk na die toekoms wat hierdie imperiale mag vandag in Irak vir ons skep, is dit nie die wêreld waarin ek wil woon nie. Die wyse waarop die imperiale VSA van George Bush met ons planeet omgaan, voorspel in elk geval niks goeds vir die toekoms van die VSA en Engels se magsposisie self nie. In my eie vakgebied word die beste werk in Frans gedoen. Ofskoon ek my ganse skool- en universiteitsopleiding in Afrikaans gehad het, doen ek vandag my doktorsgraad in Frans. 'n Mens kan ook nog baie sê oor tale soos Arabies en Spaans in globalisering.

Vriende, in die derde plek word gesê dat kritici van dubbelmediumonderrig eintlik besig is met 'n eng Afrikaneragenda. As u net kyk wie vanaand saam met my hier opgetree het, of wie almal hulle kritiek in die openbare debat uitgespreek het, is dit duidelik dat daar ook in hierdie bewering geen waarheid steek nie.

In die vierde plek word gesê dat die US nie 'n taal se hoeder kan wees nie, so asof tale buite instellings kan oorleef. Vriende, ons is vanaand almal hier omdat 'n groepie dapper mense 80, 90 jaar gelede op hierdie selfde dorp besluit het dat hulle sal verseker dat hierdie instelling Afrikaans gaan wees. Sonder sodanige instellings, bly tale kombuistale.

Vriende, in die vyfde plek word gesê dat die kritici van dubbelmediumonderrig anti-Engels is. Ook dit is nie waar nie: Engels is saam met Frans een van die twee tale wat aan ons toegang tot ons vasteland gee. Natuurlik moet Engels ook aangewend word, maar dan nie op so 'n wyse dat dit ten koste van ons inheemse tale is nie, want dan verander Engels van 'n brugtaal na 'n magstaal. Ons verset ons dus nie teen Engels nie, maar teen hegemonie, wat ewe verfoeilik is as die misbruik van Afrikaans vir 'n hegemonie in die vorige bedeling, toe die taal in ons swart landgenote se kele afgedruk is.

In die sesde plek word gesê dat dubbelmediumonderrig sal help dat studente mekaar se tale aanleer. Dít is eintlik die werk van skole, nie van universiteite nie. My persentjiekind, Margaux, wat nou 9 is, sê verlede week vir my, "Han, ek gaan eers Afrikaans leer, dan Xhosa en dan Engels." Ek het vir haar gesê, "Jy's 'n ware Afrikaan."

Vriende, in die sewende plek word gesê dat die kritici van dubbelmediumonderrig teen transformasie is. Een van die dissidente van hierdie universiteit wat manalleen oor meer as veertig jaar teen hierdie establishment gestaan het, Johan Degenaar, het al vyftien jaar gelede geskryf dat ons taak in Suid-Afrika nie is om 'n nasie te bou nie, maar 'n demokrasie. Dit word al hoe duideliker dat transformasie anti-demokraties is, terwyl ware transformasie taal, demokrasie en ekonomiese ontwikkeling met mekaar verbind, sodat dieselfde elites nie maar net weer vetgevoer word ten koste van ons almal nie.

Vriende, met hierdie wanvoorstellings nou uit die weg geruim kan ons vir mekaar sê waaroor dit dan eintlik gaan.

Dit gaan in die eerste plek nie om 'n eentalige globalisering van die mark nie, maar om 'n veeltalige globalisering van verskeidenheid. Almal van ons vanaand hier is waarskynlik ten gunste van biodiversiteit. Op dieselfde manier is taaldiversiteit

---

[*] *Redakteur,* Die Vrye Afrikaan

[**] *Hierdie voordrag is deur Rossouw gelewer tydens die Afrikaanse studentepetisievergadering op 24 Oktober 2005 by die Universiteit Stellenbosch*

miskien die belangrikste bate wat ons het, en dit moet ten alle koste versterk en bewaar word.

Vriende, dit gaan in die tweede plek om Afrika. Die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram het ’n jaar gelede bevind dat dit fiksie is dat Afrika ’n duisend tale het wat nie ontwikkel kan word nie. In feite is daar 15 groot taalfamilies wat deur 85% van ons mense in Afrika verstaan word. Met die nodige politieke wil kan Afrika se kinders oor die bisarre koloniale grense heen almal moedertaalonderrig kry. Dit sal egter die elites in die koloniale tale bedreig, en dit gaan ’n groot stryd van die mense verg.

In die derde plek gaan dit oor ’n Suid-Afrika van veelheid. Vriende, ons het nie gestry om maar net weer deur ’n nuwe eentalige magselite verdruk word nie.

Laat ek u dan ook herinner dat sowel prof. Jakes Gerwel as dr. Neville Alexander onafhanklik van mekaar in twee ministeriële ondersoekkommissies aanbeveel het dat daar minstens twee Afrikaanse universiteite moet wees. Laat ons ook nie vergeet nie dat die een die eerste bruin doktorant in Afrikaans was, en die ander elf jaar op Robbeneiland deurgebring het.

Vriende, laat ons nou kom na die werklikheid van wat op Stellenbosch aangaan. Die US-raadsvoorsitter het enkele weke gelede in ’n artikel in *Die Burger* geskryf dat die taal in die US-missie ondergeskik is aan transformasie en uitnemendheid. Dit is onaanvaarbaar dat taal en uitnemendheid so teen mekaar afgespeel word, terwyl hulle mekaar eintlik moet aanvul. Wat is die missie van die US dan werd?

Oor die afgelope weke is daar deur verteenwoordigers van die US nog geen antwoord op die kritiek oor dubbelmediumonderrig gegee nie. Daarenteen het ons by die Universiteit van Port Elizabeth, van Wes-Kaapland en nou ook Pretoria gesien hoe dubbelmediumonderrig tot verengelsing lei. Wat is die US se antwoord op hierdie bewyse?

Vriende, ek is bewus van ’n hoë amptenaar van die US se Taaleenheid wat bedank het uit protes teen die swak funksionering van die eenheid. En dit nadat sy oor jare memorandums hieroor na die bestuur gestuur het. Dit laat studente wat nie Afrikaans magtig is nie, in die steek.

Ek is ook bewus van etlike dosente wat al hier aangestel is sonder dat hulle Afrikaans magtig is. Taal is geen kriterium vir aanstelling hier nie. Hoe op aarde moet hierdie dosente dan dubbelmediumonderrig gee?

Vriende, ons het vroeër vanaand by die Rektor gehoor dat die taalbeleid van die US nou weer oor die volgende drie jaar hersien gaan word. En dit nadat die beleid nie te lank terug nie omvattend hersien is. Wat beteken ’n beleid wat elke drie jaar hersien moet word? Hoekom het mens dan hoegenaamd ’n beleid?

Vriende, die Rektor het ons vanaand ingelig aangaande sy en ander Afrikaanse rektore se gesprekke met die regering. Dit is goeie nuus en ek is bly daaroor. Maar laat ek u herinner dat daar al talle sulke gesprekke sedert 1994 was, en dat daar net mooi niks daarvan gekom het nie. Ons sal die regering en die rektore hou aan wat in die praktyk gebeur.

I would like to address a word to those students here tonight that do not speak Afrikaans. This university is misleading you by not informing you upon recruitment to study here that this is an Afrikaans university. Therefore I understand your frustration when you end up feeling excluded. You must hold this university accountable. You must insist that the Language Unit serve you properly. Do not hesitate to ask for parallel-medium or interpretation – the FAK will support you in this. But don’t fight your own battle for access at the expense of those students who already through Afrikaans have access to quality education, which they stand to lose if the university becomes anglicized through double-medium instruction.

Meneer die Rektor, ek weet ek het vanaand hard gepraat. Maar ek en u is albei openbare figure en ons kan dit vat. In ’n demokrasie glo ons mos in robuuste debat. Ek wil by u pleit dat u nie u universiteit se tradisionele steungemeenskap van u vervreem nie. Die Nasionale Party het die baie goeie idee van samewerking gehad, maar dit op die verkeerde manier deurgevoer. In die proses het hy nie sy mense saam met hom gevat nie, en vandag bestaan hy nie meer nie. Ons is nie teen u nie. Dit is onbillik dat die US alleen voor die regering moet gaan staan, maar dan moet u en die burgerlike samelewing in ’n deursigtige proses saamwerk.

Vriende, ek wil afsluit met ’n aanhaling van ’n filosoof wat die eerste agtien jaar van sy lewe op ons vasteland deurgebring het, Jacques Derrida, wat gesê het, “Die taal wat ek praat, is nie myne nie.”

Vriende, ons besit nie taal nie: taal maak ons. Kan ons asseblief vanaand dan ook afstap van daardie aaklige woord eienaarskap. Ons het ons taal as ’n geskenk ontvang: laat ons so daarmee omgaan dat ons dit met gulheid en gasvryheid kan skenk aan dié wat na ons kom.

"'n Tuiste vir gegoede klasse?"

Deur Christa van Zyl*

Daar word van 'n taalstryd gepraat, en diegene wat opkom vir Afrikaans word as taalstryders uitgewys met die bybedoeling dat dit ouderwetse regses is wat apartheid wil terugbring. Dit kan gesien word as 'n vorm van intimidasie dat ideologie op dié manier misbruik word. Diegene wat wel 'n taalstryd voer, is mense wat Afrikaans op die kampus wil besnoei of wegdryf. Hulle gebruik die amptelike strukture van die universiteit. Ons staan hulle teen en bevraagteken wat hulle doen. Vrae hoort nou eenmaal op 'n universiteit. Ons eis dat ons regte binne ons demokrasie nie van ons weggeneem word nie.

Wat verwag 'n mens by 'n Afrikaanse universiteit of selfs 'n universiteit wat 'n T-opsie volg ten opsigte van Afrikaans?

a. Allereers verwag ons dat studente behandel word as goeie klante: mense wat getrou klasgeld betaal en vir wie daarnaas deur subsidies betaal word deur ons regering, aan wie ons lojaal is met die belastinggeld wat ons self, ons ouers en die gemeenskap aan hulle toevertrou. Dus: moenie dinge beloof en dit nie gee nie, en moenie onvriendelik staan teenoor wat ons is en wat ons sien as ons behoeftes nie. Ons het 'n reg op dit waarvoor ons betaal.

b. Ten opsigte van Afrikaans verwag ons allereers 'n Afrikaans-vriendelike omgewing. Dit het te make met *gesindheid*. As 'n houding ingeslaan word dat Afrikaans nie verenigbaar is met uitnemendheid nie, is daar reeds 'n onvriendelike en negatiewe omgewing geskep. Die argumentasie by die petisie van dosente ten gunste van die T-opsie dui reeds op die aanname dat Afrikaans bots met uitnemendheid. Dit is gewoon onsin. Daar moet 'n duidelike gedragskode vir dosente opgestel word oor taal, sodat almal kan weet waar hulle staan en studente gronde het om hulself te verdedig as hulle voel hulle word te na gekom.

c. Intimiderende houdings deur nie-Afrikaanse studente moet ook deur duidelike reëls verbied word. Dit moet nie nodig wees vir individuele studente of dosente om die taalregte van Afrikaansprekendes in die klaskamer te verdedig nie.

Op UCT word studente reeds by inskrywing ingelig dat die universiteit se voertaal Engels is. Sover ek bewus is, lig Stellenbosch nie eens internasionale studente in dat die voertaal hier op kampus hoofsaaklik Afrikaans is nie.

d. Ons wil nie nie-Afrikaanse studente afweer of isoleer nie, maar ons wil duidelike tekens in die klaslokaal sien dat dit 'n Afrikaanse universiteit is.

e. 'n Mens verwag en vereis dat jy toegerus word met die nodige vakterminologie in Afrikaans. Om daardie terminologie in Engels ook te kry naas Afrikaans is 'n bonus waaroor 'n mens sekerlik dankbaar kan wees. Word dit slegs in Engels gegee, het die universiteit nie sy plig nagekom teenoor ons as studente nie en kry ons nie waarvoor ons betaal nie.

f. Dat ons Afrikaans as medium in ons werkstukke en toetse kan gebruik, moet vanselfsprekend wees.

g. Die uitnemende dosent is iemand wat sy vak ken en ook seker maak dat hy ten minste met sy Afrikaanse studente kommunikeer. Dosente wat om ander kwaliteitsredes aangestel word, moet deur die universiteit ondersteun word sodat hulle dit wel kan doen, byvoorbeeld deur middel van studiegidse. Watter waarde het 'n hooggeleerde dosent wat sy studente die reg ontneem om hulle kennis in hul moedertaal te kan toepas?

h. Ook wat nagraadse studie betref, moet nie sonder meer gesê word dit geskied deur medium van Engels en weg met Afrikaans nie. Ook daar moet 'n Afrikaansvriendelike omgewing gehandhaaf word. Dit wil sê, 'n negatiewe houding moet verbode wees, Afrikaanse terminologie moet beskikbaar bly en studente moet toegelaat word om skripsies en werkstukke in Afrikaans te skryf, desnoods met opsommings in Engels vir hul klasgenote wat daarvan moet kennis neem.

i. 'n Universiteit, nes 'n skool, word ingerig om die omliggende omgewing te dien. Dat die Universiteit van Stellenbosch nie Afrikaans kan bly in 'n provinsie waar 60% van die inwoners Afrikaans is nie, beteken die universiteit ontduik sy maatskaplike plig teenoor die bevolking. Die oorgrote deel van die Afrikaanse bevolking is arm mense. Wil die universiteit dus 'n tuiste vir die gegoede klasse bly? 'n Keuse teen Afrikaans is 'n keuse teen bemagtiging deur Afrikaans.

j. Tans is die Universiteit 69% Afrikaans en 31% *ander tale,* wat onder meer insluit Xhosa, Zulu, Duits, Frans, Mandaryns, Nederlands en Engels. Die Fakulteit Lettere is, anders as aangehaal in *Die Burger*, 60% Afrikaans- en 40% andertalig. Dus bly die meerderheid studente tog Afrikaans.

Maar hoe lyk omstandighede vir studente wat wel verkies dat hulle klasse in Afrikaans aangebied word? Volgens professor Leon de Stadler is 70% van die universiteitstudente pro-Afrikaans en verkies hul klasse in Afrikaans. Maar Afrikaanse studente wat opstaan vir hulle regte word gemarginaliseer, hulle word geviktimiseer, en daar word dikwels aggressief teenoor hulle opgetree deur sowel die universities-personeel as die bestuur en medestudente.

Daar word berig dat studente gelukkig is met die stand van sake by die universiteit, maar weë die student wat dit durf waag om te vra dat sy klas, wat hoofsaaklik uit Afrikaanse studente bestaan, in Afrikaans aangebied

---

* *Nagraadse student, Universiteit Stellenbosch*

** *Hierdie toespraak is gelewer tydens die Afrikaanse studentepetisievergadering op 24 Oktober by die US.* Die Vrye Afrikaan *bedank Van Zyl vir die toestemming om dit te publiseer.*

word. Dan word die student ’n moeilikheidmaker, regs en rassisties! Ek is onlangs bewus gemaak van uiters negatiewe behandeling van medestudente wat vra dat net die terminologie beskikbaar gestel word in Afrikaans. Omdat die studente Afrikaans is, word hulle lewensvisie as eng beskryf. Studente word aangesê dat hulle as Afrikaanssprekendes nie goeie verteenwoordigers van die Universiteit is nie.

Leë beloftes word gemaak dat Engelse permanente dosente Afrikaans magtig sal raak binne 5 jaar. En indien studente by die ombudsman gaan kla, gebeur daar niks nie. Dit is alles voorbeelde van wat werklik aangaan op ’n universiteit terwyl dit nog hoofsaaklik om die T-opsie gaan. Hoe gaan dit lyk as Dubbelmedium die beleid word?

Zoeloenasionalisme: Hoe staan dit?

'n Persoonlike standpunt

OP 25 MEI HET PRESIDENT THABO MBEKI NA DRIE "FOUTLYNE IN ONS DEMOKRASIE" VERWYS: ZOELOENASIONALISME, ONTEVREDENHEID ONDER AFRIKANERS, ASOOK ONDER DIE ARMES. MAAR HOE STERK IS ZOELOENASIONALISME VANDAG, EN WATTER ROL GAAN DIT IN DIE VERLOOP VAN ONS POLITIEK SPEEL? EN IS DIT DIE KRAG WAT PRES. MBEKI TE KENNE GEGEE HET?

Deur Jan-Jan Joubert[*]

Die vraag is deesdae op vele Suid-Afrikaners se lippe teen die agtergrond van die aanloop tot die verhoor van die voormalige adjunkpresident, mnr. Jacob Zuma, die probleme binne die Inkatha Vryheidsparty (IVP) en die stigting van die National Democratic Convention (Nadeco) onder die leierskap van die IVP se geskorste voormalige nasionale voorsitter, dr. Ziba Jiyane.

Afhangend van watter denkskool jy onderskryf, is die vraag óf onverwags en straks onvanpas, óf noodwendig.

Diegene wat meen die vraag is noodwendig, sal aanvoer dat 'n opbloei in nasionalisme en die skep of herlewing van nuwe of bestaande nasionale mites noodwendig is in 'n liberaal-demokratiese unitêre staat (veral in 'n sogenaamd postmodernistiese wêreld), en dat alle minderheidsgroepe sulke noodwendighede moet dophou om te leer uit die foute en te put uit die krag van 'n beweging wat alle sterk groepe uiteraard uiteindelik sal raak. As sodanig is 'n oplewing in Zoeloenasionalisme 'n geleentheid om dop te hou vir ander groepe met 'n nasionalistiese verlede - en dus dalk 'n algaande minder sluimerende nasionalistiese geneigdheid! - soos die Afrikaner.

Diegene wat meen die vraag is verrassend of straks onvanpas, sal aanvoer 'n nasionalistiese opbloei is 'n teleurstelling in die voortgesette soeke na 'n nierassige liberale demokrasie (en uit pas met 'n postmodernistiese wêreld), en dat alle Suid-Afrikaners sulke verrassings moet dophou om te leer uit die foute sodat ander groepe - soos die Afrikaners - met 'n geskiedenis van en dalk 'n geneigdheid tot nasionalisme, nie moontlik aan so 'n versoeking toegee nie.

Hoe ook al, die vraag is relevant.

Eerstens moet 'n mens dus probeer vasstel wat met nasionalisme bedoel word, dan wat die rol van Zoeloenasionalisme in die gebeure rondom Zuma, die IVP en Nadeco is, en dan wat die invloed van Zoeloenasionalisme op die verdere ontknoping van hierdie gebeure en die breër Suid-Afrikaanse politiek kan wees.

Taal is altyd arbitrêr, en die toeken van betekenis aan woorde is amorf en veranderlik, binne sekere konvensies. Vele definisies van nasionalisme bestaan, maar binne die konteks van die vraag wat ek probeer beantwoord sou nasionalisme die mate beteken waarin jou etniese afkoms en voorkeur 'n invloed op jou politieke keuses uitoefen.

Om die aanvanklike vraag dus anders te stel: In watter mate sal die gebeure om Zuma, die IVP en Nadeco 'n invloed hê op die mate waarin Zoeloes se politieke keuses deur hul etniese afkoms beïnvloed word ?

Hoekom is die vraag ter sprake?

Dat daar baie ondersteuning vir Zuma is in KwaZulu-Natal, is nie te betwyfel nie. Uit die aanvalle op premier S'bu Ndebele (wyd gesien as Mbeki-lojalis) en die optrede van die Zuma-ondersteunende massa voor die hof in Durban (insluitend die verbranding van T-hemde met die gesig van pres. Thabo Mbeki daarop) is dit duidelik dat gemoedere in KwaZulu-Natal hoog vlam. En onthou, hierdie mense is ANC-ondersteuners, nie die prima-tipe Zoeloenasionalis wat al die jare vir die IVP stem nie.

Uit vele meningspeilings en steekproewe die afgelope maande in die media kon 'n mens aflei dat baie Zuma-ondersteuners in KwaZulu-Natal hom ondersteun omdat hulle meen daar word teen hom gediskrimineer deur die beweerde "Xhosa nostra" in die regering. My eie navrae en ondervinding tydens besoeke aan die provinsie die afgelope paar maande onderskryf dit.

Zoeloenasionalisme speel dus 'n rol, maar is dit bepalend? Waarom anders sou mense Zuma ondersteun? Die kanse is tog goed dat hy, in die woorde van regter Hilary Squires, in 'n korrupte verhouding met die Durbanse sakeman en nou veroordeelde bedrieër Schabir Shaik betrokke was. Niemand wil tog seker hê die land moet eendag korrup bestuur word nie? Zoeloenasionalisme lyk na 'n baie sterk antwoord.

Dit is egter enigsins simplisties. Wat is die geskiedenis van Zoeloenasionalisme? Dit is maklik om aan te toon dat Zoeloes van al Suid-Afrika se swart inwoners die sterkste nasionalistiese geneigdheid het. Sedert koning Shaka die volk saamgevoeg het, was

[*] *Parlementêre beriggewer,* Beeld. *Hy skryf hier in sy persoonlike hoedanigheid*

daar ’n geneigdheid tot groepvorming te bespeur in die behoud van tradisionele leierskap en die koningshuis, die bestaan van Inkatha en die stroomop aard van ander politieke groepe se dele in die hedendaagse KwaZulu-Natal.

Daar is, anders as by ander etniese konings in die land, geen twyfel oor die identiteit van of respek vir die Zoeloekoning nie. Voorts het Zoeloes self vanaf 1919, toe die eerste swart vakbond (die ICU van Clements Kadalie) landwyd begin organiseer het, ’n organisasie gestig om die amakhosi en die koningshuis staande te hou teen die sosialistiese aanslag. Dit was die oorspronklike Inkatha-beweging van koning Solomon, wat vanaf die vroeë 1930's in hibernasie gegaan het onder koning Cyprian, en vanaf 1975 herleef het onder mnr. Mangosuthu Buthelezi, in die tyd van die huidige monarg, koning Goodwill Zwelethini.

Ironies genoeg het die einste ICU sy grootste probleme intern ondervind van die sterk Natalse ICU onder George Champion, wat uiteindelik afgestig het om ’n eie organisasie te stig binne die provinsie. Duidelik was Arthur Barlow se stelling in die 1920's aan ’n gehoor in die Durbanse stadsaal, dat die politiek van Natal meer gemeen had met Madagaskar as met die res van Suid-Afrika, nie tot die wit politiek beperk nie, al was hy daar so onbewus van!

In die 1980's en die 1990's het Inkatha (vanaf 1990 die IVP) getoon dat hy nie, soos ander partye van tuislandregerings, maklik die knie voor die ANC sou buig nie. In 1994 en 1999 het die IVP trouens die ANC verslaan in die KwaZulu-Natalse provinsiale verkiesing.

Maar die Zoeloenasionalisme was nooit in die hele provinsie vaardig nie. In die Anglo-Zoeloeoorlog, wat in 1879 op ’n oorwinning vir die Rooibaadjies uitgeloop het, het baie (selfs die meeste) van die Zoeloes suid van die Tugela saam met die Britte teen hul taalgenote geveg (deels omdat hul voorsate deur Shaka en sy opvolgers ten suide uitgedryf is). Sedert onmin in 1980 tussen Inkatha en die ANC uitgebreek het, was die ANC en sy fronte se steun nog altyd groter suid van die rivier, en Inkatha s’n noord daarvan. Vandag nog beheer Inkatha alle stadsrade noord van die rivier (buiten Ladysmith, en dis deur oorlopery), en die ANC die meeste rade suid van die rivier. Die immer groeiende ANC-meerderheid suid van die rivier, en die suidelike vloei van Zoeloes deur verstedeliking het grootliks daartoe meegehelp dat die ANC in 2004 die IVP ontsetel het.

Hoewel Zoeloenasionalisme dus teenwoordig was, was die omvang onseker en ver van uniform. Wat Zuma betref, speel dit ’n rol in sy ondersteuning in KwaZulu-Natal. Maar Zoeloe is ook die grootste taalgroep in Mpumalanga en Gauteng. Gauteng is saam met Noordwes een van die twee provinsies wat die sterkste teen Zuma uitkom, en Mpumalanga sit op die draad. Uit die atmosfeer op die verhoog buite Nelspruit op Jeugdag, toe hooggeplaastes soos premier Thabang Makwetla en mev. Pinky Phosa (vrou van oudpremier Mathews Phosa en politikus in eie reg) skaars ’n woord met Zuma wou wissel, sou enigeen wat blindelingse Zuma-ondersteuning in Mpumalanga beweer, voortydig wees.

Boonop is baie van Zuma se ondersteuners in die drie provinsies en dwarsoor die land linkses van Cosatu en die SAKP - die aartsteenstanders van nasionalisme en die voorstaanders van die denkskool dat die geskiedenis van die wêreld die geskiedenis is van die stryd tussen klasse - nie volke nie. Daarby is die (sterk) bewerings en bevindings oor Zuma se beweerde voorliefde om sy posisie te gebruik sodat diegene wat hom bevoordeel beter daaraan toe kan wees, die teenoorgestelde van die linkse ideaal.

Vir sy linkse ondersteuners, en vir ander buite Gauteng, Mpumalanga en KwaZulu-Natal, sou Zoeloenasionalisme dus zero bydra tot hulle lojaliteit. Die wye mening, wat ek onderskryf, sou wou aanvoer dat hy eerder ’n versamelingspunt is vir diegene wat teen Mbeki gekant is, en dat sy "ondersteuners" se lojaliteit aan hom as simbool van hul ontevredenheid ewe gou kan verslaan as wat dit opgeskuim het.

Oor Zuma dus sou ’n mens kon sê dat, hoewel Zoeloenasionalisme ’n rol kan speel vir ’n deel van sy ondersteuners, dit uit die geskiedenis, verkiesingsuitslae in KwaZulu-Natal, Mpumalanga en Gauteng, en die samestelling van sy klaarblyklike ondersteuningsbasis wil voorkom of so ’n nasionalisme nie bepalend is nie, en dat as dit bepalend is, sy pogings gedoem is tot mislukking weens die tanende gewildheid van nasionalisme onder sowel ’n verstedelikende Zoeloevolk as die res van die land .

Betreffend die IVP het die party, sedert sy pad in 1979 van die ANC geskei het, die kreeftegang gegaan. Soos die Hemingway-karakter se bankrotskap het dit "geleidelik, en toe skielik" gebeur. Die hoofrede is dat KwaZulu-Natalse kiesers van alle rasse wat in 1994 en in mindere mate in 1999 die IVP aan bewind gestel het in die provinsie, die relevansie van die nasionalistiese en provinsialistiese boodskap algaande begin betwyfel en uiteindelik verlaat het, gerugsteun deur onmerkwaardige provinsiale bestuur en ’n paar dom besluite, soos die persepsie dat die party die hoofstad van Pietermaritzburg na Ulundi wou verskuif.

Vandag is dit duidelik dat die IVP ’n nuwe uitdaging in die gesig staar, naamlik om genoeg kiesers van die ANC weg te neem om weer aan bewind te kom. Met ’n snel verouderende en selfs bejaarde leierskap en binnegevegte in die party, wat belemmerend inwerk, is die sentrale swakheid nietemin dat klem op nasionalisme nie vir die IVP gaan beteken dat modernistiese Zoeloes of wit of Indiërkiesers aan die party die ekstra stemme gaan gee om hom weer aan bewind te plaas nie. Al wat gaan werk, is beleid gemik op beter dienslewering, omgesit in praktyk.

Wat Nadeco betref, sit hulle in Jiyane met ’n wonderlike leier - charismaties, berese, belese, wel ter tale, moreel onkreukbaar (trouens, volgens sy teenstanders selfs fundamentalisties). Hoewel Jiyane duidelik ’n trotse Zoeloe is, is sy party se wordende beleid tot dusver nie nasionalisties nie. Boonop is dit uiters moeilik om ’n nuwe party in die Suid-Afrikaanse stelsel te laat groei. Nadeco het in sy eerste deelname aan ’n tussenverkiesing (in Mtubatuba in Oktober) dan ook sy Moses teengekom teen die IVP, hoewel hy stemme van Inkatha weggeneem het. In elk geval word

daar hard agter die skerms gespook om Jiyane en Buthelezi weer bymekaar te kry. Verwag dus dat Nadeco 'n bietjie soos die UDM sal wees as hy apart voortbestaan, of dat hy en die IVP mekaar weer sal vind soos diverse liberale groepe in 1989 met die DP gedoen het, maar dat so 'n herenigde IVP minder nasionalisties sal wees as die huidige model.

Op die keper beskou, speel nasionalisme dus 'n beduidende, maar onbepalende rol in Zoeloekiesers se voorkeur op die stembrief, en taan die invloed van nasionalisme voortdurend.

Voortspruitend sou enigeen wat kyk na die Zoeloes om as voorbeeld en bondgenoot vir 'n potensiële nasionalistiese opbloei by Afrikaners sien, hulself skik na hersenskimme, en is teleurstelling hul voorland.

Nasionalisme is inherent teenstrydig met die aard van die heterogene Suid-Afrikaanse liberale demokrasie. Enige politieke party wat taal, kultuur en etnisiteit beklemtoon bo dienslewering, menseregte en liberale waardes is genoop om 'n randeier te wees wat, as regering of opposisie, die noodwendige minderheid kiesers wat hulle wil verteenwoordig sal vervreem van die breër Suid-Afrikaanse massa. Hulle verdien ook so 'n randeierskap, want die versoeking waarin hulle hul teikenmark wil lei om homself as anders as ander Suid-Afrikaners te karakteriseer, werk vervreemding op die domastrantste manier in die hand.

As sodanig is die tanende Zoeloenasionalisme soos hierbo aangedui vir alle groepe, ook Afrikaners, 'n wegwyser: om taal- en kultuurregte binne die Grondwet en met nederige erkenning van ander se vookeur uit te leef, met dieselfde nederigheid wat diegene wat die uitleef van sulke regte as agterlik beskou, die uitleef van kultuurregte moet aanvaar en verwelkom.

In die heterogene Suid-Afrikaanse liberale demokrasie bly die antwoord om ons eendersheid eerder as ons andersheid te beklemtoon, en mekaar die nederige en sensitiewe uitleef van ons uniekheid te gun.

Erfgoed

OMDAT HIER NIE 'N VRAAG GEVRA IS OM OP TE ANTWOORD AAN DIE HAND VAN DIE ONDERWERP GENAAMD ERFGOED NIE, GAAN EK U VRA OM TE VOLSTAAN BY 'N PAAR LOS EN SUBJEKTIEWE GEDAGTES OOR DIE ONDERWERP. EK KWALIFISEER OM HIER TE STAAN SLEGS AS MEDE-ERFGENAAM VAN AFRIKANER- EN SUID-AFRIKAANSE ERFGOED, EN DIT MAAK MY NIKS ANDERS AS U WAT VANAAND HIER SIT NIE.

Deur Steve Hofmeyr[*]

Ek dink natuurlik nie daar is 'n verskil tussen erfgoed en erfenis nie, behalwe dat eersgenoemde iets meer materieel by my oproep. Iets tasbaar. Dis maar ek, en vir die gesprek gaan dit nie saak maak nie, omdat erfenis vir my vanaand rêrig soos familie gaan wees. Daar's broers en dan is daar die ding wat hulle in die lug los as hulle na Kersfees (dankie tog) hulle goedjies pak en huiswaarts keer. Is erfenis goed? Wel, vra jouself, is familie altyd goed?

Dit hang maar seker af, soos die geval met alle waarhede is, van konteks en tyd. In Antjie Krog se boek 'n *Ander Tongval,* kla 'n sekere Mnr. Nortjé soos volg:

"Dit het alles in die jare sestig gebeur toe die geldstelsel van ponde na rande verander het en 'n mens se oortrokke bankrekening dus verdubbel het. Net toe jy daaraan gewoond raak, verander hulle ponde na kilogramme en jou oes verminder met die helfte. Toe verander die duime na millimeter en sedertdien het dit nog nie weer 'n duim gereën nie. Toe bring hulle 'n ding genaamd Celsius, en van toe af is dit 20 grade kouer en niemand se mielies wil meer groei nie. Toe word morge hektare, en jou plaas is skielik die helfte kleiner as toe jy hom geërf het. Die oomblik toe jy jou plaas in die mark sit, word myl kilometer, en nou is jou plaas so ver van die dorp af dat niemand belangstel nie."

Vergun my om te begin met die koue gevolgtrekking dat slegs 'n naïewe mens vergeet dat hy die somtotaal is van al sy lewenservaring, die goed en die minder goed daarvan. Aan die hand van ons spesifieke ryk, diverse wortels het ons dan die voorreg en voordeel van 'n Suid Afrikaanse Erfenis Met Glyskaal, in dié sin dat hoe meer subkulturele bydraes jy jou eie maak, hoe ryker jou geskiedenis en daarom jou erfenis. Dis verniet, en die ruilmiddel is eintlik maar net wedersydse respek. Jy hoef nie. Jy kan. En ek sou.

Daarom sal slegs 'n naïewe regering vergeet hoe hy en sy burgers die somtotaal is van al sy kultuurhistoriese bydraes, goed en minder goed. Dis hier waar Suid-Afrika se potjie diversiteit ander moderne state, wat skielik gekonfronteer word met *multiculturalism*, soos Europa en Australië, 'n lessie of twee sou kon leer. Nou ja, die gevolgtrekking wat ek nie gemaak het nie, is die ene waarin die regering nié naïef is nie: ons kan slegs die wêreld ietsie wysmaak van buurskap as ons met die volgende voorbeelde oor erfenis en behoud kón beuelblaas:

1. Dialoog met die buurman se erfenis en monumente
2. Grondwetlike beskerming vir ons/almal se erfenis en monumente
3. Erkenning van dit wat ons *nie* bygedra het nie
4. Afwesigheid van innuendo's van wraak

1. Dialoog met die buurman se erfenis en monumente

Die Britte het net een oorlog vanaf 1815 tot vandag toe verloor. Dit was teen die Afrikaners in 1881. Die boereheld van daardie oorlog was Piet Joubert, en Pietersburg is destyds na hom vernoem – vandag is dit Polokwane. Koning Makhado was 'n held vir die Venda soos Louis Trichardt vir die Afrikaner 'n held was. Dis 'n gebrek aan sensitiwiteit om gemeenskappe se geskiedenis en hulle helde, wat gelei het tot die onlangse vandalisme daar met die verf van sy standbeeld, sonder respek te hanteer. Dit was 'n oefening in hoe om *nie* in dialoog te tree met jou mede-erfgename nie, en selfs ons betrokke voorvaders sou dit nie goedgekeur het nie.

Die Afrikanerleier Louis Trichardt en Koning Rasithuu Ramabulana, vader van Makhado, het 'n besondere vriendskapsverhouding gehad nadat Trichardt hom gehelp het om sy troon teen opstandelinge te behou. "Waarom leer ons nie eerder uit hierdie geskiedenis van samewerking in plaas daarvan om gemeenskappe teen mekaar te polariseer nie?", aldus Pieter Mulder. En ek moet saamstem.

Om Pretoria se naam te verander, is vandalisme. Om Pretoria se naam te verander omdat die dorp nie 'n simbool van versoening kan wees nie, is om jou geskiedenis eers te begin lees vanwaar jóú mense en jóú kultuur leer skryf het. Op sigself nie 'n probleem nie, maar wat daarvan as die geskiedenis van die stad jou vermoë om geskiedenis op te teken met etlike honderde jare voorafgaan?

My bediende se eerste foto's in die geskiedenis van haar familie dagteken uit 1970, omdat hulle kiekies moes hê vir dompasse. My familie s'n is amper 'n honderd jaar ouer as hare. (Ek besit selfs Louis Botha se kamaste wat hy gedra het toe hy die Kakies pakgegee het op Colenso.)

Dis asof alle Suid-Afrikaanse geskiedenis en

---

[*] *Sanger en akteur*

[**] *Hierdie is 'n verkorte weergawe van 'n voordrag gelewer op 10 Oktober 2005, die 180ste geboortedagherdenking van President Paul Kruger van die ZAR, tydens die gereelde FAK-meningsforum, by die Voortrekkermonument*

kulturele bydraes in die euforie van die struggle nooit ouer kan wees as die struggle self nie. Daarom baklei ons stadsraad tans oor 'n dorp wat vir hulle nie rêrig ouer is as 40 jaar nie. En dis slegs dié 40 jaar se hel wat hulle selektief wil onthou en aanhaal. Maar toe Gustav Preller in 1938 'n boek skryf, was die titel: *Ou-Pretoria*. Vir Preller was Pretoria toe reeds 'n betreklik ou dorp!

My gevolgtrekking besweer nie soseer naamsveranderinge nie as die potensiaal van inklusiwiteit, 'n makro- eerder as 'n mikro-erfenis, wat elke Suid Afrikaner se besit kan wees, danksy die gewenste dialoog met die buurman se erfenis en monumente.

2. Ons erfenis - almal s'n - eis grondwetlike beskerming

Ons erfenis is nie debatteerbaar nie. Niemand wil spekuleer oor hoe belangrik of onbelangrik ons erfenis is nie. Ons kan nie op plaaslike of selfs metropolitaanse vlak beskik wat geskiedenis is en wie dit volgende gaan besit nie. Nie as die munisipaliteit die kollektiewe erfenis met wedersydse respek beskou nie. Ons erfenis - almal s'n - vereis grondwetlike beskerming – en ons het al vreemder wette gemaak om onsself te beskerm en selfs 'n klomp bogterye te sanksioneer:

The Half in Kimberley is die eerste inrykroeg ter wêreld. Sy naam beskryf sy halfpad-afsaalplek tussen Bultfontein en die Du Toitspan-myne. Cecil Rhodes het gereeld daar kom drink, en omdat sy perd so groot was, of hy so kort, het die eienaars 'n klip permanent staangemaak vir die afklim en veral die opklim van Cecil, as hy eers 'n dorsie kom les het. Vir die *image* (omdat grasie ontbreek het by Cecil se lomperige op- en afklimmery) maak hy toe 'n wet wat sê dat jy nie uit of van jou vervoer hoef te klim om bedien te word nie. Die opening waardeur hy sy bier kon bestel sonder om af te klim, is vandag nog steeds daar. Toe hulle die plek in 1962 om morele redes wou toemaak, het die hof beslis dat dit nie kan nie, weens die wetlike en historiese waarde van daardie stukkie erfenis. Die hof het egter wel beslis dat hulle 'n muur om die kroeg moes bou, maar omdat hulle nagelaat het om te spesifiseer dat dit bo die grond moes wees, het die eienaars die muur in 'n sloot onder die grondvlak gebou. 'n Mens ry vandag steeds oor daai hobbeltjie as jy daar aandoen.

Ons erfenis - almal s'n - eis grondwetlike beskerming. Ek onderhandel nooit weer my kulturele bydrae nie. Nie my monumente nie. Nie my standbeelde nie. My Grondwet spel hierdie reg uit om vry met jou kultuur te verkeer. Tydens my besoek aan Madiba het my seuntjie sy kussing wat hy wou hê Madiba moes teken (en laasgenoemde gedink het was 'n geskenkie) kordaat weggeruk en geskree: "Nee!!! Dis myne!!!" Madiba se antwoord was: "This boy knows his rights..."

Ek eis wat myne is en is klaar met diplomatiese *chit-chat* daaroor.

3. Erkenning van dit wat ons níe bygedra het nie

Sou ons dit 'n antropologiese beskeidenheid noem? Hier moet 'n mens byreken, in 'n moontlik roekelose veralgemening, dat Afrika, sy Renaissance ten spyt, verwestering omhels. Ek onthou: op die grens in Angola moes ons vrede onder die plaaslike stamme aanmoedig, en hoedat 'n stamindoena my 30 beeste aangebied het toe ek aan hom demonstreer hoe hy met 'n periskoop uit ons Ratel 90 sy vrou om 'n hoek kon sien.

Kyk na die status van sokker, as jy my voorbeeld nie koop nie.

Die Afrika-Renaissance se stuurs ontkenning van kolonialisme se bydraes is huigelary. Die Afrika-Renaissance se ontkenning van ander inheemse kulture se bydraes is huigelary. Dit het alles te make met geheueverlies en kulturele minagting. Afrika-geskiedenis is *at worst* mondeling oorgedra en *at best*, deur Engelse sendelinge opgeteken. Vir elke Sol Plaatjie was daar letterlik honderde Gustav Prellers en Robert Moffats, wat met redelike akkuraatheid, nie sonder vooroordeel nie, 'n meer rasionele en betroubaarder storie van Afrika kon oordra. As jy dit aanvaar, sal jy dadelik soos ek vra hoekom Pallo Jordan nie weet van 'n wonderlike Hoëveldnag, 160 jaar gelede, waarin 4 geswore aartsvyande saam om 'n vuur kom sit en hulle solidariteit bepleit het teen die Britse koningin se anneksasie van Suider-Afrika nie. Hulle het ingesluit gesante van Silkaats (of Mzilakazi) uit die Noorde, gesante van Mshweshwe uit die Vrystaat en gesante van Mpande (Dingaan se broer en nuwe Zoeloeleier) uit Natal. En saam met wie het hulle gesit? Andries Pretorius. Om die beurt het hierdie 4 partye mekaar ondenkbare slae toegedien, maar daardie aand kon hulle rasioneel 'n gemeenskaplike wens bepleit. Niemand wil saamstem oor wat hierna gebeur het nie, maar hierdie selfde bondgenootskap van swart kapteins en plaaslike swart leiers het kom eer betoon by Grootplaats, toe Oom Andries jare later in 1853 oorlede is. As jy hierby insluit dat Andries Pretorius in sy tyd ook versoening tussen die Boere en Engelse in Natal kon bewerkstellig, kan ek rêrig nie dink hoekom jy die stad se naam eerder wou vernoem na iemand wie se enigste bydrae is dat hy eintlik net bestaan het nie.

As jou kultuur of mense nog steeds 'n Westerse politieke onbenulligheid was aan die begin van die 20ste eeu, moet jy dit kan erken. Gedurende die vroeë 1900's se mynstakings vra Jan Smuts 180 000 swart myners om liefs in die kampong te gaan wag terwyl 'n paar duisend wit base die stryd voortsit vir lone. Hier het Boer en Kommunis skouer aan skouer gewag dat Smuts se lugmag bomme oor hulle kom strooi met hul optogte in Benoni. As ek 'n 180 000 swartes was in 'n kampong en ek kon mobiliseer omdat ek nie die wittes se propaganda geglo het, dat ek naamlik polities onbeduidend was nie, het ek nie net die myn oorgeneem nie, ek sou Smuts se gat geskop en die hele Transvaal geannekseer het. Dit het nie gebeur nie, omdat hierdie vreemde sisteme, hierdie oor-die-grens-solidariteit en afwesigheid van Westerse oorlogsvernuf die meeste swart burgers polities impotent gehou het. Vandag, 'n

honderd jaar later, wys daar steeds geen vingers na die eerste nasies nie, asof bogenoemde geskiedenis, deeglik opgeteken, eenvoudig nie bestaan nie en asof daar geen waarheid in mag steek nie.

4. Afwesigheid van innuendo's van wraak

Die struggle se innuendo's van wraak, ook in sy geïnstitusionaliseerde manifestasies, sal weer poog om sekere grepe geskiedenis te herskryf en ander grepe uit te doof. Ons het nie baklei vir die spieëlkant van 'n vorige fascisme nie - waarin dit een groep behaag het om ander se stories te vermy of selfs te onderdruk nie. Ek het nie baklei vir 'n Grondwet waarvolgens ons weer kinders en mense verbied om sekere vlae te mag swaai, of hul T-hemde uit te trek sodat ons 'n lekkerder kunstefees kan hê nie. Jy dra wat jy wil en jy swaai wat jy wil, sonder om te vergeet wat eintlik van jou verwag word: buurskaplik – in die wete dat jy nie in isolasie bestaan nie.

Ek lees al 20 jaar my dinges af om slimmer te raak. Werk toe glad nie. Dit werk nie, omdat ek die eerste les misgekyk het: dat die meeste lesse om my in die lug hang – ek moet hulle net vat. Ek kry die geleentheid om Nelson Mandela se hand te skud en ek staan nog so en dink wat ek hom mee gaan vasvra, toe my driejarige seuntjie verbywals, hom trompop loop en vra: "Hoekom was jy innie tronk as jy niks gesteel het nie?!" Dit het Madiba lank kopkrap gekos voor hy geantwoord het: "I stole the freedom for my people." Ek maak sy antwoord deel van my erfenis.

Is jy bang vir die aanslag, die golf van voor, die krag van die stroom waarteen jy moet uitbeweeg om jouself as burger van Suid Afrika te herken?

Oor alleenstaan, moontlik teen die stroom op en op die aanslag af; die volgende lessie van 'n driejarige: Ek onthou hoe ek ten duurste 'n Spiderman-*paartie* vir my outjie gereël het vir sy derde verjaarsdag, met Spiderman *slippy-slides*, Spiderman-springkastele, Spiderman-kos en -klere, en 40 maatjies aangetrek soos Spiderman. Daardie oggend klim Sebastian uit die bed, slaan sy hakke in die grond en proklameer: "I'm Batman!" En hy was heeldag Batman.

Daar's 'n lessie daarin.

Ek aanvaar niemand se regulasies om my te kwalifiseer of diskwalifiseer as Afrikaner nie. Ook nie as Christen nie. Geen mensgemaakte lidmaatskap-maatreëls sal my ongemaklik laat voel oor wie ek is en wat my verhouding met my God is nie. Ek is 'n Afrikaner, want ek voel so. Baie min van my opinies oor Suid Afrika en die teologie word gunstig ervaar deur die deursnee-Afrikaner, en dit skeel my nie 'n duit nie. *Ek is 'n Afrikaner, want ek voel so*, en as daar nou *10 Zoeloes* hier instap omdat hulle ook skielik voel dat hulle Afrikaners is, blerriewil welkom, kyk of ek skrik vir 10 Zoeloes wat Madumbies wil verruil vir Boerewors, en kry vir julle.

By my pleidooi vir die behoud van die Afrikaner-erfenis vra ek dan weer dat ander Suid Afrikaners *ons* erfenis by hulle s'n sal aanlas, en ek vra almal daarbuite - Zoeloe, Duitser, Venda en San, bring joune na my toe, en ek maak haar myne. Ek vra vir die behoud van alle straat- en dorpsname, alle geskiedkundige verwysings, maar ek vra dat u my sal dronkslaan met die aanlas van nuwe name en nuwe feite, sodat die Suid-Afrikaanse erfenis my Afrikaner-erfenis sal aanvul sodat ons ryker as ooit mag wees.

Dankie.

Hoekom sê almal dieselfde ding?

'WAT ONS WIL HÊ, IS 'N DEMOKRASIE MET HUISEIENAARSKAP EN AANDEELEIENAARSKAP.' DERTIG JAAR GELEDE SOU DIT TYDENS DIE KONFERENSIESEISOEN VAN POLITIEKE PARTYE GLASHELDER GEWEES HET DAT DIT 'N TORY-SLAGSPREUK IS – OM VIR DIE INDIVIDU OP TE KOM, 'N ONDERNEMERSKULTUUR IN TEENSTELLING MET DIE ARBEIDERSPARTY WAT WELSYNSAFHANKLIK IS, BELASTINGS OPLÊ EN GELD UITGEE. VANDAG IS DIT GEEN VERRASSING NIE DAT DIT DIE NUWE ARBEIDERS SE MINISTER VAN FINANSIES, GORDON BROWN, WAS WAT VORENDAG GEKOM HET MET WAT NOU 'N CLICHÉ GEWORD HET.

Deur Margaret Legum*

Hoekom? Hoekom het die breë politieke beleide en oogmerke van Thatcher se Nuwe Tories die alledaagse taal van alle partye in Europa geword? Sommige sal sê dit is omdat daardie beleide so goed gewerk het dat selfs voormalige opponente binne daardie raamwerk moes funksioneer. Wat die huidige Tories op hulle tande laat kners terwyl die Nuwe Arbeiders húlle klere aantrek.

Die waarheid is egter dat daardie beleide nóg in die ekonomiese, nóg in die politieke sfeer gewerk het. Elke land in Europa beleef 'n verswakkende, dikwels statiese, groei in BBP en toenemende werkloosheid, groeiende laer klasse van vervreemde mense, vroeë of aktiewe samelewingsgeweld, toenemende geeste-siektes en gesinsmisdaad. Elke Europese regering sit op die punt van sy stoel en kyk na trae resultate uit verskillende marksektore, terwyl hy desperaat wens hy kon sê hy vaar "minder swak" as sy bure. En dit is die beste wat enigeen kan sê.

En polities vertoon die een kieserskorps na die ander stuurs gebelgdheid. Voorheen aktiewe politieke partye kwyn. Veertig persent van die Britte het nie in die jongste verkiesing gestem nie, wat beteken dat Blair se regering in die kussings is met vriendelike vergunning van 25 persent van die kiesers. Europeërs wat referendums oor die EU gehad het, het dit afgewys, terwyl die Britse regering nie eers 'n referendum binne die afsienbare toekoms gaan aanbied nie. Duitse kiesers wat moes kies tussen die status quo en 'n meer ekstreme vorm daarvan het die demokrasie lamgelê.

Dit is dus moeilik om te sien hoe 30 jaar van die heersende beleide juis beskryf kan word as so geslaagd dat die kiesers nie voor enige ander beleid gestel kan word nie. Dit is waar dat sommige, en veral die finansiële sektor, besonder goed gevaar het, maar ander het baie beslis nié. Hoekom ontwikkel hulle nie nuwe politieke bewegings om alternatiewe te verteenwoordig nie?

Die sukses van die finansiële sektor gee 'n aanduiding van die subtiele verandering in die ou slagspreuk, sowel as van die redes waarom die kern van politieke beleide gekloon is. *'Aandeeleienaarskap'* is in die jongste tyd toegevoeg tot die strewe na die "eienaarskapsdemokrasie". Die rede is dat dit duidelik geword het dat die besit van aandele vandag die paspoort na welvaart is soos 'n werk vroeër was.

Die ware rede waarom partypolitici deesdae moeilik van mekaar onderskei kan word, is dat Thatcher dit so opgestel het. Deur die kapitaalmark te dereguleer – deur aandelekapitaal vry te stel om oor die hele wêreld die goedkoopste en makste arbeid en die laagste belasting te soek – het sy verseker dat die eerste ding wat alle politici moet doen, is om die mense met kapitaal te plesier. Kapitaal beskik oor nóg lojaliteit, nóg verbondenheid: kapitaal se enigste taak is om winste te maksimeer, sy *raison d'être*. Thatcher het dit die mag gegee om alle regerings die finansiële sektor eerste te laat plaas. Die beste ding wat die Arbeidersparty kan doen, is om daarna te streef om aandeeleienaarskap te versprei.

Nou wat is dan verkeerd met 'n florerende finansiële sektor? Niks, indien sy rykdom gebruik word om investering in werksgeleenthede en produktiewe ondernemerskap uit te brei. Die enorme groei in die finansiële sektor spruit grotendeels voort uit aktiwiteite wat nie op een van die twee gerig is nie, dit wil sê samesmeltings en verkrygings. Dit behels enorme somme geld, wat tot die BBP-syfers bydra maar niks aan die armer kant van die ekonomieë affekteer nie.

Ernst en Young se verslag vir 2004 toon korporatiewe transaksies van daardie aard ter waarde van altesaam meer as $1,5 miljoen miljoen. Uit die maatskappye wat bestudeer is, het 88% van die Europeërs en 96% van die Amerikaners samesmeltings en verkrygings beplan. "Transactions … are an ever increasing part of the way corporations do business, expand and adapt to change," sê die verslag. Dit het deel geword van korporatiewe hoofstroombedrywighede: die gespesialiseerde transaksiebeklinkingsfunksie rapporteer regstreeks aan die hoof- uitvoerende beampte.

Indië en China is natuurlik reg in die middel van daardie "transaksielens". Die verslag wys daarop dat finansiële kapitaal makliker ontplooi kan word as mensekapitaal. Kapitaal is met ander woorde ongebonde, terwyl mense staties is. En die papierwaarde wat toegevoeg word, wek die illusie van 'n toename in rykdom.

* *Gemeenskapsekonoom en skrywer van* It doesn't have to be like this! A new economy for South Africa and the world *(Kenilworth, Kaapstad: Ampersand Press, 2002)*

Wat dit alles beteken, is dat baie van die sukses waarop die huidige politieke ekonomie aanspraak maak, eintlik kulkunsgedrag in die finansiële sektor is wat nie tot in die regte lewe strek waar mense werk kry, betaal word, huise koop en kinders grootmaak nie. Dit beteken dat die aanspraak dat die Thatcheristiese politieke ekonomie nou universeel is omdat dit vir almal gewerk het, eenvoudig nie waar is nie. Dit verklaar egter waarom die Suid-Afrikaanse regering, soos andere wat radikale wortels het, so min speelruimte het.

Dit kan net in ’n tranedal eindig. As mense se gebelgdheid oor bepaalde beleide nie ’n doeltreffende uitlaatklep in politieke alternatiewe kry nie, sal dit wel elders ’n uitlaatklep kry. Vir demokrasieë is dit gevaarlik. Dit lei tot oënskynlik geregverdigde staatsgeweld. En dit is ’n bose kringloop.

Vandeesmaand se hoofartikel in

LE MONDE *diplomatique*

Beheer oor die internet

Deur Ignacio Ramonet*

Na die eerste Wêreldberaad oor die Inligtingsamelewing, wat in Desember 2003 in Genève plaasgevind het (1), is Tunisië vanaf 16 tot 18 November op versoek van die VN en soos georganiseer deur die Internasionale Telekommunikasie-unie (ITU), die gasheer van 'n tweede wêreldberaad met die soeklig op die vraag hoe meer demokratiese beheer op die internet toegepas kan word.

Die internet is 'n Amerikaanse uitvinding uit die era van die Koue Oorlog. Destyds was die Pentagon op soek na 'n kommunikasiestelsel wat 'n kernaanval kan weerstaan, asook politieke en militêre leiers wat so 'n aanval oorleef in staat te stel om om onderlinge kontak te herstel ten einde 'n teenaanval te loods. Terwyl hy nog 'n student in Los Angeles was, het Vinton Cerf met 'n span navorsers deur openbare geld befonds die instrumente van 'n rewolusionêre nuwe kommunikasiemodus uitgevind. Dit was egter gereserveer vir 'n klein minderheid van akademici, militêre lui en ander ingewydes.

Later, in 1989, het die fisici, Tim Berners-Lee en Robert Cailliau, wat as navorsers verbonde was aan die Europese Sentrum vir Kernnavorsing (ESKN), 'n hiperteksstelsel uitgewerk en die wêreldwye web uitgevind, wat die verspreiding van inligting en die groter publiek se toegang tot die internet sou begunstig, asook die internet se formidabele, duiselingwekkende uitbreiding.

Sedert 1998 word die wêreldnetwerk bestuur deur die Internet Corporation for Assigned Names and Numbers (ICANN), 'n niewinsgewende, privaatreg-organisasie gebaseer in Los Angeles, onderhewig aan die Kaliforniese reg en onder beheer van die Amerikaanse Departement van Handel. Hy steun op 'n tegniese netwerk bestaande uit dertien kragtige rekenaars – sogenaamde "grondbedieners" – gesetel in die VSA (vier in Kalifornië en ses naby Washington), Europa (Stockholm en Londen) en Japan (Tokio).

ICANN se hooffunksie is die koördinering van domeinname (Domeinnaamstelsel, DNS), wat gebruikers help om op die web te seil. Elke rekenaar wat aan die internet verbind is het sy eie, unieke adres, oftewel IP-adres (IP staan vir internetprotokol). Hierdie IP-adresse is oorspronklik moeilik memoriseerbare reekse syfers, maar die DNS maak dit moontlik om in die plek van die syfers meer bekende letters en woorde te gebruik (die domeinnaam). Byvoorbeeld, in plaas daarvan om 'n reeks syfers te tik, tik 'n mens www.monde-diplomatique.fr. Die DNS skakel die domeinnaam om in die reeks syfers wat met die IP-adres ooreenstem, en dit verbind dan die rekenaar aan die verlangde webwerf. Die DNS bemoontlik ook die gladde funksionering van e-pos. Dit alles op planetêre vlak en teen 'n ultravinnige spoed.

In sy eie woorde is ICANN se "missie om die operasionele stabiliteit van die internet te verseker, mededinging te bevorder, wêreldverteenwoordiging van internetkommunikasie te verseker, en op konsensusbasis 'n beleid te ontwikkel wat met sy missie ooreenstem" (2).

Maar sedert 'n tyd gelede is daar nie meer konsensus nie. Die Amerikaanse houvas op die netwerk word betwis. Tydens onderhandelinge tussen die VSA en die Europese Unie (EU) gedurende September in Genève in die aanloop na Tunisië, was die EU-lidlande eenparig in hul eis om hervorming van die beheer oor die internet met die verval van ICANN se kontrak met die Amerikaanse Departement van Handel in September 2006. Die vergadering het misluk, aangesien Washington enige verandering geweier het.

Weens uiteenlopende redes het Brasilië, Sjina, Indië en Iran byvoorbeeld dieselfde sienings as Europa. Sommiges dreig selfs om hul eie nasionale webbestuursliggaam te stig, wat sal lei tot 'n rampspoedige fragmentering van die internet.

Hierdie verskil het 'n geopolitieke kant. In 'n wêreld wat al hoe meer geglobaliseerd is, waar kommunikasie 'n voorste strategiese saak geword het, en waar die niemateriële ekonomie uit sy nate bars, speel kommunikasienetwerke 'n grondliggende rol. Die beheer oor die internet verleen aan die mag wat dit uitoefen 'n beslissende strategiese voordeel, soos die beheer oor die seeroetes gedurende die 19de eeu Engeland in staat gestel het om die wêreld te oorheers.

Die hegemonie oor die internet gee in teorie aan die VSA die mag om toegang tot enige webwerwe in enige land te blokkeer. Hulle kan ook die die ganse planeet se e-posse blokkeer. Tot nou toe het hulle dit nog nooit gedoen nie. Maar hulle kan dit doen. En hierdie eenvoudige moontlikheid bekommer talle lande op die hoogste vlak (3).

Die uur het dus aangebreek om te eis dat ICANN nie langer onder die beheer van Washington staan nie en uiteindelik 'n onafhanklike liggaam van die VN word.

---

(1) Lees "Le nouvel ordre internet", *Le Monde diplomatique*, Januarie 2004.
(2) Kyk www.icann.org en www.icannwatch.org
(3) Kyk *The Guardian*, Londen, 11 Oktober 2005.

---

* *Redakteur*
** *Uit Frans vertaal deur Johann Rossouw <redakteur@vryeafrikaan.co.za>*

LE MONDE diplomatique

Teheran se eis om kernenergie

DIE INTERNASIONALE ATOOMENERGIE-AGENTSKAP (IAEA) MOET VANDEESMAAND OPNUUT PRAAT OOR DIE IRANESE KWESSIE, WAT HY MOONTLIK KAN BESLUIT OM NA DIE VN-VEILIGHEIDSRAAD TE NEEM. MAAR WAT AS DIE EINTLIKE REDE VIR AMERIKAANSE DRUK OP TEHERAN IS OM 'N WESTERSE MONOPOLIE OP ENERGIEPRODUKSIE TE SKEP?

Deur Cyrus Safdari[*]

As 'n mens die weergawes lees van die Iranese president, Mahmoed Ahmadinejad, se toespraak voor die Algemene Vergadering van die VN op 17 September 2005, kan 'n mens glo dat hy die kateder met sy skoen geslaan en geskree het: "Ons sal mekaar weer sien!" Die Amerikaanse media se dekking van hierdie toespraak was deurspek met bewerings dat mnr. Ahmadinejad "dreigend", "aggressief" en "onbuigsaam" sou wees. In die *Washington Post* het Dafna Linzer selfs beweer dat mnr. Ahmadinejad gesê het dat die Verenigde State "die verwoesting van orkaan Katrina oor hulleself gebring het" (1).

Waarom sulke behandeling? "Mens kan Iran nie vertrou nie", antwoord die kommentators wat tans in guns is, en die redaksionele blaaie en geselsprogramme van die Amerikaanse media monopoliseer: die "ontdekking" in 2002 van 'n "klandestiene uraanverrykingsprogram" sou bewys dat Teheran 'n kernwapen wil bou. Maar soos die "onthullings" van Irak se program van wapens van massavernietiging verdien hierdie stelling, wat nou die status van gemeenplasigheid verwerf het, om van nader bestudeer te word.

Laat ons onsself eerstens aan enkele tegniese gegewens herinner. Uraan word wêreldwyd in die vorm van ammoniumdiuranaat (*yellow cake*), wat 70% van die mineraal bevat, gekommersialiseer. Daarna ondergaan dit suiweringsprosesse waarmee 'n mens uraanheksafluoried (UF6) kan verkry. Iran voer hierdie omskakeling reeds uit onder die toesig van die IAEA.

Die laaste fase is die verryking van die uraan wat nodig is om 'n toereikende proporsie (3%) van die isotoop uraan 235 te verkry, wat dit moontlik maak om kernenergie te produseer. Ten einde in 'n wapen gebruik te word, moet die uraan 235 met meer as 90% verryk word. Artikel 4 van die Kernsperverdrag (KSV) omskryf die reg van lande om 'n burgerlike kernprogram te bedryf, en dus ook die reg om uraanverrykingstegnieke aan te wend.

Teheran se strewe om die hele burgerlike kernsiklus te bemeester, strek terug tot in die 1970's: destyds het Iran sy program met die samewerking van die Verenigde State en verskeie Europese lande ingestel. Die Ford-administrasie het selfs in 1974 voorgestel om regstreeks daartoe by te dra. Twee jaar na die Islamitiese Rewolusie in 1981 besluit die nuwe regering om hierdie koers vol te hou, en in 1982 kondig hy die oprigting van sy eie kerntegnologiesentrum in Isfahan aan.

Die IAEA inspekteer hierdie en ander terreine en maak selfs gereed om Iran te help om ammoniumdiuranaat in brandstof vir die reaktors om te skakel. Sy verslag bevestig dat die doel was "om by te dra tot die skepping van plaaslike vaardighede en die opleiding van die nodige personeel ten einde te voorsien in die baie ambisieuse program op die terrein van kernreaktor- en brandstofsiklustegnologie." Die IAEA het selfs 'n tegniesebystandsprogram in die vooruitsig gestel, maar dit onder druk van die Verenigde State laat vaar.

Teheran het dit egter nie daargelaat nie en dit alombekend gemaak. In 1984 kondig die Iranese radio aan dat onderhandelinge met Niger vir die aankoop van uraan byna afgehandel is, en in 1985 maak die Iranese Direkteur van Kernenergie-organisering op 'n ander radiostasie die ontdekking van uraanmyne bekend (2). 'n Woordvoerder van die IAEA bevestig in 1992 dat inspekteurs hierdie myne besoek het, en dat Iran besig is met 'n program vir die inwerkingstelling van 'n volledige kernsiklus (3). Die Iranese regering het die aankoop van tegnologie en materiaal toe met verskeie lande onderhandel, waaronder Brasilië, Rusland, Indië, Argentinië, Duitsland, Oekraïne en Spanje: weens druk van Washington het die meeste van hierdie transaksies uiteindelik op niks uitgeloop. Sjina, wat die IAEA in 1996 ingelig het oor sy voorname om 'n uraanverrykingsaanleg in Iran op te rig, onttrek hulle ook om dieselfde rede: die Iraneërs lig die IAEA in dat hulle nietemin self met die projek voortgaan.

Kortom, die Iranese pogings om die volle

---

[*] *Konsultant en navorser verbonde aan die Internasionale Instituut van Kaspiese Studies, Teheran*

[**] *Uit Frans vertaal deur Johann Rossouw <redakteur@vryeafrikaan.co.za>*

kernsiklus te bemeester was geensins so "klandestien" soos wat beweer word nie. Na Teheran se aanvaarding van 'n bykomstige protokol van die KSV (4) verklaar die IAEA dat Iran voorheen nagelaat het om "kernmateriaal, sy behandeling en benutting, asook die plek van behandeling en berging" aan te dui. Ofskoon die IAEA se vertolking deur verskeie Iraneërs betwis is, het die eersvolgende verslae erken dat Teheran "korrektiewe" stappe geneem het en dat "daar gunstige vordering met die korreksie van hierdie gebreke is". Die hangende kwessies sou binne die raamwerk van die toepassing van die verdrae onderhandel word. Die Iraneërs bevestig dat die Verenigde State se obstruksie hulle gedwing het om sekere van die nodige elemente vir die ontwikkeling van hul tegnologie in ooreenstemming met die regte wat hulle onder die KSV geniet, in die geheim te bekom.

Die Amerikaanse aanspraak dat hierdie program op die vervaardiging van kernwapens sou uitloop, was ewe min gegrond. In 1995 moes mnr. Thomas Graham, die Amerikaanse hoofonderhandelaar oor die uitbreidings van die KSV, erken dat die Verenigde State geen bewyse van die bestaan van so 'n program het nie (5). Tien jaar later is dit steeds die geval. Volgens die *New York Times* het 'n intelligensieverslag aan President Bush beklemtoon dat inligting oor Iran "nie voldoende was om 'n beslissende oordeel oor Iran se kernwapenprogram te vel nie" (6). En in weerwil van drie jaar se intensiewe navorsing onder die vaandel van die bykomstige protokol van die KSV kon die IAEA geen bewys van die bestaan van so 'n program vind nie.

Volgens Artikel 19 van die waarborgooreenkoms tussen Iran en die IAEA kan laasgenoemde die Iran-lêer aan die VN-veiligheidsraad oordra indien hy "nie in staat is om te kontroleer of daar geen wegkering van kernmateriaal … na kernwapens was nie". Maar die IAEA het self verklaar dat alle kloofbare materiaal onder beheer was en dat niks weggekeer is nie. Waarom maak sy verslag in hierdie geval daarop aanspraak dat daar "'n gebrek aan vertroue bestaan… in die feit dat die Iranese kernprogram uitsluitlik vir vreedsame gebruik is"? En waarom verklaar die IAEA dat hulle steeds nie in die posisie verkeer om te waarborg dat daar nie "onverklaarde fasiliteite" in Iran is nie, in weerwil van al sy inspeksies?

Studente van die retoriek is gewoond aan hierdie soort redenasie, wat nou 'n toepassingsveld in Irak gekry het. Die Verenigde State het in 2002 die "ontdekking" van die Iranese uraanverrykingsprogram gedramatiseer om die bewyslas om te keer: nou is dit Teheran wat moet bewys dat hy nie in die geheim kernwapens bou nie. En via 'n mediaveldtog en die inspanning van valse argumente *ad nauseam* het die Bush-administrasie die dwarsbalkie nou so hoog geskuif dat dit vir Teheran prakties onmoontlik word om die aantygings te ontken.

Iran het nietemin alles moontlik gedoen om hierdie uitdaging te bowe te kom: die instelling van 'n bykomende protokol wat indringende inspeksies bemoontlik; die opskorting van sy verrykingsprogam, ens. Telkens was daar 'n toename in eise, tot op die punt waar Teheran moes bewys dat hy nie beskik oor geheime terreine wat deur een of ander magie onsigbaar vir al die inspeksies gebly het nie, en dat hy vir eeue en eeue nie sy tegnologie in militêre tegnologie "kan" verander nie. Dit is met hierdie metodes dat die Bush-administrasie daarin geslaag het om die meerderheid van die IAEA se direkteure te oortuig om Iran in die beskuldigdebank te plaas.

Volgens die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, Condoleezza Rice, en die groep van drie Europese lande – Frankryk, die Verenigde Koninkryk en Duitsland – wat met Teheran onderhandel, moet Iran die vermoë tot uraanverryking ontneem word, ofskoon die inspekteurs van die IAEA geen bewys van 'n bewapeningsprogram kon vind nie. Waarom? Omdat hierdie tegnologie "kan" dien vir die vervaardiging van bomme. So geformuleer, is die aantyging onweerlegbaar: enige gevorderde tegnologie "kan" vir 'n militêre program gebruik word. En dit is nou al 25 jaar lank dat daar gesê word dat Teheran binne vyf jaar oor die bom sal beskik.

Om daarop aanspraak te maak dat Teheran nie die reg het om tegnologie te bekom nie op grond daarvan dat dit gebruik "kan" word om bomme te maak, druis teen die letter en gees van die KSV in, wat die grootste uitruiling van tegnologie voorsien. En dit tas die geloofwaardigheid van die inspeksiestelsel aan: tensy hy in die toekoms kan reis, sal geen inspekteur kan waarborg wat môre sal gebeur nie.

Die politieke inslag van die IAEA se houding laat geen twyfel nie, as dit vergelyk word met hul houding ten opsigte van Suid-Korea of Egipte, jarelange bondgenote van die Verenigde State. Albei lande is op heterdaad betrap: hulle het oor etlike jare geheime kerntoetse uitgevoer. Die IAEA het volstaan met 'n ligte berisping (7) en niemand het bespiegel oor die feit dat een van hierdie lande eendag 'n kernwapen "kan" maak nie, of dat hulle oor onverklaarde fasiliteite beskik nie, ten einde hulle van die regte van die KSV te stroop.

In werklikheid is die Bush-administrasie se doel nie aan nieproliferasie gekoppel nie. Die einde van die 20ste eeu het kragtige ekonomiese ontwikkeling gesien wat grootliks op die goedkoop olie van die Nabye Ooste gesteun het – olie wat regstreeks of nieregstreeks deur die imperiale moondhede beheer is. Maar die ontleders is dit eens dat die era van olie tot 'n einde kom en dat die produksiekruin reeds bereik is. Die afname van produksie sal allereers die ontwikkelende lande raak: vir 'n derde tot die helfte (driekwart in die geval van Frankryk) is 'n sekere aantal Europese lande van kernkrag afhanklik vir hul elektrisiteit, en sowel Parys as Washington belê in uraanverrykingsaanlegte. Die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk, Suid-Korea en Sjina het ambisieuse planne vir die uitbreiding van hul kernvermoëns aangekondig. Me. Rice het self erken dat ontwikkelende lande hulle tot hierdie soort energie sal moet wend (8).

Nieteenstaande sy beduidende gas- en oliereserwes is die noodsaak vir Iran om sy bronne te diversifiseer reeds in die 1970's erken, insluitend deur sekere lede van die huidige Bush-administrasie (9). Sedertdien het Iran se bevolking verdriedubbel, is sy

olieproduksie twee-derdes minder en verbruik hy 40% van sy produksie. Die Amerikaanse administrasie gee nou voor dat hulle onkundig oor hierdie werklikheid is, soos een van sy lede aan AFP te kenne gee: "Sommige van ons vra onsself af waarom hulle kernenergie nodig het. Hulle sit op 'n see van koolwaterstowwe" (10).

So vra Westerse lande dan van Irak en ander lande om hulle nasionale kernenergieproduksievermoëns te laat vaar en op bogenoemde vir energievoorsiening staat te maak. Dit sou wees soos vir Iran om die Verenigde Koninkryk te vra om sy olie-eksplorasie in die Noordsee te laat vaar ten einde slegs deur OPUL-lande voorsien te word … En so, onder die voorwendsel van nieproliferasie, bring die Verenigde State en die Europese Unie nie net die gevestigde verdrag tussen lande met en sonder kernwapens in die gedrang nie, maar probeer hulle ook die diefstal van die eeu deurvoer deur 'n klas van lande te skep wat ontneem is van dieselfde kernenergie wat hulle onder hul eie beheer bring.

Dit is waarom President Ahmadinejad voorgehou is as hardgebak en kompromisloos – wat hy by die VN voorgestel het, is eenvoudig geïgnoreer. Terwyl hy sy land se reg soos gewaarborg deur die KSV om burgerlike kernenergie deur die aanwending van plaaslik vervaardigde verrykte uraan te ontwikkel, verdedig het, het hy ook voorgestel dat die verrykingsprosesse uitgevoer word in samewerking met buitelandse private of openbare maatskappye ten einde te waarborg dat die program "deursigtig" bly en dat die verrykte uraan nie vir militêre doeleindes aangewend kan word nie. Hierdie belangrike toegewing is nie ver nie van 'n voorstel van 'n groep kundiges saamgestel deur die direkteur van die IAEA, mnr. Mohamed El-Baradei, om die risiko's van die aanwending van wettige kerntegnologie in ooreenstemming met Artikel 4 van die KSV vir ander oogmerke te bestudeer (11).

In plaas daarvan om hierdie hipotese te bespreek, hou Washington en Brussel vol met die "afforsering" van die verdrag deur 'n nuwe vertolking van Artikel 4 af te dwing wat teruggaan op die reg van ontwikkelende lande om hul eie kernbedrywe te beheer, en by name op hulle reg om die vermoë tot uraanverryking te ontwikkel. Volgens mnr. Robert Cooper, Direkteur-generaal van Eksterne Verhoudings van die Raad van die Europese Unie bestaan so 'n reg nie (12).

Wanneer 'n mens opper dat Tokio sy verrykingsprogram voortsit, werp die Amerikaanse kommentators teë dat "Iran nie Japan is nie… Japan erken sy bure, maar Iran erken nie vir Israel nie" (13). Maar van wanneer af moet die onvervreembare reg op tegnologie ondergeskik staan aan die erkenning van Israel? Dit wil sê – laat ons dit nie vergeet nie – van 'n staat wat weier om die KSV te onderteken en gereeld dreig om Iran te bombardeer?

Op 'n dag het die Amerikaanse president, Jimmy Carter, enige verwysing na die CIA-georganiseerde staatsgreep in 1953 in Iran op die Mossadegh-regering verwerp en gesê dit is "ou geskiedenis". Vir die Iraneërs is dit allesbehalwe die geval. Hulle het steeds 'n vars herinnering aan die Amerikaanse verraad. Mnr. Carter se blindheid is 'n weerspieëling van die groter blindheid van die buitelandse beleid van die Verenigde State in die aangesig van nasionalismes: hulle begryp nie dat "die ander" ook hul eie lande kan lief hê nie.

Iran is trots op sy lang geskiedenis, 'n geskiedenis vol *ressentiment* teen vreemde magte wat sy beleid aan hom probeer voorskryf het. Die kernvraagstuk het 'n nasionale vraagstuk geword – Iraneërs van alle oortuigings, pro-Westerse liberale of fundamentaliste, beskou toegang tot kerntegnologie as 'n nasionale noodsaak. Selfs al verander die regering sal die kernbeleid voortgaan soos dit na die rewolusie van 1979 voortgegaan het. Die enigste ding wat die huidige strategie van die Verenigde State in gevaar stel, is die simpatie wat hulle onder die Iranese bevolking geniet – die enigste troef waaroor hulle in hierdie land beskik. Deur Iran te probeer verneder en hom sy tegnologiese vordering te ontneem, ondermyn Washington sy eie belange.

---

(1) *The Washington Post*, 18 September 2005. Die presiese aanhaling is: "As die huidige neigings in diens van die belange van magtige, klein groepe voortduur, sal selfs die belange van burgers van die magtige lande in gevaar wees, soos ons kon sien in die onlangse krisisse, en selfs in die natuurrampe soos die onlangse tragiese orkaan."

(2) BBC Monitoring Service, Londen, 22 Januarie 1985.

(3) Associated Press, 19 Februarie 2003, en *Nuclear Engineering International*, 31 Maart 2003, www.nei-magazine.com

(4) Die bykomende protokol voorsien meer indringende inspeksies van die IAEA.

(5) "Iran has 'no program to produce fissile material', US envoy says", *Nucleonics Week*, 2 Februarie 1995, www.platts.com/Nuclear/Newsletters%20&%20Reports/Nucleonics%20Week/

(6) *The New York Times*, 9 Maart 2005.

(7) *Bulletin of the Atomic Scientists*, Jan-Feb.2005, vol.61, no.1, Mont Morris, Illinois, www.thebulletin.org/article.php?art_ofn=jf05kang

(8) *Financial Times*, Londen, 19 September 2005.

(9) *Washington Post*, 27 Maart 2005.

(10) AFP, 13 September 2005.

(11) Bruno Pellaud, "Nuclear fuel cycle: which way forward for multilateral approaches?", IAEA Bulletin Online, vol.46, no.2, 2004, www.iaea.org/Publications/Magazines/Bulletin/Bull462/nuclear_fcycle.html

(12) "There is no such right", *Financial Times*, 7 September 2005.

(13) George Perkovich, "For Tehran, nuclear program is a matter of national pride", *YaleGlobal*, 21 Maart 2005, http://yaleglobal.yale.edu/display.article?id=5448

LE MONDE diplomatique

Nommerpas rekeningkunde vir aandeelhouers

Wat agter die nuwe norme skuil

ANDERS AS WAT DIT LYK, IS REKENINGKUNDE BY UITSTEK 'N POLITIEKE AANGELEENTHEID, OMDAT DIT DIE BEELD WAT ONS VAN 'N ONDERNEMING EN DIE BREË SAMELEWING HET, WEERSPIEËL. MAAR DIE EUROPESE UNIE HET SY NUWE REKENINGKUNDIGE NORME, WAT OP ALLE GENOTEERDE ONDERNEMINGS BETREKKING HET, IN FEITE GESUBKONTRAKTEER AAN 'N PRIVATE INTERNASIONALE ORGANISASIE ONDER AMERIKAANSE INVLOED. DIE DOEL HIERVAN IS OM MEER SPEELRUIMTE AAN AANDEELHOUERS TE GEE.

Deur Jacques Richard[*]

Die afgelope tyd lok die rekenwese die belangstelling van 'n groeiende kring kenners van buite hierdie vakgebied. Hoewel Werner Sombart in 1916 reeds die belangrikheid daarvan onderstreep het ("Dit is 'n voorwaarde sine qua non vir die kapitalisme"(1)), het rekeningkunde, wat dikwels as bloot 'n stowwerige, oninteressante tegniek afgemaak is, die geslote terrein van beskeie, stywe boekhouers in hul afgesonderde hoekies gebly.

Die Enron-skandaal het alles verander. Eensklaps besef die wêreld van ekonome die omvang van die kwaadaardige invloed wat hierdie dissipline op die fondamente van die kapitalistiese stelsel kan hê (2); dagblaaie stel intens belang in die aanneem van nuwe rekeningkundige norme; ons sien selfs 'n staatshoof die pen opneem om die gevaar uit te wys wat die Europese Unie hulle laat haas om sekere van hierdie norme te aanvaar (3)! Vreemd genoeg relegeer die skielike aura rondom die rekeningkunde die hoofspelers in hierdie "tragedie" tot feitlike stilswye: die rekenmeesters laat die verhoog aan die ekonome en die joernaliste oor.

In breë trekke kan die oorheersende slagkreet, soos dié van amptelike instellings van die rekenwese, as volg opgesom word: die rekenmeesters het "gefouteer" met Enron, maar die nuwe rekeningkundige norme van die International Accounting Standard Board (IASB (4)) is daar om die probleme wat deur dié skandaal geskep is, op te los. Die tempel van die nuwe rekeningkundige wysheid wat die IASB daarstel, word des te aanskouliker en aantrekliker gemaak deur die welsprekende preke van sy hoëpriesters: wie kan in beginsel die noodsaaklikheid ontken van "goeie" beginsels, 'n skatting na "billike waarde" en "beter ekonomiese inligting", in pas met die werklikhede van die moderne wêreld? Hierdie mooi woorde is egter 'n rookskerm.

Deur te praat van 'n nuwe era in rekenwese danksy die inbring van *boekhoubeginsels* grens reeds aan manipulasie: 'n mens kan byvoorbeeld beswaarlik beweer dat die Amerikaanse rekenwese vóór Enron sonder beginsels was; die VSA was 'n dryfkrag en voorloper in die ontwikkeling van konseptuele raamwerke wat 'n belangrike plek gegee het aan basiese beginsels soos "historiese koste" (potensiële waardevermeerdering word nie opgeteken nie; verkope moet afgehandel wees voordat hulle aangedui mag word), en "omsigtigheid" (die potensiële waardevermindering van 'n bate word opgeteken sodra dit bekend is). Die probleem in die VSA is nie die afwesigheid van sulke beginsels nie, maar die feit dat hulle nie toegepas word nie, of "aangepas" word deur toegeeflike regulasies wat maatskappye se belange bevoordeel.

Bowendien is die stelling dat 'n lys van beginsels voldoende is om "billike" boekhouding te verseker, 'n manier om stof in die oë te gooi. Soos die geskiedenis ons gewys het, het daar in Groot-Brittanje, die land wat hom beroem het op 'n rekeningkunde wat op die befaamde beginsel van 'n "getroue beeld" en elementêre reëls gegrond is, inteendeel 'n rekeningkundige praktyk hoogty gevier wat niks te make had met rekeningkundige "wetenskap" nie en wat uit en uit gemik was op die manipulering van resultate, onder die vaandel van die einste "getroue beeld". So is sekere bates wat normaalweg afskryfbaar is, van aandelekapitaal afgetrek om die boekstawing van waardevermindering te vermy. In werklikheid, soos met enige regshandeling, moet goeie beginsels saamhang

---

[*] *Professor aan die Universiteit van Parys-Dauphine, skrywer van* Système comptable français et normes IFRS, *Parys: Dunod, 2005.*

[**] *Uit Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois <sonyavs@yahoo.com>*

met presiese, toereikende regulasies. Om meer en meer beweegruimte aan aandeelhouers en bestuurders te gee, met boekhouding wat sogenaamd op "beginsels" gebaseer is, soos wat die IASB doen, voorspel niks goeds nie.

Soos die gewilde gesegde lui, as jy 'n hond wil slaan, kry jy maklik 'n stok. Die aanklagte teen die "ou" rekeningkundige beginsels wat dan nie in staat sou wees om die risiko's van moderne finansiële instrumente die hoof te bied nie, is 'n uitstekende voorbeeld hiervan. In die vorige eeu is die beginsel van historiese koste geassosieer met dié van omsigtigheid, waarvolgens 'n maatskappy rekening moes hou met alle moontlike waardeverminderings (waar bates se markwaarde laer is as hulle koste), en alle waarskynlike risiko's. Vandag (maar vir hoe lank nog?) bepaal die Duitse en Franse handelsreg steeds dat tradisionele reëls in hooftrekke nagekom moet word.

Hierdie historiese terugblik wys dat die eertydse rekeningkunde van historiese koste met alle risiko's, *in beginsel*, rekening hou. Enige bewerings oor die tradisionele stelsel se "onvermoë" om nuwe finansiële risiko's te weerspieël, is totaal ongegrond: die omsigtigheidsbeginsel, indien dit gerespekteer word, maak dit nie alleen moontlik om risiko's in berekening te bring nie, maar maak dit as 't ware verpligtend deur die boekstawing van moontlike skulde wat verband hou met laste! Maar, sou 'n mens kon sê, waarom in die praktyk dan is die verliesrisiko's in sekere spekulatiewe operasies in die meeste lande nie geboekstaaf nie? Bloot omdat maatskappye en hulle ouditeure (5) druk op die skeppers van rekeningkundige norme uitgeoefen het om 'n toenemende aantal elemente te laat deurglip in die toepassing van die tradisionele streng omsigtigheidsbeginsel; dit is waarom risiko's geassosieer met termynaankope, wat spekulatief is, nie in berekening gebring is nie, onder die valse voorwendsel dat geen bedrag tydens die ondertekening van termynkontrakte bestee is nie!

Wat in werklikheid die mooipraters van die nuwe "billike waarde"-beginsel dwars in die krop steek, is dat daar in die huidige rekeningkundige praktyk slegs moontlike verliese geboekstaaf word – en nie moontlike winste nie. Die fout met die historiesekostebeginsel is nie dat dit die doeltreffende weergawe van risiko's in die wiele ry nie, maar dat dit te veel omsigtigheid verg: hierdie "goeie" beginsel, wat op so 'n pragmatiese wyse gepoog het om ondernemers se inherente optimisme te beteuel, is deels geneutraliseer, voordat sy finale lot beklink is, deur 'n uitkalwing wat dekades gelede begin het: nou moet dit ten alle koste die nek ingeslaan word om plek te maak vir "moderniteit"; baie is op die spel.

Neem byvoorbeeld 'n aandeelhouermaatskappy: met aandele A wat met 100 op die beurs gedaal het en aandele B wat weer met 150 gestyg het; volgens die ou omsigtigheidsbeginsel, moet 'n verlies van 100 bereken word (potensiële winste word nie opgeteken nie) terwyl die nuwe beginsel van "billike waarde" 'n wins van 50 kan aandui. Dus meer wat uitgekeer kan word.

Rekeningkundige praktyk staan dus op die vooraand van 'n rewolusie, indien die billikewaardebeginsel algemeen aanvaar en toegepas word. Dit sal nie die eerste keer wees nie. Sedert die middel van die 19de eeu was daar reeds twee rewolusies waarna 'n mens moet kyk om die aard en omvang van die jongste paradigmaskuif na waarde te kan skat.

Rondom 1860 kry regsgeleerdes en bankiers wat na skuldeisers se belange omsien, dit reg om 'n rekeningkundige begrip af te dwing wat die beginsel van laagste koste of markwaarde streng op alle bates van toepassing maak: 'n mens kan dit beskou as die eerste fase van rekeningkundige kapitalisme. Maar hierdie konsep wek aandeelhouers se beskermers tot toorn, omdat dit onder meer "dramatiese" gevolge inhou vir bates wat geen (of 'n geringe) waardevermeerdering op enige mark het, en verhinder dat dividende by die aanvang van beleggings uitgekeer word: dit is hierdie beginsel wat bepaal dat navorsings- of ontwikkelingskoste (wat natuurlik geen aktiewe mark het nie), vinnig afgeskryf moet word.

Na jare van hewige stryd en onder die druk van aandeelhouers sien 'n mens deur die loop van die 20ste eeu 'n nuwe konsep ontwikkel wat probeer keer dat die "reël van laagste koste of markwaarde" toegepas word op bates wat oor die langtermyn belê word: dié sal eerder gewaardeer word volgens hulle "afskrywingskoste", met ander woorde, hul waardevermindering sal na gelang van hul bruikbare lewensduur bereken word, sonder om hulle markskommelinge in berekening te bring waar laasgenoemde laer is; danksy hierdie vernuwing kan gereelder dividende uitgekeer word, en boonop vanaf die begin van 'n beleggingsiklus: dit is rekeningkundige kapitalisme se tweede fase. In die voorafgaande voorbeeld sal die koste van navorsing en gespesialiseerde toerusting dus oor die hele duur van die beleggingsiklus versprei word, in plaas daarvan dat dit plotseling aan die begin van so 'n siklus afgeskryf word.

Maar vandag, op 'n tydstip dat reuse samesmeltings aan die plaasvind is, met gevolglik enorme massas kapitaal wat vergoed moet word, waar bestuurspanne en aandeelhouers met toenemende haas en eise die toneel oorheers, is hierdie tweede fase uitgedien. Vandaar 'n drievoudige blink plan: daar moet gesorg word dat 'n toenemende hoeveelheid bates, hoofsaaklik ontasbaar en finansieel, glad nie geamortiseer word nie; daar moet toegelaat word dat potensiële winste geboekstaaf word; waardevermeerderings moet volgens hul "billike waarde" bereken word, met ander woorde volgens toekomstige waardevermeerdering wat deur eksterne waardeerders bereken word, gebaseer op hulle beraming van toekomstige verkope, sonder enige direkte verwysing na markwaarde. Dit is die derde fase van rekeningkundige kapitalisme, die fase van huidige skatting of die "aktuariële fase" (6).

Die meeste tekste wat oor internasionale norme handel, wil hierdie vernuwings voorhou as verbeterings op die vorige stelsel se tekortkominge – "tekortkominge" wat geensins spruit uit 'n onvermoë om die risiko's van kapitalistiese bestuur in ag te neem en met sy vertonings tred te hou nie, maar eerder uit 'n

ongeskiktheid om bestuurslede en aandeelhouers se groeiende aptyt te bevredig.

Om in sy doelwitte te slaag, moet die nuwe rekeningkundige kapitalisme korte mette maak met die oorblyfsels van die twee "voorvaderlike" boekhoubeginsels: dié van afgeskryfde koste en dié van omsigtigheid. Die beginsel van die stelselmatige afskrywing (of vermindering) van koste is reeds die nek ingeslaan in die geval van sekere ontasbare bates, soos *goodwill* of klandisiewaarde (die somtotaal van potensiële winste wat die maatskappy se verkoper van die koper verhaal) en handelsmerke, wat nou geag word 'n "onbepaalde" lewensduur te hê wat slegs by geleentheid van waarde verminder. Op makro-ekonomiese vlak verkry die kapitalisme só 'n hoër (fiktiewe) winsgewendheid, selfs al sou 'n mens die waardevermindering van enkele sukkelende groepe kon uitlig.

Sover dit die omsigtigheidsbeginsel aangaan, figureer dit wel binne die nuwe Amerikaanse beginselraamwerke sowel as dié van die IASB, maar in 'n gedokterde vorm. Dit dui nie meer op die verpligting om potensiële verliese op te skryf en potensiële winste weg te laat nie, maar bloot op die reël dat "die oordeel van waardasies met 'n sekere mate van voorsorg gepaard moet gaan"; die weg is dus berei vir 'n onomsigtigheidsbeginsel!

Die redes vir die verskyning van "billike waarde" blyk dus heelwat komplekser as wat die amptelike weergawe ons wil laat glo. Beteken dit noodwendig groter beheer oor bestuur en beter inligting aan aandeelhouers? Dit is gladnie so seker nie. In talle gevalle is die gedagte van billike waarde in werklikheid 'n "ekspertwaarde", gebaseer op beramings van toekomstige verkope. Selfs waar objektiewe markwaardes gebruik mag word, gee dit aan besture groter vryheid in die uitkeer van dividende, aangesien hulle ruimskoots meevallers kan uitdeel bloot op die basis van winsverwagtinge! Dit is moeilik om te glo dat die kontrole oor bestuur hierdeur verskerp sal word.

Wat aandeelhouers betref, kan 'n mens jou afvra wat beter rekeningkundige inligting mag beteken. Dit sal duidelik naïef wees om te dink dat verbetering teweeggebring sal word bloot deur die aandelepryse weer te gee: hoe kan die rekeningkundige herhaling van gegewens wat reeds op die Beurs bekend is, tot beter inligting lei?

In werklikheid is die eintlike rede agter die paradigmaskuif 'n kwessie van dividende. Ligsinnig gestel, is huidige aandeelhouers en hul bestuurders nie geïnteresseerd in meer inligting nie, maar in meer geld oor die kort termyn, en dit is by hierdie eis dat die rekenwese 'n sleutelrol speel. Die inlywing in die rekeningkunde van die "billike huidige waarde" – 'n waarde wat vir twee eeue lank die onderwerp van debat was en deurgaans verwerp is – hou vir hulle drie fundamentele voordele in: dit regverdig potensiële waardevermeerderings wat op blote skatting berus; dit maak dit moontlik, deur die metode van huidige waardebepaling, om uitkeerbare winste oor die hele duur van die beleggingsiklus te versprei, terwyl hulle onder die vorige beginsels teruggehou is tot die einde van die siklus of van werklike verkope afhanklik was; dit skep die moontlikheid om totaal fiktiewe winste te toon indien die vereiste waardeverminderings "vergeet" word.

Klandisiewaarde van 1000 euro wat vir 'n tydperk van 20 jaar verkry is, is dus aan die begin van die vorige eeu as 1000 euro se verliese tydens die eerste jare van die beleggingsiklus geboekstaaf, en aan die einde van dieselfde eeu as 50 euro se bestendige verliese; vandag sal dit tot die opskryf van verliese lei slegs indien die bestuur en ouditeure dit nodig ag in die lig van die (swak) toekomstige vertonings van die betrokke maatskappy. Dit kan selfs beteken dat dié belegging nooit in terme van verliese bereken word voordat daar 'n finale ineenstorting plaasvind nie!

Verseker word "billikewaarde"-skattings in twyfel getrek, is dit op hierdie tydstip slegs op 'n beperkte aantal bates gemik, en kan dit soms betrekking hê op 'n sekere soort rekeningkunde wat nie direk vir die uitkering van winste dien nie; maar die saak duur voort, en as hierdie soort waardasie algemene praktyk word, sou 'n mens kon sê dat rekeningkundige kapitalisme sy finale fase bereik het!

Sodanige evolusie is nie blote toeval nie en gebeur nie, soos wat die IASB te kenne wil gee, binne 'n eteriese wêreld wat beheer word deur 'n groepie neutrale beroepslui, gedrewe deur hul pligsgevoel om goed te doen ter wille van die algemene heil nie. Soos Bernard Collase beklemtoon (7), skuil daar agter die retoriek oor onafhanklikheid, bevoegdheid en neutraliteit 'n gans ander werklikheid. Die mooi ewewig van magte op trusteevlak is totaal misleidend; in der waarheid is dit die bestuurstyl van die aandelemark wat voorrang geniet. Tien uit die veertien direksielede van die IASB kom uit die Engelstalige wêreld; die lede uit ander lande is gewoonlik sorgvuldig gekies uit beroepslui wat by groot Engelstalige ouditeursfirmas gewerk het en op dieselfde golflengte is as die eerste tien. Hierdie soort organisasie neem gewoonlik nie kampvegters van die Duitse medebestuursmodel of vakbondverteenwoordigers in sy geledere op nie!

Die IASB beroem hom daarop dat hy die algemene internasionale rekeningkundige stelsel wil bou deur 'n "samevoeging" van bestaande stelsels. In werklikheid wil hy dit feitlik geheel en al in lyn bring met die Amerikaanse model. Sy konsepsuele raamwerk is 'n replika van sy Amerikaanse eweknie: huidige waarde geniet voorrang. Toe die VSA besluit het om die beginsel van stelselmatige amortisering van klandisiewaarde te laat vaar, het die IASB inderhaas sy "ouboet" se voorbeeld gevolg. Hy het ook na Washington se pype gedans toe laasgenoemde "billike waarde" tot die nuwe wondermiddel verklaar het.

Die IASB is 'n duur organisasie wat nie van veel nut is nie: dit sou ekonomies gesproke meer sin maak om sy norme met Amerikaanse norme te vervang. Maar dié liggaam speel 'n sielkundige "fasiliterings"-rol omdat dit sommiges help om die Amerikaanse pil te sluk deur hulleself te oortuig dat dit 'n internasionale pil is. Anders as wat mag voorkom, is die organisasie nie baie demokraties nie. Met sy outoritêre besluite het hy dit reggekry om hom Europese banke en versekeringsmaatskappye se gramskap op die hals te

haal: totaal ongeesdriftig oor die Angel-Saksiese bestuurstyl, is hulle uiters besorgd oor die onbestendigheid van resultate wat hierdie "billike waarde" meebring. Dit is nog te vroeg om te weet of die Europese weerstand enige impak sal hê. In die geheel wek die prysgee van die waardes van omsigtigheid, tegeldemaking en stelselmatige amortisering van bates nie die verontwaardiging van industriële maatskappye en wetsinstansies van die Europese rekenwese, insluitend rekenmeesters nie.

Die Europese Unie het sonder meer sy eie rekeningkundige beleid prysgegee en kant gekies met die IASB, 'n private organisme wat trou sweer (prakties, indien dan nie regtens nie) aan die Amerikaners. Hy kon 'n gemoderniseerde "kontinentale" weergawe voorgestel het van die tradisionele rekeningkunde, wat die "betrokke partye" se langtermynbelange op die hart sou dra as basis vir 'n toekomstige internasionale rekeningkunde. Maar hy het nie eens probeer nie. Sommige banke en versekeraars se stryd teen sekere aspekte van die IASB se norme is prysenswaardig, maar kom te laat om die fiasko te stuit, en die deur na 'n Texas-bestuurstyl staan nou wyd oop.

Die nuwe rekeningkundige model is maar een uit 'n reeks beginsels wat spruit uit die "Enron"-filosofie. Dit is eerstens daarop gemik om die ophoping van kapitaal in die hand te werk deur weg te doen met die verpligting om sekere bates wat tydens samesmelting na vore kom, te amortiseer. So skep dit ook die moontlikheid om rykdom en winsgewendheid kunsmatig te verhoog, op beide 'n mikro- en makro-ekonomiese skaal. Buiten die vroeër en vrygewiger uitkering van dividende, moedig dit ook korttermynbestuur aan, omdat die gebruik van waardasietegnieke wat op die huidigewaarde-metode gebaseer is, nie bestuurders aanspoor om hulle in projekte met langtermyndoelwitte te begewe nie. Dit laat ons taamlik ver van die lofwaardige verklarings oor "volhoubare ontwikkeling". Dit maak kontrole ook moeiliker en duurder. Aandeelhouers, ouditeure, rekenmeesters en finansiële bestuurders, verenig – op enkele uitsonderings na – in 'n heilige alliansie om hulle fundamentele belange te beskerm, en juig ongetwyfeld oor hierdie ontwikkeling wat die beskerming van skuldeisers en werknemers op die altaar lê.

Ons is ver van die tyd, in 1861, toe die staatsaanklaer Dupin, 'n vurige voorstander van die omsigtigheidsbeginsel, gesê het: "Ons keer nie verwagtings uit nie, maar ecus!" Ná afloop van drie rewolusies is die rekeningkundige kapitalisme op pad om die klimaks te smaak, tensy 'n paar "pretbederwers" hulle stem laat hoor. Maar laasgenoemdes se taak word des te moeiliker gemaak deur die uiters magtige "paar", bestaande uit die VSA en die IASB. Nie alleen sy politieke en finansiële basis, maar ook sy propaganda is vlytig opgeskerp: die herhaalde gebruik van sterk begrippe soos "billike waarde" of "ekonomiese inligting", die stelselmatige en eensydige swartsmeerdery van "regs"-rekeningkunde (die opperste belediging) en die "verouderde bestuurstyl" van die "ou Europa", grens aan 'n ideologiese opvyseling wat moeilik weerstaan kan word. Maar vir dié wat regtig wil, is dit steeds moontlik om, soos iemand wat 'n palimpses skrap, onder die eufemismes van kastige "beter inligting", die gierige werklikheid van dividendemaaiery raak te sien!

---

(1) *Der moderne Kapitalismus* deel II, Dunckler & Humblot, Berlyn: 1969, p.118,1916.

(2) Lees Aglietta en Rebérioux, *Dérives du capitalisme financier*, Parys: Albin Michel, 2004. Dominique Plihon, " Rentabilité et risque dans le nouveau régime de croissance ", Parys: Commissariat Général du Plan, 2002. Joseph E. Stiglitz, " Quand le capitalisme perd la tête ", Parys: Fayard ,2003.

(3) Brief van Jacques Chirac aan Romano Prodi, gedateer 4 Julie 2003.

(4) 'n Private organisasie wat in Londen gesetel is, en wat in 1973 gestig is deur 'n venoot in 'n groot Engelstalige ouditeursfirma om boekhouding op wêreldskaal te harmoniseer deur middel van norme wat aan state voorgelê is. Die VSA het dit nie aanvaar nie, hoewel hulle die inspirasie daaragter was.

(5) Persone belas met die oudit van maatskappyrekeninge.

(6) Jacques Richard, " Fair value, le troisième stade du capitalisme comptable ? Le cas de la France ", in *Analyses et documents économiques* n° 95 (pp. 75-81) en n° 96 (pp. 43-47), Cahiers du Centre Confédéral d'Etudes économiques et sociales de la CGT, 2004 ; " The concept of fair value in French and German accounting regulations from 1673 to 1914 and its consequences for the interpretation of the stages of development of capitalist accounting ", *Critical Perspectives on Accounting*, word uitgegee in 2005.

(7) "De la résistible ascension de l'IASC/IASB", *Gérer et comprendre*, n°75, Maart 2004, Parys, pp. 30-40.

LE MONDE diplomatique

Tony Blair se Afrikamaskers

Die Kommissie vir Afrika se skynstryd teen armoede

IN REAKSIE OP DIE TOESTROMING VAN IMMIGRANTE UIT AFRIKA NA DIE SPAANSE ENKLAWES VAN CEUTA EN MELILLA IN MAROKKO HET DIE EUROPESE UNIE 'N "STRATEGIE VIR AFRIKA" VOORGESTEL. HIERDIE PLAN VORM DEEL VAN 'N LANG REEKS INISIATIEWE, WAARONDER DIE AD HOC-KOMMISSIE ONDER VOORSITTERSKAP VAN MNR. BLAIR IN 2005. OFSKOON DIE VOORSTELLE VAN DIE BRITSE PREMIER DIE AFGELOPE JULIE DEUR DIE G8 OORGENEEM IS, DUI HULLE NOG OP GEEN EKONOMIESE BELEIDSVERANDERING NIE.

Deur Demba Moussa Dembélé*

Maak armoede in Afrika iets van die verlede, danksy 'n "moderne Marshall-plan": dit was die doelwit wat die G8 vir hulleself gestel het tydens hul Spitsberaad in Gleneagles (Skotland) van 6 tot 8 Julie 2005. Geen moeite is ontsien in die opvoer van hierdie draaipunt-vertoning nie. Britse premier Tony Blair, gasheer van die Beraad, het selfs die musikante Bob Geldof en Bono se hulp ingeroep om reuse bewusmakingskonserte te hou.

Sodanige bohaai is geen nuutjie nie: ná die loodsing van die Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling (Nepad) (1) in 2001, het soortgelyke diskoerse opgevlam. Die G8-lande het selfs 'n aksieplan vir Afrika in 2002 by die Kananaskis-beraad (Kanada) aanvaar – 'n plan wat vir alle praktiese doeleindes 'n dooie letter gebly het. Hoe dit ook al mag voorkom, bly die Gleneagles-inisiatief uiters ortodoks, en die opeenhoping van sulke operasies bewys eerstens die Noordelike halfrond se begeerte om steeds die reëls vir die debat oor ontwikkeling te dikteer, al is hul voorskrifte ook 'n kennelike mislukking (2).

Vir etlike jare reeds doen mnr. Blair hom voor as voorvegter in die "stryd teen armoede" in Afrika. In hierdie gees rig hy dan ook in 2004 'n Kommissie vir Afrika op, waarvan die verslag in Februarie 2005 onder die titel "Ons gemeenskaplike belang" as basis vir die G8 se werk sou dien (3). Met die Britse premier as voorsitter, sluit dié kommissie sewentien vooraanstaande persoonlikhede in, waaronder die direkteur-generaal van die Internasionale Monetêre Fonds, Michel Camdessus, die Tanzaniese president, Benjamin Mkapa, die Suid-Afrikaanse minister van finansies, Trevor Manuel, die Ethiopiese eerste minister, Meles Zenawi, en ... mnr. Bob Geldof.

Ná enkele hol frases – in die trant van "Armoede en stagnasie in Afrika is die grootste tragedies van ons tyd" – poog die Kommissie se verslag om die vasteland se ellende te verklaar as 'n "komplekse" geheel van politieke, strukturele, omgewings- en menslike faktore. Alle ander aspekte – konflikte, afhanklikheid vir stapelvoedsel, swak landbouproduktiwiteit, agteruitgang van die onderwys- en gesondheidstelsels, buitelandse skuldlas, kapitaaluitvloei, agteruitgang van wisselkoerse, uitvloei van kundigheid, ens. – speel klaarblyklik 'n bloot sekondêre rol.

Hierdie analise herhaal die gebruiklike gemeenplase wat deur Westerse "kenners", hulle Afrika-lakeie en multilaterale instellings geformuleer word. Eksterne faktore word byvoorbeeld afgeskaal: die rol van die internasionale milieu (aftakeling van wisselkoerse en uitvloei van kapitaal) word slegs tegnies en gedeeltelik ontleed. Geen melding word gemaak van die magsverhoudings wat internasionale betrekkinge kenmerk en wat die Noordelike halfrond se oorheersing van multilaterale, bevelgewende liggame verklaar nie.

Die verslag ignoreer in besonder die rol wat die Wêreldbank en die IMF se strukturele aanpassingsprogramme speel in die vasteland se ekonomiese en maatskaplike agteruitgang (4). Dit verwys beswaarlik na die koloniale nalatenskap, ondanks dié se impak op die "balkanisering" van die vasteland. Alle skuld vir "wanbestuur" word voor die Afrikane se deur gelê, waardeur die gevolge van die neokoloniale stelsel wat ná onafhanklikwording opgerig is, geriefsonthalwe verswyg word.

Daarenteen dui die kritiek op die ontstaan van buitelandse skuld op 'n effense wysiging van die diskoers. Die verslag erken inderdaad dat "skuld hoofsaaklik aangegaan is deur diktators wat hulleself verryk het uit die olie, diamante en ander bronne van hulle lande en wat, tydens die koue oorlog, die

* *Ekonoom, Dakar, Senegal*
** *Uit Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois <sonyavs@yahoo.com>*

ondersteuning geniet het van lande wat vandag die terugbetaling van die skuld ontvang. Talle van hierdie diktators het miljarde dollars deurgebring ... met die hulp van ontwikkelde lande se finansiële stelsels."

Ten einde die vasteland se verarming teen te werk, formuleer die verslag vyf klassieke aanbevelings: die instelling van "effektiewe bestuur", die herstel van vrede en veiligheid, die ontwikkeling van menslike hulpbronne, die versnelling van ekonomiese groei, en die ontwikkeling van uitvoere. Hiervoor beveel dit aan dat jaarlikse hulp verdubbel word, om dit teen 2010 op 25 miljard dollar te staan te bring. Op daardie tydstip sal 'n bestekopname gedoen word, en as dit bevredigend is, mag daar dalk 'n tweede jaarlikse som van 25 miljard dollar vanaf 2011 tot 2015 toegestaan word.

In die afwesigheid van grondliggende veranderings in die skep en implementering van sodanige hulp lyk die doeltreffendheid van dié maatreël maar twyfelagtig. Volgens die Britse vereniging Action Aid, herwin "skenker"-lande 90% van die hulpbedrae deur die aankoop van goedere of skulddelging (5). Daarbenewens – soos wat verskeie studies en verslae toon – strek dié hulp in die verlede en vandag nog tot skenkerlande se eie ekonomiese, politieke en strategiese voordeel (6). Boonop neig die meeste van die voorwaardes wat aan dié onderskraging gekoppel word (liberalisering van die ekonomie, deelname aan globalisering ...) om enige voordeel daarvan te neutraliseer, soos wat die Blair-kommissie dan ook erken.

Die Verenigde Koninkryk stel voor dat hierdie hulpverhoging befonds word deur bedrae wat op finansiële markte gehef word deur die instelling van die Internasionale Finansieringsfasiliteit (IFF). Elke bydraende land moet voorneem om oor 'n tydperk van vyftien jaar 'n sekere bedrag in die IFF te stort, in ruil vir versterkte ekonomiese verbintenisse met die begunstigde lande. Die finansiële vloei van ontwikkelingshulp sal sodoende voorsienbaar en stabiel bly. Die IFF sal ook onmiddellik hierdie hulp op internasionale kapitaalmarkte kan hef ten einde dit in die arm lande se guns te kan aanwend. Hoe dit ook al sy, hierdie meganisme versterk die ekonomiese voorwaardes wat reeds swaar op lande in die Suidelike halfrond weeg. En deur op ontwikkeling te konsentreer, skuif die IFF die hervorming van die handelstelsel of die skep van algemene openbare eiendom op die lange baan (7). Die Verenigde Koninkryk stel voor dat ander weë ondersoek word, byvoorbeeld die instel van belasting op vervoer soos wat Frankryk aan die hand gedoen het.

Benewens die verhoging van hulp, beveel die G8 aan dat sekere lande van 100% van hul skuld onthef word, as deel van die Inisiatief om arm lande se oorweldigende skuldlas te verlig. Maar dié ontheffing raak slegs 18 uit die 62 lande wat die Verenigde Nasies uitgesonder het binne die raamwerk van sy millennium-doelwitte vir ontwikkeling (MDO) en strek oor veertig jaar. Dit is waarom Eurodad, 'n Brussel-gebaseerde koalisie van Europese verenigings wat veg teen armoede, meen dat die werklike waarde van die kwytskeldings 17 miljard dollar sal wees eerder as 40 miljard (8). Bowendien staan elke dollar van hierdie skuldverligting gelyk aan een dollar minder aan hulp. Die G8 se besluit lyk dus ver van voldoende, gemeet aan die millenniumdoelwitte (9).

Maar die belangrikste voorwaarde vir skuldverligting is die versnelling van liberaliserings- en privatiseringsbeleid. Die grootste deel van die hulpbronne wat vir ontwikkeling aangewend word, is veronderstel om uit die privaat sektor te kom – vandaar die klem wat op "effektiewe bestuur" gelê word, wat gunstige toestande vir buitelandse beleggings moet skep. In antwoord op een van die Blair-kommissie se aanbevelings onderstreep die G8 dat "privaat onderneming die vernaamste dryfveer vir groei en ontwikkeling" is. Nie 'n woord word gerep oor die staat se rol in die herverdeling van rykdom, toegang tot noodsaaklike kommoditeite en dienste soos water of elektrisiteit, en die stryd teen ongelykhede nie.

Uit hierdie oogpunt gesien, moet Afrikalande hulle handelsbeleid nog meer liberaliseer deur te steun op die G8, die Wêreldbank en die IMF om te bou aan "die fisiese, menslike en institusionele vermoëns wat nodig is vir handel, insluitend die fasiliteringsmaatreëls" daarvoor. Hierdie voorskrifte herinner aan dié wat vyf-en-twintig jaar gelede deur multilaterale instellings en borge neergelê is, en waarvan die Christian Aid-vereniging die uiters hoë maatskaplike en ekonomiese koste bereken het (verlies aan werksgeleenthede, ondergang van klein sakeondernemings, ens.): sedert 1985 het die liberalisering van die handel byvoorbeeld 'n verlies van 270 miljard dollar vir Afrikalande beteken.

Die G8 vermy sorgvuldig die vraag van landbousubsidies in ryk lande, wat nietemin deels 'n verklaring vir die armoede in Afrikalande bied. In 2002 byvoorbeeld, het die massiewe subsidies wat die VSA aan hulle 25 000 katoenprodusente toegestaan het, die wêreldmarkprys van katoen met 25% laat daal, en tot bykans 300 miljoen dollar se verlies aan uitvoer gelei in Benin, Burkina Faso en Mali, wat almal onder die mees agtergeblewe lande tel. Nietemin maak die Blair-kommissie die waarneming dat 'n 1% toename in uitvoere uit Afrika hul jaarlikse waarde op 70 miljard dollar te staan sal bring, wat vier keer meer is as die bedrag van openbare ontwikkelingshulp.

Een van die oorspronklike aspekte, indien nie die enigste nie, van die Kommissie vir Afrika se verslag, en wat netjies deur die G8 geïgnoreer word, is die beroep wat gedoen word op die repatriëring van fondse wat ondemokratiese regerings by Afrikavolke geroof en in ontwikkelde lande geplaas het. Volgens die verslag beloop hierdie fondse meer as die helfte van die vasteland se totale buitelandse skuld, oftewel honderde miljarde dollar. Die Blair-regering se implementering van hierdie maatreël sal inderdaad 'n toets vir die Britse premier se opregtheid wees, in sy rol as "voorvegter in die stryd teen armoede" in Afrika.

In werklikheid is die G8 se verklaarde begeerte om armoede te beveg, 'n dekmantel vir ekonomiese oogmerke en geostrategiese oorwegings. Die beheer oor Afrika se enorme natuurlike hulpbronne kan inderdaad 'n aansienlike voordeel wees in die ekonomiese oorlog waarin Westerse lande gewikkel is. Soos die Blair-

kommissie ons laat verstaan, "in die mate waarin die wêreld sal verander en ontwikkel, is dit waarskynlik dat Afrika se reuse natuurlike hulpbronne lewensnoodsaaklik vir die wêreld se welvaart sal bly". Die VSA het reeds, onder die voorwendsel van hul stryd teen terrorisme, onderneem om Afrikalande met olierykdomme te "beveilig".

Terselfdertyd versterk Washington en die Europese Unie hul handels- en ekonomiese druk op die kontinent. In 2000 skep Washington 'n instrument wat hom in staat stel om Afrika-ekonomieë binne te dring: die African Growth and Opportunity Act (AGOA), wat daarop gemik is om alle beperkings – doeane en ander – op Amerikaanse produkte op te hef. Op sy beurt wil die Europese Unie "vryhandel"-ooreenkomste aan Afrika opdring, onder die benaming "ekonomiese venootskapsooreenkomste" (EVO). (10)

Maar die VSA en die Verenigde Koninkryk begryp ook dat 'n "armoedige" Afrika, met state in bankrotskap, 'n vrugbare teelaarde of skuilplek vir terroristegroepe is. Een van die aanstigters van die mislukte aanvalle op 21 Julie 2005 in Londen is byvoorbeeld in Zambië in hegtenis geneem. Mnr. George W. Bush, aangehaal in die Blair-kommissie se verslag, verdoesel nie hierdie besorgdheid nie: "Voortdurende armoede en verdrukking kan lei tot 'n gevoel van onmag en wanhoop. En wanneer regerings nie meer in hul burgers se mees basiese behoeftes voorsien nie, kan hierdie mislukte state toevlugsoorde vir terroriste word..."

Ondanks die media-bohaai en die verwagtinge wat vóór die G8-beraad aangevuur is, het laasgenoemde op 'n mislukking uitgeloop. En met rede: hoe kan armoede iets van die verlede gemaak word, sonder om ook 'n einde te maak aan die beleidsrigtings en instansies wat armoede in die wêreld skep en versprei?

---

(1) Lees Tom Amadou Seck, "Leurres du Nouveau partenariat économique pour l'Afrique", *Le Monde diplomatique*, November 2004.
(2) Lees *L'intervention du FMI et de la Banque mondiale en Afrique. De l'échec des programmes d'ajustement au fiasco de l'initiative PPTE*, International South Group network, Quezon (Filippyne), Junie 2005.
(3) Lees Commission for Africa, *Our common interest*, Februarie 2005: www.commissionforafrica.org.
(4) Lees *The economics of failure: the real costs of "free" trade for poor countries. A Christian Aid briefing paper*, Londen, Junie 2005: www.christianaid.org.uk.
(5) Lees *Real Aid: An Agenda for Making Aid Work*, Mei 2005: www.actionaid.org.uk.
(6) Lees David Sogge, "Une nécessaire réforme de l'aide internationale", *Le Monde diplomatique,* September 2004.
(7) www.hcci.gouv.fr/lecture/fiches/fi07.html#32.
(8) Lees *Devilish details: Implications of the G7 debt deal.* Eurodad-verslag aan NRO's, Brussel, 14 Junie 2005, www.eurodad.org.
(9) Nasionale ontwikkelingsamewerkingsentrum, "Ce qu'il faut faire comprendre de la décision du G8", Brussel, 30 Julie 2005.
(10) Lees Raoul-Marc Jennar, "Die ooreenkomste wat Brussel op Afrika afdwing", *Die Vrye Afrikaan*-Intussen saam met *Le Monde diplomatique,* 11 Februarie 2005, http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=131.

Die Vrye Afrikaan (www.vryeafrikaan.co.za) word uitgegee deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK). Dit verskyn elke derde Vrydag van die maand, met inbegrip van die Afrikaanse mini-uitgawe van *Le Monde diplomatique*. Intekening kos R30 per maand vir die papieruitgawe, en R20 per maand vir die elektroniese uitgawe. Rig korrespondensie aan *Die Vrye Afrikaan*, Posbus 675, DURBANVILLE, 7551 of aan redakteur@vryeafrikaan.co.za.

Redakteur: Johann Rossouw, skrywer en spesialis in die filosofie van die tegniek, navorsings- en kommunikasiebeampte van die FAK.

Redaksionele raad:
Hennie de Wet, besturende direkteur van die FAK en voorheen hoofonderwyskundige van die Gauteng Onderwysdepartement
Pieter Duvenage, besoekende professor in filosofie aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth en skrywer van onder meer *Habermas and Aesthetics*
Hermann Giliomee, buitengewone professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en skrywer van onder meer *Die Afrikaners*
Danie Goosen, mede-professor in godsdienswetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, voorsitter van die FAK en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Roland Henwood, lektor in politieke wetenskap aan die Universiteit van Pretoria, ondervoorsitter van die FAK en mederedakteur van *Hydropolitics in the Developing World: A Southern African Perspective*
Kallie Kriel, verantwoordelik vir Solidariteit se Gemeenskapsalliansie en mederedakteur van *Struggle Rugby*
Lawrence Schlemmer, direkteur van die Helen Suzman-stigting asook Markdata en mederedakteur van onder meer *Kruispad*
Marinus Schoeman, senior lektor in filosofie aan die Universiteit van Pretoria en skrywer van *Generositeit en Lewenskuns: Grondtrekke van 'n post-Nietzscheaanse etiek*

Redaksie:
Elirea Bornman, mede-professor in kommunikasiewetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, spesialis in kwessies van etniese en maatskaplike identiteit
Carel (iv) Boshoff, gemeenskapsaktivis van Orania en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Francois Bredenkamp, navorsingsdirekteur van die Garankua-kampus van die Tshwane University of Technology, spesialis in Middeleeuse Bisantynse politiek en vertaler van Markus Aurelius se *Bepeinsinge*
Ampie Coetzee, emeritus-professor in Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en skrywer van onder meer 'n *Hele os vir 'n ou broodmes*
Heilna du Plooy, professor in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde op die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-universiteit en skrywer van onder meer die digbundel *In die landskap ingelyf*
Amanda du Preez, senior-lektor in beeldende kunste aan die Universiteit van Pretoria en mederedakteur van *South African Visual Culture*
Deon Geldenhuys, professor in politieke studies aan die Universiteit van Johannesburg en skrywer van onder meer *Internasionale Isolasie: Suid-Afrika in vergelykende perspektief*
Koos Malan, mede-professor in regte aan die Universiteit van Pretoria en spesialis in regsfilosofie, staatsreg en minderheidsvraagstukke
John Miles, skrywer van *Die Buiteveld* en etlike ander romans
Desmond Painter, lektor in sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en spesialis in maatskaplike en kulturele sielkunde
Hans Pienaar, digter, dramaturg en joernalis verbonde aan die Independent-groep
Dioné Prinsloo, senior-lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika en spesialis in die geskiedenis van vroue in Suid-Afrika in die 20ste eeu, asook Afrikaanse kultuur

Redaksiesekretaresse: Sarie Marais, 012-326-8646, <faklede@mweb.co.za>
Taalversorger: Susan Roets <sroets@surething.co.za>
Uitlegredakteur: Hermien Brits <kbrits@mweb.co.za>
Grafiese kunstenaar: Elsabe van Niekerk <elsabe27@gmail.com>